22. Liturgies

22.1 RAPPORT VAN DIE DEPUTATE LITURGIESE SAKE (Artt 59, 60, 199, 220)

TTTTT. Dr EJ Smit lewer die Rapport met die versoek dat die verwerking van Sondag 20 geskrap moet word en nie deur die Sinode beoordeel word nie.

UUUUU. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na Kommissie Liturgiese Sake 1.

VVVVV. Ds JP van der Walt lewer die Meerderheidsrapport van die Kommissie Liturgiese Sake 1.

WWWWW. Ds SJMS Smit lewer die Minderheidsrapport van die Kommissie Liturgiese Sake 1.

XXXXX. **RAPPORT**

1. Oorsig van opdragte (verwysings is na punte en bladsye in Handelinge 2006)

Tydens Sinode 2006 is die volgende opdragte aan die Deputate Liturgiese Sake gegee:

1.1 *Meer verbruikersvriendelike numerering van die Psalms*

p609:4.1.3

Opdrag 5: nommering en indeksering/rubrisering van Skrifberymings: Na deeglike studie en besinning het die Deputate besluit om die nommering en rubrisering van die Skrifberymings te volg soos dit tans in die nuwe Psalmboek is. Die opdragte om die "huidige nommering" (van die swart Psalmboek dus) te behou, nuwes bloot met opeenvolgende nommers aan die einde by te voeg, om b-berymings ook aan die einde by te voeg met eie nommers en om Skrifberymings in rubrieke te groepeer, kon nie so uitgevoer word om 'n ordelike geheel daar te stel nie. Die Deputate is oortuig dat die huidige praktyk die doelstellings die beste dien.

Besluit: 'n Staking van stemme vind plaas. Die aanbeveling verval en die besluit van 2003 staan dus.

1.2 *Keuring van nuwe Belydenisliedere*

p613:4.6

"4.6.1 Die beoordeling van ingestuurde Belydenisliedere is 'n voortdurende proses waarmee 'n Subkommissie van die Deputate besig is. Moontlike ander berymings (of Belydenisliedere) van wyle dr AGS Venter word tans afgerond en finaal beoordeel.

4.6.2 Finale Rapport en aanbevelings hieroor sal in die Aanvullende Rapport ter tafel gelê word.

***Besluit: Kennis geneem.**"*

1.3 *Nuwe Messiaanse weergawe van Psalm 110*

p739:1.6.2

Vanuit die hele gesprek in die Kommissie met die beoordeling van die Beswaarskrif (van die Gereformeerde Kerk Pretoria-Rooiwal teen die aanbeveling van die 2001-omdigting van Psalm 110 deur Sinode 2003) het dit duidelik geword dat daar 'n sterk behoefte bestaan aan 'n Messiaanse duiding van Psalm 110, selfs sterker as in die 1936-beryming. In die Gereformeerde wêreld bestaan voorbeelde van sodanige berymings waar Christus uitdruklik in Psalm 110 aangedui word. Sodanige duiding was buite die opdrag ten opsigte van die 2001-omdigting. Daarom word die volgende aanbeveel:

1.6.2.1 Die Deputate Liturgiese Sake stel ondersoek in na die moontlike daarstelling van''n geskikte Skrifberyming van Psalm 110 waarin die Messias uitdruklik aangedui word

1.6.2.2 Die Deputate Liturgiese Sake hou sodanige Skrifberyming aan die volgende Sinode voor

Besluit: Goedgekeur.

1.4 *Voetnote by Messiaanse Psalms*

p745:2

Dat op die volgende wyse aan die Beskrywingspunt gevolg gegee word:

2.1 Die te benoeme Deputate vir Liturgiese Sake hersien die formulerings van die bestaande voetnote in lyn met die besluit van Handelinge 2003:642 met oorweging van die motiverings van die Beskrywingspunt.

2.2 Al die tekste uit die Psalms wat in die Nuwe Testament aangehaal is, met 'n direkte verbinding aan Christus, word met voetnote aangedui.

***Besluit: Goedgekeur**.*

1.5 *Riglyne vir ordereëlings wanneer 'n ouderling of ander voorganger die erediens lei*
p748:2

Daar word op die volgende wyse aan die Beskrywingspunt gevolg gegee:

1.2 Aan die te benoeme Deputate vir Liturgiese Sake word opgedra om 'n studie te doen oor die volgende sake:

1.2.1 Riglyne saam te stel vir die voorganger in die eredienste wat in lyn is met die besluite van 1985 en 1997 t.o.v. die liturgie, met inagname van vorige besluite t.o.v. leesdienste.

1.2.2 Om die Sinode te adviseer oor die volgende sake: afbid van die seën aan die begin van die erediens, bevestiging van diensknegte, hantering en aflegging van Geloofsbelydenis, gebruik van oudiovisuele hulpmiddels, ens.

Besluit: Goedgekeur.

1.6 *Keuring van nuwe Skrifberymings*

Benewens bogenoemde opdragte van Sinode 2006, is daar ook 'n staande opdrag aan die Deputate om nuwe Skrifberymings wat ontvang word, te beoordeel en 'n aanbeveling daaroor aan die Sinode te maak (kyk Handelinge 1994:538-539).

1.7 *Samevattende oorsig oor opdragte aan die Deputate Liturgiese Sake*

Die opdragte van Sinode 2006 aan die Deputate behels dus vyf sake, naamlik:

(1) Meer verbruikersvriendelike numerering van die Psalms
(2) Keuring van nuwe Belydenisliedere en Skrifberymings
(3) Nuwe Messiaanse weergawe van Psalm 110
(4) Voetnote by Messiaanse Psalms
(5) Riglyne vir ordereëlings wanneer 'n ouderling of ander voorganger die erediens lei.

Besluit: Kennis geneem van 1.1 tot 1.7.

2. Uitvoering van die opdrag

2.1 *Meer verbruikersvriendelike numerering van die Psalms*

2.1.1 Numerering van die Psalms

2.1.1.1 *Sake waarvan die Sinode moet kennis neem*

2.1.1.1.1 Die huidige numereringstelsel waarvolgens die Psalms van die 2003-Psalmboek gerangskik is, is nie verbruikersvriendelik nie en maak dit moeilik om te gebruik.

2.1.1.1.2 Die huidige numereringstelsel (asook die afspraak dat nie verwys sal word na die "Totius-" of "Cloete"-weergawe van 'n Psalm nie – kyk Handelinge 2003:640, 3.2.1), het tot gevolg dat die betrokke bladsynommer waarop dit voorkom, as verwysing gebruik word wanneer 'n bepaalde Psalm gesing word. Die bladsynommers is egter relatief klein gedruk, omdat die spasie op elke bladsy beperk is. Die gevolg hiervan is dat dit veral vir ouer lidmate redelik moeilik is om die betrokke weergawe van 'n bepaalde Psalm op te soek. Daar ontstaan veral verwarring in gevalle waar daar meer as twee weergawes van 'n bepaalde Psalm in die Psalmboek opgeneem is (bv. die vier weergawes van Ps 23).

2.1.1.2 *Sake waaroor die Sinode moet besluit*

2.1.1.2.1 Die Deputate beveel aan dat die Psalms genommer word as volg:

Ps 23-1
Ps 23-2
Ps 23-3
Ps 23-4

Motivering:

(a) met hierdie wyse van numerering is dit nie nodig om klein gedrukte bladsynommers op te soek nie
(b) verwarring oor die betrokke Psalm wat gesing word, kan grootliks uitgeskakel word

(c) aanduidings kan sonder veel implikasies vir die setwerk by die bestaande opskrifte van die Psalms bygevoeg word

2.1.2 Numering van die Skrifberymings

2.1.2.1 *Sake waarvan die Sinode moet kennis neem*

2.1.2.1.1 By Sinode 2006 was daar 'n staking van stemme m.b.t. die kwessie van die numerering van die Skrifberymings. Die implikasie van hierdie staking van stemme is dat Sinode 2003 se besluit oor die numerering van die Skrifberymings geldig bly.

2.1.2.1.2 Sinode 2003 se besluit hou in dat die numerering van die Skrifberymings by 'n herdruk van die Psalmboek gewysig sal moet word na 'n numereringstelsel waarin al die nuwe berymings wat sedert 2003 deur die Sinode goedgekeur is, bloot ná Skrifberyming 54 bygevoeg word as Skrifberymings 55, 56, 57 ens.

2.1.2.2 *Sake waaroor die Sinode moet besluit*

2.1.2.2.1 Ten spyte van bogenoemde beveel die Deputate nogtans aan dat die huidige stelsel van numerering en rubrisering van die Skrifberymings (soos dit in die 2003-Psalmboek gebruik word) behoue bly.

Motivering:

(a) Die koste-implikasies van 'n alternatiewe numereringstelsel is geweldig hoog

(b) Die huidige numereringstelsel maak dit moontlik om huidige en toekomstige nuwe goedgekeurde Skrifberymings sinvol volgens rubrieke in te deel en bymekaar te groepeer

(c) Hierdie wyse van rubrisering is in pas met wat Totius self gedoen het met die 1939-Skrifberymings, en met wat tans wêreldwyd die praktyk is.

Besluit: Die volgende Ordevoorstel is goedgekeur:

a. Die saak oor numerering/rubrisering word nie verder bespreek nie.

b. Die saak word verwys na die te benoeme Deputate.

c. Insette van die kerke moet verkry word.

d. Die te benoeme Deputate ontvang die mandaat om die saak af te handel.

2.2 *Keuring van nuwe Belydenisliedere en Skrifberymings*

2.2.1 Sake waarvan die Sinode kennis moet neem

2.2.1.1 'n Aantal nuwe Belydenisliedere en Skrifberymings is ontvang en beoordeel

2.2.1.2 Die kriteria wat Sinode 1994 (kyk Handelinge 1994:538-539) en Sinode 1955 (kyk Handelinge 1955:65) daargestel het, is gebruik om die liedere te beoordeel.

2.2.1.3 Terugkoppeling oor die beoordeling van die Deputate is aan elke betrokke berymer/omdigter gegee, of aan die naasbestaandes van berymers/omdigters wat reeds oorlede is.

2.2.1.4 Moontlike ander Belydenisliedere en Skrifberymings word tans afgerond en finaal beoordeel. Indien dit aanbeveel kan word vir gebruik in eredienste van die GKSA, sal dit in die Aanvullende Rapport van die Deputate Liturgiese Sake ter tafel gelê word.

Besluit: Kennis geneem van 2.2.1.1 tot 2.2.1.4.

2.2.2 Sake waaroor die Sinode moet besluit

2.2.2.1 Die volgende **Belydenisliedere** word deur die Deputate aanbeveel vir gebruik in eredienste van die GKSA:

Troos vir lewe en sterwe **Dr AGS Venter**

Omdigting van Heidelbergse Kategismus, Sondag 1 (vr/antw 1)

Melodie: Ps 145

1.
Troos my tog, Heer, in lewe en in dood,
want uit myself kom ek nie uit die nood.
U het my siel en liggaam losgekoop,
daarom rig ek op Christus al my hoop.

2.
Met bloed so kosbaar het Hy vol betaal,
Hy het my uit die duisternis kom haal.
Die Here sorg, Hy weet van elke haar,

in elke krisis weet ek: Hy is daar!

3.
In alles is die Here goed vir my!
Ook word ek altyd deur sy Gees gelei:
hier waar ek lewe, wil ek Jesus eer,
wanneer ek sterf, dan leef ek by die Heer.

Besluit: Goedgekeur.

Jesus, ons Verlosser **Dr AGS Venter**
Omdigting van Heidelbergse Kategismus, Sondag 11 (vr/antw 29)
Melodie: Gesang 183 ("Heilige Jesus, Heer van die Here ...")

Jesus, Verlosser,
Seun van ons Vader,
van al my sondes maak U my vry.
U Naam is enig,
U leef vir ewig,
U het gesterf, o Heer, vir my.

Besluit: Goedgekeur.

Krag in brood en wyn **Dr AGS Venter**
Omdigting van Heidelbergse Kategismus, Sondag 28 (vr/antw 75)
Melodie: Ps 119 (1936-beryming, tweede melodie)

1.
Uit u woorde weet ons, Here,
dat die brood en wyn ons voed.
Ons moet dink by hierdie maaltyd
aan u liggaam en u bloed.
U belofte is die offer
wat U gee om my te red.
Ek sien tekens voor my oë
en ontvang dit in gebed.

2.
Heer, u liggaam is gekruisig
en u bloed het U gestort.
U versterk my gees vir ewig,
U bepaal wat van my word.
Ek ontvang die brood en beker
as die tekens van u trou.
Ek sal sing want ek weet seker
dat u liefde my omvou.

Besluit: Goedgekeur.

2.2.2.2 Die volgende **Skrifberymings** word deur die Deputate aanbeveel vir gebruik in eredienste van die GKSA:

Wat eers vir my 'n bate was **Dr AP van der Colf**
Beryming van Filippense 3:7-12 [A-3]
Melodie: Lied 396

1.
Wat eers vir my 'n bate was
beskou ek nou as net 'n las.

Dis niks teen wat ek alles wen
om Christus as my Heer te ken.

2.
Omdat ek glo, is ek vergeef
en vrygespreek om te kan leef.
Niks kon ek doen – maar deur die Gees
laat God my een met Christus wees.

3.
Mag ek al meer, as God se kind,
die krag van Christus ondervind –
die krag wat my uit lyding, nood
met Hom laat opstaan uit die dood.

4.
Ek span my in om te verkry
wat Christus vir my voorberei.
Ek gee myself, my hele saak,
aan Hom wat my sy eie maak.

Besluit: Goedgekeur.

Ek is die ware wingerdstok **Dr AP van der Colf**
Beryming van Johannes 15:1-8
Melodie: Lied 275 "O God van Jakob, deur u hand ..."
Alternatiewe melodie: Ps 20 (Cloete omdigting)

1.
Ek is die ware wingerdstok;
my Vader gee die groei.
Die lote wat nie vrugte dra
word deur Hom weggesnoei.

2.
Maar elke loot met vrugte aan
dié sny Hy skoon en reg.
So dra die loot al beter vrug,
en bly die eenheid heg.

3.
Ek is die ware wingerdstok;
elkeen van jul 'n loot.
Wie in My bly, en Ek in hom,
sy oes is vol en groot.

4.
Bly jul in My, my woord in jul,
kan jul My alles vra –
my Vader word verheerlik waar
jul volop vrugte dra.

5.
Ek het die Vader waarlik lief
en doen wat Hy wil hê;
ook jul sal in my liefde bly

as jul doen wat Ek sê.

6.
Dan loop jul vreugdebeker oor,
my blydskap maak jul sterk.
Kan daar ’n groter liefde wees
as wanneer vriendskap wérk?

7.
Ek noem jul vriende as jul doen
dit wat Ek jul beveel.
Dit wat Ek van die Vader hoor
het Ek jul meegedeel.

8.
Wat jul die Vader deur My vra,
sal Hy gee in sy trou.
Ek stel jul aan om vrug te dra –
die vrug van liefde hóú.

Besluit: Goedgekeur.

Verheerlik God **Dr AP van der Colf**
Beryming van 1 Petrus 1:3-9
Melodie: Ps 128 (1936-weergawe)
Alternatiewe melodie: Lied 354 “O Christus ons verlange ...”

1.
Verheerlik God, die Vader
van Christus onse Heer!
Hy laat ons saam met Jesus,
nuut leef en triomfeer.
Dit gee die hoop wat lewe,
wat vas en seker bly:
’n erfnis in die hemel
klaar vir ons voorberei.

2.
Jul gló – en jul word veilig
deur God se krag bewaar;
jul heil word teen die einde
ten volle openbaar.
In allerlei beproewing,
laat dit jul inspireer:
geloof wat eg getoets is,
is ál wat nie verweer.

3.
Geloof is veel meer kosbaar
as goud – wat sal vergaan.
Geloof word ook gesuiwer
om heerlik te kan staan.
Jul liefde vir die Here
- al bly Hy ongesien –
jul blydskap, onuitspreeklik,
het Hy vir jul verdien.

Besluit: Word nie goedgekeur nie.

2.3 *Nuwe Messiaanse weergawe van Psalm 110*

2.3.1 Sake waarvan die Sinode kennis moet neem

2.3.1.1 In opdrag van Sinode 2006 is alle gemeentes deur middel van ’n korrespondensiestuk vanaf die Administratiewe Buro, berigte in *Die Kerkblad*, asook kennisgewings op die poslys van die GKSA versoek om lidmate met die nodige gawes aan te spoor om ’n nuwe omdigting van Psalm 110 te skep, sodat die Deputate dit kan ontvang en kan beoordeel.

2.3.1.2 In bogenoemde stukke is spesifieke melding gemaak van die vereiste dat die Messias uitdruklik in sodanige beryming moet voorkom en dat die riglyne van Sinode 2003 gebruik sal word vir die beoordeling van sodanige berymings.

2.3.1.3 Sewe Skrifberymings van Psalm 110 is in reaksie hierop ontvang.

2.3.1.4 Nie een van die Skrifberymings van Psalm 110 wat ontvang is, kan vir aanbeveling aan die Sinode voorgelê word nie, omdat nie een daarvan voldoen aan die riglyne soos neergelê deur Sinode 2003 nie.

Besluit: Kennis geneem van 2.3.1.1 tot 2.3.1.4. Opdrag word aan die te benoeme Deputate gegee om nuwe omdigtings van Ps 110 (Messiaanse weergawe) in te kry vir beoordeling volgens die riglyne van die Sinode.

2.4 *Voetnote by Messiaanse Psalms*

2.4.1 Sake waarvan die Sinode kennis moet neem

2.4.1.1 Moontlike hersiening van bestaande voetnote in die 2003-Psalmboek is ondersoek, met inagneming van die riglyne vervat in Handelinge 2003:642.

2.4.1.2 Moontlike byvoeging van voetnote is ook ondersoek, ten einde te verseker dat al die tekste uit die Psalms wat in die Nuwe Testament aangehaal is, met ’n direkte verbinding aan Christus, deur middel van voetnote in die 2003-Psalmboek aangedui word.

Besluit: Kennis geneem van 2.4.1.1 en 2.4.1.2.

2.4.2 Sake waaroor die Sinode moet besluit

2.4.2.1 Die volgende hersienings van bestaande voetnote word deur die Deputate aanbeveel:

Psalm 22: 8-9, asook 22:17

Huidige bewoording van voetnoot:

“Jesus gebruik die begin van Psalm 22 (strofe 1 in beide weergawes) in Matteus 27:46 en Markus 15:34 as een van sy kruiswoorde. Psalm 22:19 (strofe 7 in die 1936-beryming en strofe 5 in die 2001-omdigting) word in Johannes 19:24 met verwysing na Jesus Christus gebruik (kyk ook Markus 15:24 en Lukas 23:34). Psalm 22:23 (strofe 9 in die 1936-beryming en strofe 6 in die 2001-omdigting) word in Hebreërs 2:12 met verwysing na Jesus Christus gebruik.”

Aanbeveling: wysig die bewoording om te lees:

“*Verskillende verse van Psalm 22 word in die evangelies aangehaal in die beskrywing van die kruisgebeure, w.o. Matteus 27: 35, 39, 43, 46; Lukas 23: 33, 34, 35; Markus 15: 24, 29-30, 34 en Johannes 19: 23, 24. In Hebreërs 2:12 word ook ’n aanhaling uit Psalm 22:23 (strofe 9 in die 1936-beryming en strofe 6 in die 2001-omdigting) met verwysing na Jesus Christus gebruik.”*

Motivering: In die bestaande voetnoot is die lys Nuwe-Testamentiese teksgedeeltes waarin sekere verse van Psalm 22 aangehaal word, nie volledig nie. Die bladuitleg laat egter beperkte ruimte vir voetnote en daarom kan ’n verwysing soos hierbo gebruik word.

Psalm 41:10

Huidige bewoording van voetnoot:

“Jesus gebruik Psalm 41:10 (strofe 5) in Johannes 13:18 met verwysing na Homself.”

Aanbeveling: wysig die bewoording om as volg te lees:

“*Jesus gebruik hierdie woorde van Psalm 41:10 in Johannes 13:18*.”

Motivering: Die woorde “*met verwysing na Homself*” wat tans by die betrokke voetnoot voorkom, kan verwarring skep.

Psalm 78:24

Huidige bewoording van voetnoot:

"Psalm 78:24 (strofe 9 in die 1936-beryming en strofe 7 in die 2001-omdigting) word in Johannes 6:31-32 met verwysing na Jesus Christus gebruik."

Aanbeveling: wysig die bewoording om as volg te lees:

"*Jesus gebruik Psalm 78:24 (strofe 9 in die 1936-beryming en strofe 7 in die 2001-omdigting) in Johannes 6:32 met verwysing na Homself."*

Motivering: In Johannes 6:32 is dit Jesus self wat aan die woord is en Hy pas Psalm 78:24 op Homself toe.

2.4.2.2 Na deeglike oorweging van voorstelle word op hierdie stadium geen byvoeging van voetnote deur die Deputate aanbeveel nie.

Besluit: Goedgekeur – wysiging is reeds aangebring – Deputate Handelinge.

2.5 *Riglyne vir ordereëlings wanneer 'n ouderling of ander voorganger die erediens lei*

2.5.1 Riglyne vir sogenaamde "leesdienste"

2.5.1.1 *Sake waarvan die Sinode moet kennis neem*

2.5.1.1.1 Interpretasie van die opdrag

Die Deputate het in die loop van die studie besef dat die opdrag deur die Nasionale Sinode Potchefstroom gegee is, maar dat ons na die eenwording met Sinode Middellande aan die Algemene Sinode gaan rapporteer.

Die riglyne wat ons voor die Algemene Sinode lê, gaan dus noodwendig ook van toepassing wees op kerke uit die eertydse Sinode Middellande. Benewens die besluite en gebruike van Sinode Potchefstroom oor die liturgie en spesifiek oor die leesdiens, het die Deputate dit noodsaaklik geag om ook aan dié wat in die destydse Sinode Middellande gegeld het, aandag te gee. Hierin het die Deputate gesteun op die bydraes van proff RS Letšosa (wie se proefskrif juis oor 'n relevante liturgie vir die kerke in die destydse Sinode Middellande handel) en SJ van der Merwe (wat jare lank self kerke in die ressort van die destydse Sinode Middellande bedien).

Soms het die Deputate dit nodig geag om te onderskei tussen kerke uit die destydse Sinode Potchefstroom en dié van die eertydse Sinode Middellande. In die res van die Rapport word die term Afrikataalsprekende kerke gebruik om die eiesoortige situasie en behoeftes in dié kerke onder die loep te neem wat deel van die eertydse Sinodes Middellande en Soutpansberg gevorm het. In onderskeiding van die Afrikataalsprekende kerke word verder verwys na die Afrikaanssprekende kerke.

2.5.1.1.2 *Sinodebesluite*

Sinode Middellande het nie gereeld vergader nie. Tog het daar bepaalde liturgiese gebruike in die kerke van daardie Sinode ontstaan. Die gebruike wat ontstaan het, word op toepaslike plekke in die res van die Rapport te berde gebring.

2.5.1.1.2.1 Sinode Potchefstroom

Handelinge 1894 (Handelinge, 1894:64, 170)

'n **Beskrywingspunt** dien:

Of een ouderling die in de gemeente voorgaat het recht heeft om den zegen uit te spreken.

Besluit: *De Synode beschouwt het uitspreken van den zegen te behooren tot het ambt van den leeraar, dat een ouderling zich er dus van moet onthouden.*

Handelinge 1942 (Handelinge, 1942:190, 115)

Beskrywingspunt:

Aangesien dit blyk dat daar 'n behoefte bestaan vir meer uniformiteit i.v.m. ons leesdienste, word die Generale Sinode gevra om 'n leidraad te gee oor die orde en afhandeling van leesdienste.

Besluit: *In verband met die uniformiteit van ons leesdienste adviseer die Alg. Sinode aan die Part. Sinode K.P. om aan kerkrade op te dra om as leidraad te volg die vasgestelde liturgiese orde van ons kerk (Sinode 1933) met weglating van die votum (Ps 124:8), en die uitspreek van die seën (Num 6:14-26 en 2 Kor 13:13) aan die begin en einde van die diens.*

Handelinge 1961 (Handelinge, 1961:449-452, 150)

'n **Beswaarskrif** van die Gereformeerde Kerk Vereeniging dien teen die besluit van Sinode 1942. Uittreksels uit hierdie Beswaarskrif word hieronder in **Bylae 1** weergegee. 'n Kommissierapport word ingedien, waarna die Sinode besluit:

Besluit:

2.2.3.1 "(a) Die Beswaarskrif raak die woorde 'met weglating van die votum (Ps 124:8) en die uitspreek van die seën (Num 6:14-26 en 2 Kor 13:13) aan die begin en einde, van die diens' in art 115 van Sinode 1942, wat kerkrade adviseer oor uniformiteit by leesdienste."

2.2.3.2 "(b) Die besware van die beswaarde broeder word gehandhaaf en die besluit van 1942 (art 115) word: 'In verband met uniformiteit van ons leesdienste adviseer die Algemene Sinode … om as leidraad te volg die vasgestelde liturgiese orde van die Sinode 1927 met die uitspreek van die votum (Ps 124:8) aan die begin en die afbid van die seënbede aan die einde."

Handelinge 1985 (Handelinge 1985:398-425, artt 91, 96, 209, 251)

In 'n breedvoerige Rapport oor Liturgiese Sake is daar geen verwysing na die leesdiens nie. Daar is wel 'n aanduiding dat 'n **proponent as liturg** aan die orde gekom het ten opsigte van die groetseën. Vir die doel van hierdie Rapport lê die belang daarvan daarin dat die proponent wél die Woord selfstandig bedien. Hy doen dit egter nie as lerende ouderling nie. Daar is genotuleer:

"3.2.5.3 *Aangesien u Kommissie nie hier tot 'n afgeronde aanbeveling ten opsigte van proponente kon kom nie, word aanbeveel dat dit na 'n te benoeme Studiekommissie verwys word.*

***Besluit**: Hierdie punt verval."*

Dat die leiding van 'n erediens deur 'n proponent ter sprake gekom het, is interessant in die lig daarvan dat hy, soos die ouderling of ander voorganger wat 'n leesdiens hou, slegs 'n stigtelike woord spreek (Van der Walt, 1962:8).

Opmerking:

Die Sinode het sonder motivering afgestap van die aanbeveling dat hierdie aangeleentheid na Studiedeputate verwys moet word. Die proponent is reeds akademies en kerklik geskik bevind om bedienaar van die Woord te wees en dus ook in die erediens voor te gaan. Deur voor te gaan in 'n erediens, proponeer hy met die oog op 'n beroep. Die vraag is of sy prediking steeds slegs die spreek van 'n stigtelike woord behels. Hierdie aangeleentheid val egter nie onder die opdrag van hierdie Deputate nie. Dit verdien tog na die oordeel van die Deputate verdere ondersoek.

Handelinge 1997 (Handelinge 1997:731-768, artt 85, 150, 160, 239)

2.2.5.1 Ten opsigte van die groetseën word kennis geneem van die volgende saak:

"6.3.1.2 God stuur gevolmagtigde verteenwoordigers wat sy groetseën aan die gemeente bring en afkondig. Die groetseën is gegrond in die groetseën van die Nuwe-Testamentiese briewe, waar die gevolmagtigdes dit in die Naam en op gesag van die Sender proklameer. Die groet- en wegstuurseën word in opdrag van God en namens God self op die gemeente gelê soos die woorde en die liggaamstaal met die hande getuig.

***"Besluit:** Kennis geneem van punt 6.3.1."*

2.2.5.2 Die volgende punt is ten opsigte van die wegstuurseën ter sake:

"10.2.2 Dit moet liturgies in woord en gebaar duidelik wees dat die dienaar gemagtig is om die seën van die Verbondsgod, namens Hom, op die Verbondsgemeente te lê.

***"Besluit** ten opsigte van 10.2.1–10.2.3: Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge)."*

2.5.1.1.2.2 ***Sinode Middellande***

In die opsomming van sy proefskrif stel prof RS Letšosa (2005:v) dit só met betrekking tot die destydse Sinode Middellande:

"Die liturgie is een van die belangrikste maar ook mees ondermynde aspekte van die Gereformeerde Kerke in die Middellandse Sinode. Daar is min navorsing gedoen oor die liturgie en net 'n betreklike klein aantal Kerkrade bekommer hulle oor die liturgie.

Die gevolg is dat die meeste van die kerke in die Gereformeerde Kerke in die Middellande sinkretisme, sekularisme en modernistiese tendense in die gesig staar."
Daar bestaan nie 'n liturgie vir die destydse Sinode Middellande nie. Die liturgiese besluite van Sinode Potchefstroom is meermale gebruik, sonder 'n formele besluit.
Prof RS Letšosa (2005:v, vi) sluit sy opsomming só af:
"'n Toepaslike liturgie vir die Gereformeerde Kerke in die Middellandse Sinode sal 'n dinamiese liturgie wees wat 'n interaktiewe kommunikatiewe karakter vertoon. Daar moet 'n dialoog plaasvind tussen God en Sy kinders. Die liturgis moet nie 'n individu wees wat tussen God en mens staan en die dialogiese aard van die liturgie ondermyn nie. Alle lidmate moet deelnemend wees en moet die liturgie volg. Hierdie studie beveel dus 'n vrye liturgie aan want Afrika-mense is spontaan. Hierdie liturgie moet egter gekenmerk word deur die nodige orde."

2.5.1.1.3 ***Is die leesdiens 'n erediens?***

2.5.1.1.3.1 Skrifgegewens

Die eintlike van die Nuwe-Testamentiese erediens is dat God en sy volk mekaar ontmoet in die samekoms van die verhoogde Christus en sy kerk, op die dag van Christus se opstanding: die eerste dag van die week. Waar twee of drie – die kleinste moontlike meervoud – in sy Naam met mekaar saamkom, daar is Hy in hulle midde. In die erediens is die twee partye van die verbond saam. God is die eerste. Van Hom gaan al die inisiatiewe uit. Hy roep deur sy Gees tot 'n samekoms en die twee partye ontmoet mekaar in die wederkerigheid van die liefde. Dit is op grond van die versoeningswerk van Christus moontlik. Die gemeente is daarom ook aktief: hulle mag sing, aanbid, luister en gawes gee. Dit is egter 'n antwoord-beweging. God bewerk die antwoord as Hy eerste sy volk tegemoet tree. Sy ontmoeting met die gemeente maak die ontmoeting van die gemeente met Hom en met mekaar moontlik. In kort kan die samekoms van die gemeente beskryf word as 'n drieërlei ontmoeting: 'n ontmoeting van God met sy volk en daarom 'n ontmoeting van sy volk met God en gelowiges met mekaar. Anders gestel: Dit is 'n samekoms van God in die Middelaar Jesus Christus, deur die krag van die Heilige Gees, met gelowiges, die liggaam van Christus.
Liturgie (van die Grieks *leitourgia*) dui persoonlik, huislik en gemeentelik (kerklik) op wat mense doen wanneer hulle God ontmoet, na Hom luister en Hom aanbid, godsdiens beoefen en Hom verheerlik. Dit is die opdrag van die Skrif aan die gemeente wat vandag in gemeenskap met die Here lewe. Selfs wanneer die geroepe voorganger ontbreek, bly die onus op die gemeente om liturgie te beoefen. Liturgiese orde dui die orde aan en nie die volgorde in die samekoms van die gemeente nie. Die volgorde kan 'n faset van orde wees, maar liturgiese orde is nie gelyk aan volgorde en ook nie aan formele liturgie nie. Orde sluit veral die harmonie in die handelinge van 'n spesifieke samekoms in, asook die liturgiese inhoud van die handelinge. Erediens word dikwels staties geneem, asof die "erediens" 'n program is wat begin en afgesluit word. Die dinamiese aspek van die samekoms in Gees en waarheid om te ontmoet, te gehoorsaam en met oorgawe te luister en te aanbid, kom nie altyd tot sy reg nie. Die handeling wat die gemeente as gemeente in die samekoms verrig, word in Engels met "worship" en in Duits met "Gottesdienst" uitgedruk. Die luister en aanbidding gaan in huise, in die werk- en ontspanningsplek en in die binnekamer van die gelowige voort, as uitvloeisel van die samekoms van die gemeente as volk van God.
Die Heidelbergse Kategismus stel die vereistes vir die erediens so vas: Die gemeente van God moet ywerig saamkom (met God en mekaar) om die Woord van God te hoor, die sakramente te gebruik die Here openlik aan te roep en om liefdegawes te gee.

2.5.1.1.3.2 Kerkgeskiedenis

In die eerste twee eeue is daar min gegewens. Uit dié wat wel beskikbaar is, is twee duidelike lyne sigbaar. Die lyn van die sinagogale erediens en die lyn van die instelling van die Nagmaal. Daarom was die Woorddiens en die Nagmaal die twee brandpunte wat 'n erediens gevorm het. Die gebede het 'n baie belangrike deel van

die erediens uitgemaak en daar is ook gesing. Gedurende die eerste vier eeue was daar wel ’n groet en ’n antwoord van die gemeente en ’n wegsturing van die gemeente. Tog was dit nie noodwendig onontbeerlike aspekte van die diens nie. In die vierde eeu word die sakramente, veral die mis, oorheersend en verdwyn die belangrike aspek van gemeenskap van God met sy gemeente en Christus as Middelaar in die erediens. Die ontmoeting word nou ’n ontmoeting van God met die priester en deur die priester in ’n mindere mate met die gemeente. Die gemeente word toeskouers van handelinge wat die priester verrig met sy rug na die gemeente gedraai. In die Reformasie word die erediens in sy wese herstel. Die Woorddiens, Sakramente, gebede en kerklied vorm die ruggraat van die ontmoeting. Dit word ’n ontmoeting van God in Christus deur die werk van die Heilige Gees. Die kerkordelike beginsels vir die liturgie het gefokus op die Woorddiens en sakramente, die bevestiging van ampsdraers en huweliksbevestigings en hierdie handelinge op grond van die Dordtse Kerkorde toegeken aan die geroepe en bevestigde bedienaar van die Woord. Die geskrifte van daardie tyd noem wel die gebruik van leesdienste waar die bedienaar van die Woord nie persoonlik aanwesig is nie, maar koppel die voorlesing aan die lees van ’n bevestigde bedienaar van die Woord se geskrewe preek.

2.5.1.1.3.3 Definisie van ’n erediens

’n Erediens is ’n drieërlei samekoms: ’n samekoms van God en die gemeente (waarin Hy die inisiatief neem en hulle deur sy Gees saamroep), en voortspruitend daaruit (moontlik gemaak deur God se inisiatief ’n ontmoeting van die gemeente met God en met mekaar. Hierdie ontmoeting kan ook as gemeenskapsbeoefening beskryf word. Die elemente wat in ’n erediens onontbeerlik is, is Skriflesing, prediking, Sakramente, gebede, liedere, afdra van die liefdegawe. Ander handelinge soos die Belydenis van geloof, die aanhoor van die Wet, die uitspreek (in plaas van afbid) van die seën is belangrik, maar nie in elke erediens noodsaaklik nie.

2.5.1.1.3.4 Bevinding insake Opdrag 1.2.1: riglyne vir sogenaamde “leesdienste”

Uit bogenoemde (2.5.1.1.1-2.5.1.1.3) word afgelei dat ’n sogenaamde leesdiens, waar die preek van ’n bevestigde bedienaar van die Woord gelees word, wel ’n erediens is.

Besluit: Kennis geneem van 2.5.1.1.1 tot 2.5.1.1.3.4.

2.5.1.2 Sake waaroor die Sinode moet besluit

Uit bogenoemde gegewens beveel die Deputate die volgende aan m.b.t. riglyne vir sogenaamde “leesdienste”:

2.5.1.2.1 dat die riglyne van 1985 en 1997 t.o.v. die liturgie ook vir die leesdiens geld. (Oor die groetseën en die wegstuurseën word hieronder gerapporteer.)

2.5.1.2.2 dat die Deputate Liturgiese Sake wat deur Sinode 2009 benoem word, al die fasette van die proponent as voorganger in die erediens in die lig van KO, artt 3 en 16 en die besluite van 1985 en 1997 oor die liturgie bestudeer en aan Sinode 2012 daaroor rapporteer.

Besluit: Goedgekeur.

2.5.2 ***Die situasie in die kerklike praktyk***

2.5.2.1 Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

Dit is noodsaaklik om die kerklike praktyk tov eredienste in Afrikaanssprekende kerke op die plattelandse voorpos en ook in die Afrikataal-sprekende gemeenskappe onder die loep te neem, aangesien die sogenaamde leesdienste veral in hierdie kerke in gebruik is.

In Bylae 2 word ’n beeld gegee van die praktiese omstandighede waarin eredienste gehou word. Hieronder volg ’n skets van die kerklike praktyk t.o.v. leesdienste met samevattende opmerkings uit Bylae 2.

2.5.2.1.1 Weerstand teen leesdienste

Daar bestaan ’n weerstand teen die sogenaamde leesdiens in beide Afrikaans- en in Afrikataalsprekende kerke. Vele gelowiges beskou dit selfs nie as ’n erediens nie. ’n Veel kleiner persentasie as gewoonlik neem aan leesdienste deel.

2.5.2.1.2 In Afrikaanssprekende kerke op die plattelandse voorpos

’n Bedienaar van die Woord gaan in selfs drie tot vier eredienste op ’n Sondag voor. Tussen eredienste word honderde kilometers tussen verskillende eredienspunte afgelê.

Leesdienste is op verskeie eredienspunte aan die orde van die dag, aangesien die bedienaars van die Woord dit fisies onmoontlik vind om elke Sondag by elke eredienspunt te wees.

2.5.2.1.3 In die Afrikataalsprekende kerke

2.5.2.1.3.1 Daar is gemiddeld een predikant vir elke drie plaaslike kerke. Elke plaaslike kerk het daarbenewens verskeie eredienspunte. Benewens die bediening van die kerk waaraan die bedienaar van die Woord verbonde is, het hy ook groot verpligtinge as konsulent. Dit plaas ook druk op die voorbereiding van preke.

2.5.2.1.3.2 Die tipiese Afrikataalsprekende kerk het meer vroue- as manslidmate, terwyl die jongmense ook in die meerderheid is. Die kerkraad is dikwels klein, weens die klein groepie mans.

2.5.2.1.3.3 Die persepsie bestaan in hierdie kerke dat ouderlinge kan en mag preek. Dit mag hulle, volgens hierdie persepsie, nie ontneem word nie. Preek is vir hulle belangrik, hoewel voorbereiding nie as noodsaaklik geag word nie. Baie maal word 'n ouderling wat moet preek eers die Sondagoggend in die konsistorie aangewys.

2.5.2.1.3.4 Dit gebeur soms dat daar geen ouderling by 'n erediens teenwoordig is nie. 'n Diaken wat teenwoordig is, gaan dan in die erediens voor. Dit, tesame met die betrokkenheid van die diaken by die Kerkraad (KO, art 38), het tot gevolg dat daar nie op plaaslike vlak 'n duidelike onderskeid tussen die besondere dienste van ouderling en diaken is nie.

2.5.2.1.3.5 Veral tydens vakansietye daag daar soms geen ouderling of diaken by 'n eredienspunt op nie. Die vraag is of die teenwoordiges kan voortgaan en wél 'n erediens hou? In sommige gevalle is slegs vroue teenwoordig. Die vraag is of hulle dan mag voortgaan en 'n erediens hou.

2.5.2.1.3.6 Daar is 'n behoefte om, benewens aan leesdienste as sodanig, ook aan die toerusting van voorgangers in leesdienste aandag te skenk.

2.5.2.1.3.7 Die tekort aan beskikbare predikante teenoor die talle eredienspunte lei in die praktyk daartoe dat gelowiges gereeld in eredienste saamkom sonder ontvangs van die groetseën en wegstuurseën. Tans is die gebruik wél dat die wegstuurseën van die Here deur die voorganger in die leesdiens afgebid word.

Besluit: Kennis geneem van 2.5.2.1 tot 2.5.2.1.3.7.

2.5.2.2 Sake waaroor die Sinode moet besluit

2.5.2.2.1 Uit bogenoemde gegewens en in oorleg met prof A le R du Plooy, beveel die Deputate die volgende aan m.b.t. die situasie in die kerklike praktyk, waar leesdienste te sprake kom:

2.5.2.2.1.1 Indien daar geen ouderlinge by 'n erediens is nie, kan die ontmoeting deurgaan as 'n byeenkoms van lidmate sonder amptelike toesig.

2.5.2.2.1.2 'n Vroulike gelowige kan in 'n ontmoeting soos in 2.5.2.2.1.1 hierbo aangedui, voorgaan.

Besluit: Goedgekeur – wysigings is reeds aangebring – Deputate Handelinge.

2.5.2.2.2 Die volgende riglyne, wat die nood in die kerke kan help lenig, word ook deur die Deputate aanbeveel:

2.5.2.2.2.1 In die lig van die nuwe indeling in Streeksinodes en Klassisse moet naburige predikante aangemoedig word om in eredienste op nabygeleë eredienspunte voor te gaan.

2.5.2.2.2.2 Lidmate wat daarvoor kwalifiseer, moet aangemoedig word om teologiese opleiding te ondergaan ten einde as bedienaars van die Woord te kwalifiseer.

2.5.2.2.2.3 Klassisse kan versoek word om na die eis van plaaslike omstandighede te reël dat voorgangers in sogenaamde "leesdienste" met die oog daarop toerusting ontvang.

2.5.2.2.2.4 Preke kan vir leesdienste beskikbaar gestel word deur meer preekbundels te publiseer en die Internet meer toeganklik te maak. Dit kan op plaaslike of in Klassisverband aandag kry.

2.5.2.2.2.5 Preeksketse kan beskikbaar gestel word wat voorgangers in eredienste kan gebruik om vir die voorgaan in 'n erediens voor te berei.

Besluit: Kennis geneem van 2.5.2.2.2 tot 2.5.2.2.2.5.

2.5.3 ***Advies insake die seën***

2.5.3.1 Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

Die bestaande besluite gaan daarvan uit dat slegs die bedienaar van die Woord wat bevestig is die bevoegdheid het om die seën uit te spreek. Die voorganger in 'n leesdiens mag wél die seën van die Here by die uiteengaan van die gemeente afbid, maar moet by die ontmoeting met die votum volstaan.

Hieronder kom drie sake in fokus: (1) die besondere diens en die bevoegdheid daaraan verbonde; (2) die seën in die Ou en Nuwe Testament en (3) die seën in die leesdiens as erediens.

2.5.3.1.1 Die besondere dienste en die bevoegdheid daaraan verbonde

In Breed e.a. (2008:15, 16) word die verskillende woorde wat in die Latynse teks van die Dordtse Kerkorde gebruik word, bespreek, waarop die stelling volg: "Al die woorde laat blyk dat dit in die kerk om nederige dienswerk gaan en nie om heerskappyvoering nie." Die **Deputate Leerstellige Sake: Studiegroep ouderlingamp** stel in hulle Rapport die implikasies van die openbaring in die Nuwe Testament oor die ouderlingdiens (die hele gedeelte is as Bylae 3 opgeneem): "Hierdie bibliologiese studie wys dat die diens van ouderling 'n wye mandaat van take omvat. Of 'n ouderling binne 'n gemeente spesifieke gespesialiseerde take kan ontvang, lyk op bibliologiese gronde moontlik. Die duidelike onderskeid tussen regeer- en leerouderlinge is uit die Nuwe Testament self nog nie duidelik nie, en is waarskynlik 'n latere ontwikkeling." Van Ginkel (1975:31 ev) wys daarop dat selfs die Reformasie aanvanklik nie die ouderling en bedienaar van die Woord duidelik van mekaar afbaken nie. Dit word volgens hom eers sedert Wezel gedoen.

Navorsing oor die moontlike nadraai van die Rooms-Katolieke onderskeiding: kerklikes en leke (vgl. Bylae 4) laat blyk dat die Reformasie minstens in beginsel die Rooms-Katolieke onderskeiding clerus – leke deurbreek het. In die Skrif word die onderskeie dienste sterk omskryf deur wat gedoen word, vgl. Rom 12:6-8 en nie soseer deur die posisie wat die "ampsdraer" beklee nie.

2.5.3.1.2 Die seën in die Ou en Nuwe Testament (vgl. Bylae 5 vir 'n vollediger uiteensetting)

Die seën was in **algemene gebruik** in die Bybel. Isak (Gen 27:23, 27, 30, 33-36, 38, 41, vgl. ook Heb 11:20) en Jakob seën hulle seuns (Gen 48:15; 48:9, 16, 20; 49:28). Jakob seën ook Josef se twee seuns (Gen 45:9, 16, 20). Dawid seën Abigail (1 Sam 25:33). Simeon seën die gesin na die geboorte van Jesus (Luk 2:34). **Alle gelowiges** kry in die Nuwe Testament opdrag om selfs diegene wat hulle vervolg (Rom 12:14) en diegene wat hulle vervloek (Luk 11:28), te seën.

Die seën kom ook in die **formele samekoms** van die volk van God tereg. Die **priesters** kry die opdrag om die seën uit te spreek (Num 6:22-27; vgl. ook 2 Kron 30:27). Tog seën **konings** ook die volk van God (Dawid in 2 Sam 6:18 en Salomo in 1 Kon 8:14; 2 Kron 6:3). In Ps 118:26 tref ons die **wedersydse seën** tussen die **volk en die priesters** aan.

2.5.3.1.3 Die seën in die leesdiens as erediens

Nasionale Sinode 1985 (p400, 1.3; vgl. ook **Nasionale Sinode 1997:**733, 3.1.3) wys op beide die kontinuïteit (vgl. Hand 17:1, 10, 17; 18:4; 19:8), sowel as die radikale breuk (soos veral uit die Christelike liturgiese handelinge van die doop en nagmaal blyk) tussen die sinagogale en die Christelike eredienste. "Die sinagogale erediens het veral 'n groot invloed uitgeoefen in die ontwikkeling van die *dialoogkarakter* van die Christelike erediens. Verder het die elemente van wetvoorlesing, Skriflesing en –verklaring, gebede en seënbedes 'n blywende plek in die Christelike erediens ontvang. Vgl Bylae 6 vir 'n vollediger uiteensetting.

Barnard (1981:100) beskryf die deelnemers aan die sinagogediens só: "Anders as die tempeldiens waar dit uitsluitlik aan die Levitiese priesterskap toevertrou was, is die sinagoge gedra deur die gemeente." Hy vervolg (p102): "Die siening van die sinagoge as gemeentehuis en die geleentheid vir die lidmate om self deel te neem aan die diens, het die Christelike erediens oorgeneem."

Die Evangelie in die sinagoges en in die huise verkondig:

Die volgende Skrifgedeeltes getuig van die verkondiging van die evangelie in die **sinagoges**:

Hand 9:20; 13:5, 14, 15, 42, 43; 14:1; 17:1, 10, 17; 18:4

Die volgende Skrifgedeeltes laat blyk dat die evangelie ook ***in die huise*** **verkondig is**: ***Hand 5:42***; ***18:7, 8, 26; 20:20***

Die gemeente wat in 'n erediens saamkom, doen dit op God se bevel. Die belofte van Christus geld sekerlik ook die samekoms van die gemeente in 'n erediens: ... *waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle (Matt 18:20).* Die kerk wat tot eer van die Here saamkom, kan op sy seënende teenwoordigheid reken.

2.5.3.1.3.1 Die groetseën in die erediens

(a) Met die toesegging van die groetseën bewerk die Bron daarvan genade en vrede en in die uitspreek daarvan deur die gevolmagtigde stort God genade en vrede in die gemeente

(b) Genade dui op onverdiende, selfs verbeurde, guns van God en vrede skep 'n gemeenskap wat in harmonie, liefde en blydskap saamleef

(c) Die benoemings waarmee God, die Heilige Gees en Jesus Christus beskryf word, dui aan wie die Drie-enige God is en hoe Hy met betrekking tot die wêreld staan en optree.

2.5.3.1.3.2 Die wegstuurseën in die erediens

(a) Die struktuur van die seën in Numeri 6 en 2 Korintiërs 13:13 dien daartoe dat die seën so kragtig moontlik in die harte van die geseëndes indring sodat die seën daar kan ontplooi en in hulle praktiese lewe effek kan hê.

(b) Die seën word deur gevolmagtigdes (priesters in die Ou Testament en apostels in die Nuwe Testament) op die volk gelê omdat dit God Self is wat sy seën in hulle instort.

(c) In die liturgiese tradisie van Israel het die seën gedien om die aanbidders seënend in die wêreld terug te stuur en om as 'n instrument te dien sodat God se seëninge deur middel van sy volk op die nasies van die wêreld kan kom.

(d) Met "beskerming", "genade", "vrede", "liefde" en "gemeenskap" word die volle rykdom van God se gawes aan die volk toegesê.

2.5.3.1.3.3 Die geskiedenis van die seën

In die vroeë kerk is die kategumene en andere deur die biskop geseën wanneer hulle aan die einde van die eerste deel die diens moes verlaat. Die gemeente is ook later in die diens geseën. In die Middeleeue verval die seën en word dit deur die mis vervang wat met sy sluitingswoorde die samekoms beëindig sonder dat 'n seën op die gemeente gelê word. Dit is merkwaardig dat eers sedert die Reformasie die priesterlike seën weer deel word van die erediens. Die Reformatore voer die seën weer in en kombineer dit met die wegstuurformule. Luther bring in 1523 die Trinitariese en Aäronitiese seën terug as wegstuurseën en so ontstaan in die vroeg-Reformasietyd 'n handeling wat diep in die Protestantse kringe sou wortel: Zwingli neem dit oor, en Bucer en Calvyn gebruik die seën van Numeri 6 om die gemeente seënend weg te stuur (Handelinge, 1985:402): Die Sinode van Dordtrecht 1574 skryf dit aan die kerke voor.

In die geskiedenis van die liturgie het die seën verskillende betekenisse en funksies gehad. Die seën word in die Roomse mis as 'n wens verstaan, en in die Oosterse liturgieë is dit as 'n gebed om die seën van die Here gesien. In Reformatoriese kringe is dit beskou as 'n toesegging van God deur die mond van die geordende herder en leraar (Barnard, 1985:577). Die juiste siening, volgens die Reformatore, is dat dit 'n verkondiging, afkondiging van die Here se seën is wat met die gesag van die Oorsprong van die seën kom. Die seën is 'n gawe, 'n *donation,* van die Here wat in sy Naam aan die gemeente verkondig en toegesê word. Die Bron van die seën is die Drie-enige God en Hy is die eintlike verlener van sy seën. Wat Hy spreek, geskied en wat Hy gee, is onmiddellik werksaam as dit in die geloof toegeëien word (Brienen, 1987:222). Die seën word geIê op die gemeente en die volle werk van God Drie-enig is daarin saamgevat. Die seën werk daarom nie magies nie, maar bly gesaghebbende spreke wat gelowig ontvang moet word (Barnard, 1985:577).

2.5.3.1.3.4 Die seën is onontbeerlik vir die lewe van die gemeente

Die gemeente van Jesus Christus moet in hulle samekoms die seën van die Here as onontbeerlike gawe ontvang. Sonder hierdie seën is gemeenskap met God en mekaar, geloofsvertroue en nakoming van elkeen se roeping in die wêreld nie moontlik nie.

2.5.3.1.3.5 Die groetseën is noodsaaklik vir die verdere handelinge in die erediens

Die groetseën stort al die gawes in die gemeente wat lidmate in staat stel om vrugbaar aan die erediens te kan deelneem.

2.5.3.1.3.6 Die wegstuurseën stuur gelowiges as geseëndes na hulle leefwêreld om hulle roeping te kan vervul

Die gemeente is begenadig om deur God Self terug in hulle leefwêreld gestuur te word deurdat Hy sy seën in hulle stort. Sonder die wegstuurseën kan die gemeente nie hulle roeping vervul, veral om getuies van Christus te wees, nie.

2.5.3.1.3.7 Die bevoegdheid om die seën van die Here toe te sê

Daar is volledige ooreenstemming dat die bedienaar van die Woord bevoeg is om die Here se seën aan die gemeente toe te sê. Onder 2.5.3.1.7.2 word die huidige gebruik van die **afbid** van die seën ook op die groetseën toegepas en as alternatief daarvoor vir die afbid van die seën eerder die **verkondiging** van die seën van die Here.

2.5.3.1.3.7.1 Slegs die bedienaar van die Woord het die bevoegdheid om seën toe te sê

In die Ou Testament het slegs die persone wat in die amp van die priester staan die volmag gekry om in die Naam van die Here die seën, in die woorde wat regstreeks van God gegee is, af te kondig. Die seën word ook in die Nuwe Testament deur gevolmagtigdes (apostels) aan die volk toegesê, en daarmee word beklemtoon dat die seën regstreeks van God kom. In die briewe van die apostels maak hulle duidelike verskil tussen gebede en seëntoeseggings. Onder al die reformatore van die Sestiende eeu is die seën gesien as ’n toesegging van God deur die mond van die geordende herder en leraar.

Die een wat die seën uitspreek is ’n bemiddelaar hy kondig iets aan, gee iets deur, sonder om daaroor self vrymagtig die beskikking te hê. Die geroepe voorganger lei, as dienaar van God, kragtens die apostolaat in die dienste in elke gemeente (vgl. onder andere Hand 3:11; 5:19, 20, 40-42; 6:2, 8; 9:15; 13:1,2; 14:22, 23; 15:22; 1 Kor 16:13-20, ens), en voor besondere handelinge uit kragtens goddelike roeping en missie. Dit behels onder andere die groetseën en die wegstuurseën en die bediening van die sakramente (Handelinge, 1997:732). Die vraag is dus of die gemeente die groetseën en wegstuurseën as toesegging moet ontbeer as daar wel ’n geroepe en gevolmagtigde bedienaar deelneem aan die erediens, maar nie die prediking en ander liturgiese handelinge behartig nie? Die antwoord hierop moet ’n besliste “nee” wees. Uit die erfenis van die Reformasie is dit duidelik dat een persoon nie al die handelinge in die erediens hoef te behartig nie. Ook dat daar ’n beduidende verskil is van die effek op die lewe van die gemeente wanneer die seën afgebid word en wanneer die seën toegesê word. Al word by die afbid van die seën geglo dat die gebed verhoor sal word, het dit nie die gesag wat die afkondiging van die seën deur ’n gevolmagtigde bedienaar van die Woord het nie. Die gevolmagtigde bedienaar Iê die seën wat regstreeks van God kom, gesaghebbend op die gemeente.

Die besluite van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika betwyfel nie dat waar leesdienste gehou word, dit wel ’n erediens in die ware sin van die woord is nie, maar verbind die uitspreek van die seën aan die bediening van die Woord, soos die prediking en bediening van sakramente.

2.5.3.1.3.7.2 Die voorganger by die leesdiens en die toesegging van die seën – vgl. Bylae 7

Die uitgangspunt van hierdie standpunt is die definisie van die erediens (kyk na 2.5.1.1.3.3 hierbo) wat onder invloed van die sinagogale erediens ’n dialoogkarakter ontwikkel het (Sinode 1985:400). God inisieer self die ontmoeting, en behou deurgaans die inisiatief in die erediens. Hy spreek telkens die gemeente aan en verlang ’n antwoord van die gemeente. Uiteindelik spreek Hy ook die laaste woord met die wegstuurseën wat die vergaderde gemeente in sy Naam opgelê word. Die riglyne vir die erediens (Sinodes 1985 en 1997) gee hieraan uitdrukking.

Volgens bestaande besluite en die huidige gebruik in die Gereformeerde Kerke het die voorganger in ’n erediens anders as ’n bedienaar van die Woord nie die bevoegdheid om die Here se seën aan die gemeente toe te sê nie. Wanneer iemand anders as ’n bedienaar van die Woord as voorganger in ’n erediens optree, lees hy weliswaar die preek van ’n bedienaar van die Woord. Tog verleen die kerkraad die bevoegdheid aan hom om in die erediens voor te gaan en verrig hy sy taak ook onder die kerkraad se toesig.

Witvliet (2003) wys daarop dat die bevestiging van ’n bedienaar van die Woord met handoplegging die erkenning van ’n bepaalde pastorale verhouding is en nie van die status van die persoon nie. Hy vervolg: “Reserving the greeting and benediction or certain gestures (such as the raising of arms) for the pastor is a provisional strategy chosen by a tradition, denomination, or congregation in order to heighten the significance of these words, to help people hear them as a here-and-now statement of God’s ever-present, ever-new promise.”

Desondanks is Witvliet (2003) se antwoord op ’n vraag oor die wyse waarop ’n voorganger wat nog nie as bedienaar van die Woord bevestig is nie, die seën kan lei: “Consider a simple reading of a scriptural blessing: Hear God’s promises, as recorded in 1 Thessalonians 5: ‘May the God of peace himself sanctify you entirely; and may your spirit and soul and body be kept sound and blameless at the coming of our Lord Jesus Christ. The one who calls you is faithful, and he will do this.’ Praise God for this sure promise.” Or consider a prayer for God’s blessing, such as a prayer based closely on Psalm 67: “Almighty God, be gracious to us and bless us and make your face to shine upon us, that your way may be known upon earth, your saving power among all nations.”

Hierdie advies maak daarvoor voorsiening dat die groetseën in die geval van ’n leesdiens óf afgebid, óf deur middel van die voorlees van ’n Skrifgedeelte verkondig word. Die Deputate se voorgestelde riglyne hieronder sluit hierby aan.

Die volgende **opmerkings** is tersake:

(a) In die riglyne vir die liturgie (1985 en 1997) geskied die toesegging in beide die groetseën en wegstuurseën in die Naam van die Here, terwyl die gelowige die Here se seën ontvang. Waar die seën afgebid word – soos tans betreffende die wegstuurseën – is die woorde die gemeente en nie die Here s’n nie. Indien die afbid ten opsigte van die wegstuurseën aanvaarbaar is, kan daar egter geen prinsipiële beswaar daarteen wees dat dit ook ten opsigte van die groetseën gebeur nie. Vandaar die riglyn soos voorgestel by 2.5.3.2.1.1 hieronder.

(b) Die verkondiging van die seën van die Here deur Skriflesing handhaaf in beide die geval van die groetseën en die wegstuurseën na die oordeel van die Deputate die gebruik van die Skrifwoord soos wat dit onder leiding van die Heilige Gees opgeteken is. Dit laat blyk ook duideliker as in die geval van ’n afbid van die seën dat die Alfa en die Omega (Op 1:8) ook in só ’n erediens die eerste (weliswaar na die votum) en die laaste woord spreek. Vandaar die riglyn by 2.5.3.2.1.2 hieronder.

2.5.3.1.3.8 <u>Die gemeente moet die seën beaam en gelowig aanneem</u>

Dit is noodsaaklik dat die gemeente die seën gelowig moet toe-eien deur ’n aktiewe handeling, naamlik deur daarop “amen” te sê.

Besluit: Kennis geneem van 2.5.3.1 tot 2.5.3.1.3.8.

2.5.3.2 <u>Sake waaroor die Sinode moet besluit</u>

2.5.3.2.1 <u>Die Deputate beveel die volgende aan as riglyne vir die afbid en verkondiging van die seën deur die voorganger by die leesdiens:</u>

2.5.3.2.1.1 Die <u>afbid</u> van die groetseën deur die voorganger by die leesdiens kan, op voetspoor van die huidige gebruik ten opsigte van die wegstuurseën, bv. op die volgende wyse geskied:

"Mag die genade en vrede van God ons Vader en die Here Jesus Christus met ons wees. Amen" (1 Kor 1:3).

2.5.3.2.1.2 Die verkondiging/afkondiging van die seën van die Here uit die Skrifteks kan bv. op die volgende wyse geskied:

2.5.3.2.1.2.1 Groetseën

"Hoor die belofte van die Here in 1 Kor 1:3 vir hierdie samekoms:

'*Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus!*'" (1 Kor 1:3).

'n Meer uitgebreide Skrifgedeelte uit een van die briewe kan (met weglating van die naam van die gemeente aan wie die brief oorspronklik gerig is) op die volgende wyse gebruik word:

"Aan die gemeente van God ..., wat Hy vir Hom in Christus Jesus afgesonder en geroep het om aan Hom te behoort, en verder aan almal, waar hulle ook al mag wees, wat die Naam aanroep van Jesus Christus, hulle Here en ons Here. Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus!" (1 Kor 1:2, 3).

2.5.3.2.1.2.2 Wegstuurseën:

"Hoor die versekering van die Here in 2 Kor 3:13 waarmee ons as sy kinders gaan leef:

'*Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by julle almal wees.* '"

Besluit: Goedgekeur.

2.5.4 ***Advies insake bevestiging van ampsdraers en die aflegging van belydenis van geloof***

2.5.4.1 Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

2.5.4.1.1 Die bevestiging van ampsdraers

Ingevolge KO, art 22 word ouderlinge (dit geld natuurlik ook diakens) "deur die gemeente onder leiding van die kerkraad verkies". Na approbasie word hulle volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is, bevestig. Bouwman (1928, dl. I: 408, 411) noem die bevestiging die sluitstuk van die beroeping van 'n bedienaar van die Woord wat die roeping vasmaak. Tydens die bevestiging word sy amptelike pligte aan hom voorgehou. Na sy bevestigende antwoord op vrae daaroor, word hy in die uitvoer van sy diens aan die Here opgedra (Bouwman, 1928, dl. I :408). Dit alles geld ook die bevestiging van die ouderling en diaken (Bouwman, 1928 – I :542).

Die bevestiging vind in die samekoms van die gemeente plaas (Spoelstra, 1989:140) en moet van die kerkraad en 'n voorganger uitgaan (Van't Spijker, aangehaal in Spoelstra, 1989:140). Ingevolge KO, art 37 vergader die kerkraad onder voorsitterskap van die bedienaar van die Woord. Slegs 'n bedienaar van die Woord kan mense in die lig hiervan in die besondere dienste bevestig.

2.5.4.1.2 Belydenis van geloof

Ingevolge die Kerkorde moet die bedienaars van die Woord toesien dat ouers of voogde die **doop** vir hulle kinders aanvra (art 57) en ook die doop met gebruik van die betrokke formuliere bedien (art 58). Kerkorde, art 61 stel dat diegene tot die Heilige Nagmaal toegelaat word "wat volgens gebruik van die plaaslike kerk **belydenis van die Gereformeerde godsdiens** gedoen het ..." Bouwman (1928, dl. II:368) sê dat Belydenis van geloof in die diepste grond die beaming is van die leer. Hy benadruk die noodsaak van 'n hartlike geloof in dit wat God in sy Woord openbaar het en die openbare verklaring van 'n voorneme om Christus as Saligmaker te dien en te vrees. Belydenis van geloof mag nie van die persoonlike geloof en die persoonlike bekering losgemaak word nie (Bouwman, 1928, dl. II:370).

Spoelstra (1989:340) wys daarop dat die Sinode van 1863 aanvanklik geen formulier van vrae wou opstel nie, maar dit aan die vryheid van die plaaslike kerk oorgelaat het. Sinode 1876 het egter wél volgens hom 'n formulier vasgestel weens die *"ongeloof en lichtzinnigheid dezer dage"*.

Anders as by die Rooms-Katolieke Kerk is die Belydenis van geloof nie 'n sakrament nie. Die dooplidmaat wat belydenis van geloof aflê, word ook nie "as lidmaat" aangeneem,

voorgestel of bevestig nie. Dit is selfs nie die formele aansluiting as lidmaat van die kerk nie (Bouwman, 1928, dl. II:368). Spoelstra (1989:339) stel dit só: "Belydenis van geloof open ... die deelname aan die 'volle gemeenskap van die volk van God' en daarmee saam gaan die genieting van die regte en voorregte wat die Here in die sakramente gegee het. Belydenis van geloof ontvoog die gedoopte Christen van die godsdienstige sorg van sy ouers en hy tree selfstandig en verantwoordelik na vore. Die lid-wees in die liggaam van Christus kom in die bewuste toetrede tot die Nagmaal duidelik na vore."

Vir die ou Gereformeerdes was die aflegging van belydenis van geloof volgens Bouwman (1928, dl. II:372) niks anders nie as die toelating tot die Nagmaal. Hy verwys na Heidelbergse Kategismus, Son 30:81 waar gestel word dat diegene wat na die Nagmaalstafel van die Here kom, "Hulle (is) wat vanweë hulle sondes 'n afkeer van hulleself het, maar tog vertrou dat dit hulle om Christus wil vergewe is en dat die swakhede wat nog oor is, met sy lyding en sterwe bedek is; en dié wat ook begeer om hulle geloof hoe langer hoe meer te versterk en hulle lewe te verbeter."

Sinode 1961 maak (volgens Spoelstra, 1981:341) oor die Nagmaal "as 'n demonstrasie van ekumeniese eenheid" die volgende stelling wat ook op hierdie saak betrekking het: "Die Nagmaal is 'n saak van die *plaaslike kerk*, waar die Kerkraad toesig hou oor die toegang daartoe." In die praktyk kan 'n ouderling toestemming gee dat 'n gelowige in 'n ander kerk aan die Nagmaal deelneem of 'n Kerkraad om 'n getuienis nader ten einde die Kerkraad wat 'n versoek tot deelname aan die Nagmaal ontvang het, in staat te stel om op 'n verantwoordelike wyse te besluit (Spoelstra, 1989:341). Kommissies kan ook persone wat in die kerklike gemeenskap opgeneem wil word, ondersoek. Hulle bevinding oor die persoon se leer, lewe en rede vir oorkoms moet hulle aan die Kerkraad rapporteer waarna die Kerkraad so iemand kan opneem.

Iemand wat in die openbaar Belydenis van geloof aflê of in die kerk opgeneem word, verkry nie permanente toegang tot die heilige Nagmaal nie. Die onderlinge goeie getuienis is onontbeerlik vir die heiligheid van die Nagmaal. Die ouderlinge moet op sterkte van die getuienis tot die Nagmaal "toelaat" of van die Nagmaal afhou (KO, art 76. Vgl Spoelstra, 1989:336).

Daar is geen voorskrif in die Kerkorde of belydenis dat die aflegging van Belydenis van geloof slegs deur 'n bedienaar van die Woord en slegs in 'n erediens hanteer moet word nie. Bouwman (1928, dl. II:380) stel die volgende ten opsigte van die wyse waarop die Belydenis van geloof hanteer moet word: "Zeer veel moet aan de vrijheid der kerken, aan de gewoonte en de omstandigheden worden overgelaten."

In die lig van die voorafgaande kom die Deputate tot die gevolgtrekking dat net soos dit die voorganger in 'n leesdiens geoorloof is om voor te gaan in die gemeenskaplike Geloofsbelydenis in die samekoms, dit hom geoorloof kan wees om ook die individuele, openbare aflegging van Belydenis van geloof te hanteer.

Besluit: Kennis geneem van 2.5.4.1.1 en 2.5.4.1.2.

2.5.4.2 Sake waaroor die Sinode moet besluit

2.5.4.2.1 Met betrekking tot die bevestiging van ampsdraers beveel die Deputate aan dat alleen 'n bedienaar van die Woord mense in die besondere dienste bevestig.

2.5.4.2.2 Met betrekking tot die aflegging van Belydenis van geloof beveel die Deputate aan dat die voorganger in 'n leesdiens ook die aflegging van Belydenis van geloof kan hanteer na die voorafgaande onderrig en ondervraging deur die Kerkraad.

Besluit: Goedgekeur – wysigings is reeds aangebring – Deputate Handelinge.

2.5.5 ***Advies insake die gebruik van oudiovisuele hulpmiddels***

2.5.5.1 Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

Die gebruik van oudiovisuele hulpmiddels geld beide die leesdiens as die erediens waarin 'n bedienaar van die Woord voorgaan.

2.5.5.1.1 Moontlikhede van oudiovisuele hulpmiddels

Oudiovisuele hulpmiddels bied die moontlikheid dat 'n erediens óf lewendig via die Internet of 'n landlyn (of selfs draadloos) elders heen gebeeldsend word, óf opgeneem en later vertoon kan word. Laasgenoemde kan 'n video-, CD- of DVD-opname wees. Hierdie hulpmiddels word reeds op verskeie plekke (bv. Agulhas, Okahandja en Pinetown)

volgens getuienis met groot vrug gebruik. In Bylae 8 hieronder word tegniese besonderhede gegee oor die wyse waarop die oudiovisuele hulpmiddels gebruik kan word. Opmerklik het God in sy Alwysheid besluit dat die "*volheid van die tyd*" (Gal 4:4, 1953-vert) nie die huidige tydvak is met al die moontlikhede wat die media bied nie. Daar moet ook onthou word: *Die Woord het mens (vlees) geword en onder ons kom woon (Joh 1:14).* Paulus het wél deur middel van briewe met gelowiges gekommunikeer. Normaalweg was dit egter eers nadat hy deur middel van persoonlike bediening die kerk op 'n bepaalde plek gevestig het en dan tot opbou van diegene wat na die ontmoeting tussen mens en mens tot geloof gekom het (Van der Merwe, 1993:36; 280).

Van belang hierby is die erediens as drieërlei samekoms (kyk na die definisie van 'n erediens, 2.5.1.1.3.3 hierbo) wat dinamies (in Gees en waarheid) beoefen word (Handelinge, 1997:737 ev; vgl. ook die klem op die noodsaak van 'n dinamiese liturgie vir die spontane Afrikataalspreker – 2.5.1.1.2.2 hierbo). Die gelowiges moet na die erediens hulle roeping vervul, veral om getuies van Christus te wees (kyk na 2.5.3.1.3.6 hierbo).

2.5.5.1.2 Moontlike beperkings eie aan oudiovisuele hulpmiddels

(a) Die selfoon met *Mxit*, die Internet met *Facebook* ens, bring mee dat die kommunikeerder 'n fiktiewe persoonlikheid kan aanneem. Hy word 'n virtuele persoon wat met 'n ander virtuele persoon in die virtuele wêreld van die selfoon en rekenaar kommunikeer.

(b) Die misbruik van die elektroniese media bring mee dat daar sekerlik 'n mate van wantroue by die deelnemer aan hierdie soort kommunikasie kan wees.

(c) 'n Erediens waaraan 'n gelowige volledig via 'n oudiovisuele hulpmiddel deel het, gaan mank aan die lewende gemeenskap tussen gelowiges. Die vergaderde gemeente ontbeer in elke geval die belewing van gemeenskap met só 'n gelowige.

(d) Dit is moontlik om hierdie hulpmiddels in diens van die evangelie te gebruik, maar dit is moeilik, omdat die medium so kragtig is en so maklik die boodskap oorheers en verdraai (Van der Merwe, 1993:280 – spesifiek oor die radio en TV).

Besluit: Kennis geneem van 2.5.1.1 en 2.5.5.1.2.

2.5.5.2 Sake waaroor die Sinode moet besluit

2.5.5.2.1 Die Deputate beveel aan dat die volgende as **algemene riglyne** gebruik word met betrekking tot oudiovisuele hulpmiddels in die erediens

(a) Die **erediens** as drieërlei samekoms kan deur 'n medium plaasvind. Dit het veral nut om gelowiges toe te rus en op te bou. Daarbenewens is dit ook nuttig as eerste kontak tussen gelowiges onderling, of tussen gelowiges en mense wat nog nie met die evangelie bereik is nie. Dit moet egter ook die virtuele wêreld van die hulpmiddels oorstyg; die persoonlike kontak is onontbeerlik, hetsy voor, hetsy na die samekoms deur die hulpmiddel.

(b) Persoonlike betrokkenheid bevorder die voortgang van die evangelie. Dit het belangrike implikasies veral vir die voorposkerke. Onder andere kan daar nie aanvaar word dat 'n kerk wat slegs via die media bedien word, sal uitbrei nie. Ten einde die voortgang van die evangelie te verseker, moet minstens die bedienaar van die Woord ook in persoon by die lidmate uitkom.

(c) Hulpmiddels ... kan betekenisvol gebruik word solank dit gesien word as 'n hulpmiddel vir die kerk in sy **persoonlike getuienistaak** in hierdie wêreld (Van der Merwe, 1993:279 – oor die radio en TV).

(d) Die erediens mag nie geïndividualiseer word deurdat lidmate elk op hulle eie plek by 'n erediens inskakel nie. Sorg moet ook gedra word dat daar nie 'n virtuele kerk ontstaan wat 'n virtuele erediens hou nie. Dit sou die wese van die erediens aantas.

(e) Gelowiges wat om een of ander rede geïsoleer is, kan tog op hierdie wyse sinvol by die erediens inskakel.

2.5.5.2.2 Die Deputate beveel aan dat die volgende **praktiese riglyne** gevolg word wanneer van hulpmiddels in die erediens gebruik gemaak word

2.5.5.2.2.1 Die opname van 'n preek van 'n bedienaar van die Woord kan voorgespeel word net soos dieselfde preek voorgelees kan word.

2.5.5.2.2.2 Die erediens moet ten alle tye ’n lewende en dinamiese samekoms wees, ook wanneer daar van oudiovisuele hulpmiddels gebruik gemaak word. Dit is veral van belang in die Afrikataalsprekende gemeenskappe wat ’n hoë premie plaas op spontaneïteit en dinamika.

2.5.5.2.2.3 Ten einde die dinamika te bevorder, kan slegs die preek deur middel van oudiovisuele hulpmiddel voorgehou word, terwyl iemand wat teenwoordig is in die res van die erediens voorgaan.

2.5.5.2.2.4 Die voorganger kan die volledige liturgie van die oorspronklike erediens in sy voorbereiding vir die betrokke erediens raadpleeg, maar moenie daartoe beperk word nie.

2.5.5.2.2.5 M.b.t. die beskikbaarstelling van opnames van eredienste die volgende:

(a) Kerke kan verantwoordelikheid daarvoor aanvaar om op ’n deurlopende basis klank- of oudiovisuele opnames van professionele gehalte te maak wat op bedieningspunte gebruik kan word waar daar nie ’n bedienaar van die Woord teenwoordig is nie.

(b) Waar nodig kan lidmate opgelei word om eredienste op te neem en om die elektroniese media ook aan die ontvangkant te gebruik.

(c) TV’s en CD-spelers is geredelik beskikbaar. Met die beskikbaarstelling van ander elektroniese hulpmiddels, soos DVD-spelers en rekenaars kan, op versoek, in klassisverband hulp verleen word.

Besluit: 2.5.5.2.1 tot 2.5.5.2.2.5 word goedgekeur.

YYYYY. AANVULLENDE RAPPORT

1. Sake waarvan die Sinode kan kennis neem

Keuring van Belydenisliedere

In die Rapport van die Deputate Liturgiese Sake aan Sinode 2009 is per abuis genoem dat wyle dr AGS Venter se omdigting van Sondag 20 van die Heidelbergse Kategismus aanbeveel word vir gebruik in eredienste van die GKSA (3.2.2.1 van die Rapport).

Die betrokke omdigting is in werklikheid deur die Deputate terugverwys na die Subkommissie wat dit beoordeel het, omrede sekere aspekte van Sondag 20 nie volledig genoeg in die omdigting na vore kom nie.

Hierdie omdigting word dus nie tans aanbeveel vir gebruik in eredienste van die GKSA nie.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waaroor die Sinode moet besluit

Keuring van Belydenisliedere en Skrifberymings

’n Belydenislied van prof Leendert Dekker (Sondag 1), asook Skrifberymings van ds Johannes Bingle (Jes 6:1b-4) en wyle dr AP van der Colf (Heb 1) is nog nie finaal beoordeel en afgehandel nie.

Die Deputate beveel graag aan dat die Deputate vir Liturgiese Sake wat deur Sinode 2009 benoem word, voortgaan met die finale beoordeling en afhandeling van genoemde liedere, asook dr AGS Venter se omdigting van Sondag 20 van die Heidelbergse Kategismus.

Besluit: Die aanwys van Deputate word goedgekeur met die volgende opdragte:

a. Die nuwe liedere op die regte plek in die Skrifberymings se rubrisering geplaas word.

b. Met die uitgee van die Psalmboek aandag gegee word aan die korrekte rubriserings van die Skrifberymings.

c. Om ’n meer omvattende en uitgebreide beginselontwerp en riglyn te formuleer waaraan nuwe liedere gemeet en getoets kan word.

d. Om hulle toepassing van die riglyne (Acta 2006:570-571), soos goedgekeur (Acta 2006:557, D3) vir elke lied te notuleer en dit ook in die terugkoppeling as dokument te gebruik.

22.2 RAPPORT: DEPUTATE EVALUERING TOTIUSBERYMING (Artt 77, 78, 187)

ZZZZZ. Ds C Kruger lewer die Rapport.

AAAAAA. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Liturgiese Sake 1 met wysiging van "Totiusteks" na "1936-beryming" van die Psalms.

BBBBBB. Ds JP van der Walt lewer die Meerderheidsrapport van Kommissie Liturgiese Sake 1.

CCCCCC. Ds JL van der Schyff lewer die Minderheidsrapport van Kommissie Liturgiese Sake 1.

DDDDDD. **RAPPORT**

1. Opdrag

Die Sinode wys onpartydige kundige Deputate aan (m.b.t. eksegetiese, literêre en musikologiese vaardighede) met die volgende opdrag:

Om eenstemmigheid te kry oor wat bedoel word met "ligte redaksionele wysigings".

Om die drie hersiende Totiustekste (t.w. prof PW Buys, die Deputate vir Liturgiese sake en die teks van die Kommissie van br DF du Toit, ds B Smit, prof LF Schulze en sr M du Toit) wat op die tafel is, te evalueer en een hersiening saam te stel.

Om die hersiende teks betyds aan gemeentes beskikbaar te stel vir kommentaar en die kommentaar te verwerk waar moontlik.

Om aan die volgende Sinode een hersiening van die Totiusteks voor te lê waaroor die Sinode kan besluit.

Dat persone wat bogenoemde hersienings gedoen het, nie weer op die Deputate sal dien nie. Hulle kan wel vir advies gevra word (motivering: 'n Mens kan nie jou eie werk beoordeel nie).

Voorstelle vir die hersiening van die Totiusteks wat die Kommissie ontvang het, sal aan die te benoeme Deputate gegee word.

Besluit: Kennis geneem van 1.1 tot 1.6.

2. Historiese oorsig van die hersiening [Bylae A]

Sinode 1970: NGK vra samewerking van die GKSA met die oog op "'n grondige hersiening" van die Psalmberyming. **Sinode 1970** besluit om dit nie te doen nie (Handelinge 1970:461, art 184).

Sinode 1976: Na samesprekings met die NGK besluit Sinode 1976 om dit wel te doen (Handelinge 1976:405, 4).

Sinode 1979: Die revisie word gestaak (Handelinge 1979:616, art 186).

Sinode 1982: Van die saak word afgestap (Handelinge 1982:513, art 140).

Sinode 1994: Sinode gee opdrag dat 1976 besluit uitgevoer word (Handelinge 1984:560, art 24.5).

Sinode 1997: Die Rapport van die Deputate wat in 1994 benoem is, is op die tafel. Die Sinode besluit om voort te gaan met die hersiening (Handelinge 1997:788, art 23.4).

Sinode 2000: In die gedrukte Handelinge is die besluit van die Sinode baie vaag (Handelinge 2000:454, 456-458). Handelinge 2003:643-644 bring helderheid [Bylae H]. Omdat die gedrukte Handelinge en die geskrewe Handelinge van mekaar verskil, is die hersiene Totiusteks op 'n baie laat stadium aan Kerkrade gestuur vir kommentaar.

Sinode 2003: Deputate beveel aan dat van die projek afgestap word, maar die Sinode besluit om voort te gaan (Handelinge 2003:665).

Besluit: Kennis geneem.

3. Uitvoering van die opdrag

Vertrekpunte [2006:4.3.1.1: "*ligte redaksionele wysigings*"]

Handelinge 1976:405: Die Sinode besluit om saam te werk aan 'n ***beperkte*** taalkundige revisie van die Psalmberyming, waarin getrag sal word om argaïstiese woorde en segswyses en ander taalonsuiwerhede uit te suiwer, terwyl streng gewaak sal word teen aantasting van die inhoud en poëtiese gehalte van die bestaande beryming.

Handelinge 1994:562: Argaïsmes en Nederlandismes wat nie vervang kan word nie, moet in voetnotas of in 'n addendum verklaar word om verstaansprobleme op te los.

Handelinge 1997:792: Opdrag aan te benoeme Deputate:

Aan die te benoeme Deputate word opgedra om waar moontlik ligte redaksionele veranderinge in die Totiusteks aan te bring. Moeilik-verstaanbare woorde, uitdrukkings, argaïsmes en Afrikaans-vreemde woorde in die teks kan by wyse van verklarende aantekeninge [soos in die 1983 Bybelvertaling] verduidelik word.

Sinode 2006 bevind die volgende: In die lig van hierdie besluit (Handelinge 1976), bedoel die Sinode in sy opdraggewing met "ligte redaksionele wysigings" juis dat die Totiusteks so ver as moontlik behoue moet bly. Indien ingrypende veranderings aangebring word, kan ons nie meer praat van 'n "Totiusteks" nie.

Hersienings van die Totiusteks

Uit die drie bestaande hersienings van die Totiusteks [dié van prof PW Buys, die Deputate vir Liturgiese sake en die teks van die Kommissie van br DF du Toit e.a.] is een hersiening en 'n woordelys van moeilik verstaanbare woorde saamgestel [Bylae B].

Die hersiening van die 150 Psalms is in November 2006 voltooi en in Januarie 2007 aan die gemeentes vir kommentaar gestuur. Die keerdatum vir kommentaar was 30 Junie 2007.

Die hersiening van die Skrifberymings is in Oktober 2007 voltooi en in November 2007 aan die gemeentes vir kommentaar gestuur. Die keerdatum vir kommentaar was 30 April 2008.

Die moeilik verstaanbare en argaïese woorde en Nederlandismes is in 'n woordelys verklaar [soos reeds in 1994 en 1997 besluit is]. Die woordelys sal in die Aanvullende Agenda opgeneem word.

Kommentaar van die gemeentes

Die reaksie van die gemeentes was teleurstellend. Van die 299 gemeentes het slegs 13 [4.35%] en 2 individue kommentaar gelewer op die 150 Psalms. Drie van die gemeentes het gevra dat die Totiusteks net so behoue bly. Op die 50 Skrifberymings het net 10 [3.34%] gemeentes kommentaar gelewer. Twee van die gemeentes het gevra dat die Totiusteks net so behoue bly. Twee gemeentes het lank na die keerdatums en nadat die Deputate reeds vir die laaste keer vergader het, kommentaar ingestuur. Hulle kommentaar is nie verwerk nie.

Die kommentaar van die gemeentes is deurgewerk en waar die Deputate dit nodig geag het, is veranderings aangebring. Die Deputate het waardering vir die gemeentes wat kommentaar gelewer het. Die kommentaar en 'n opsomming van die kommentaar is in 'n Bylae C vervat.

Baie van die voorstelle wat van die enkele gemeentes gekom het, is nuwe voorstelle, terwyl die Deputate se opdrag was: "om die drie hersiende Totiustekste [van prof PW Buys, die Deputate vir Liturgiese sake en die teks van die Kommissie van br DF du Toit] wat op die tafel is te evalueer en een hersiening saam te stel."

Besluit: Kennis geneem van 3.1 tot 3.3.3.

4. Bevindings

Vanaf 1970 is wipplank gery met die besluit om die Totiusteks te hersien. Verskillende en selfs teenstrydige besluite is by verskillende Sinodes oor hierdie saak geneem [vgl. 2 van hierdie Rapport].

Die teleurstellende kommentaar van die gemeentes toon duidelik dat die hersiening van die Totiusteks nie hoog op gemeentes se prioriteitslys is nie.

Dit was vir die Deputate baie moeilik en dikwels onmoontlik om aan 'n poëtiese kunswerk te verander en ook om te besluit hoeveel verander moet word.

Besluit: Kennis geneem van 4.1 tot 4.3.

5. Aanbevelings

Die Deputate het hulle opdrag na die beste van hulle vermoë uitgevoer en lê die hersiening van die 150 Psalms en 50 Skrifberymings aan die Sinode voor vir beoordeling.

Besluit: Goedgekeur.

Die Deputate is egter van mening dat die 1937-beryming van die Psalms en die Skrifberymings onveranderd in die Psalmboek gepubliseer word. Hieroor was by die Deputate eenstemmigheid. **Motivering:** Aan ’n poëtiese kunswerk kan baie moeilik verander word. Hoe meer die Deputate met die teks gewerk het, hoe meer het hulle tot die besef daarvan gekom. Dit blyk ook uit die kommentaar wat ontvang is dat die hersiening van die Totiusteks nie hoog op gemeentes se prioriteitslys is nie.

Besluit: Goedgekeur dat die hersiene teks nie in die Psalmboek gepubliseer word nie, maar wel die 1937-beryming van die 150 Psalms en 50 Skrifberymings. Die hersiene teks word ter approbasie aan gemeentes beskikbaar gestel tot en met die volgende Sinode 2012 waar die te benoeme Deputate met ’n aanbeveling sal kom. Word verwys na die CJBF-deputate.

Die hersiene teks kan elektronies aan gemeentes wat dit wil gebruik, beskikbaar gestel word [so gou as moontlik].

Besluit: Goedgekeur – wysiging is reeds aangebring – Deputate Handelinge.

Dat moeilik verstaanbare en argaïese woorde en Nederlandismes in ’n woordelys verklaar word en agter in die Psalmboek opgeneem word [soos reeds in 1994 en 1997 besluit is].

Besluit: Goedgekeur dat die woordelys met moeilik verstaanbare woorde, argaïese woorde en Nederlandismes opgeneem word agter in gedrukte Psalmboek soos reeds in 1994 en 1997 besluit is. Hierdie woordelys moet verder uitgebrei word om ook die woorde in te sluit van die onveranderde 1937-Totiusteks. Verwys na CJBF-deputate.

Die Sinode spreek sy dank uit vir die harde werk oor baie jare van die Deputate wat aan die hersiening van die Totiusberyming gewerk het.

Besluit: Goedgekeur.

EEEEEE. **AANVULLENDE RAPPORT**

Soos in die Rapport in die vooruitsig gestel is, lê die Deputate die konsepwoordelys aan die Sinode voor. Die gedagte is dat dit as ’n Bylae opgeneem word in die Psalmboek. Baie dankie aan Adri Breed wat met die opstel van die woordelys gehelp het.

WOORDELYS

PS 1-150 EN SB 1-50

WOORD	18 TEKS	VERKLARING
aangedaan	78:23	aangedoen
aangegord	18:15, 18:17, 78:23	vasgemaak
aanskyn	44:9, 102:1	gesig, teenwoordigheid
Aalwee	45:7	aalwyn
Altoos	21:3, 119:30	altyd
awendtranse	103:6	Aandhemel, naglig
baan [ww]	5:7, 18:15, 60:4, 104:3, 108:4, Sb 2:4, Sb 22:3, Sb 36:1	gelyk maak om dit moontlik te maak om deur te loop, pad maak
bare	Sb 29:6	hoë branders, golwe
bedag	5:8, 33:5	Bedink, ingestel
bedolwe	42:4	bedek, toe wees
Bedryf	119:42	handeling, daad
Begewe	9:6, 31:8, 38:17, 44:7, 55:10, 56:1, 56:3, 71:6-7, 94:8, 102:3, 106:12, 126:2, 138:4, 143:9, 146:3	verlaat, in die steek laat, los
Behoed	25:10, 107:1, 121:2, Sb 47:1	oppas, beskerm
behoeder	22:4, 27:5	beskermer

behoudenis	51:1	behoud, redding
beloftenis	77:4, 116:3	belofte
belus	83:2, 108:3	gretig, begerig
benee	Sb 20:4	benede, onder
benouenis	18:2	benoudheid
benouing	17:7, 42:1, 143:4	benoudheid
besleg	9:2, 72:1, 58:4, 140:10	Behartig, die uitkoms bepaal
besoeking	Sb 43:4	beproewing, swaarkry
bestel	99:1	God se regering
betrag	38:16, 63:2, 78:5, 103:9, 106:2, 119:2, 119:8, 119:10	beskou, doen, vervul, in ag neem
betuig	18:5, 35:4, 47:1, 65:6,102:9	verklaar
bevalligheid	45:2	lieflikheid
bewoë	6:3, 17:1, 30:5, 103:7, 116:6, 121:1, 128:1, Sb 24:2	beweeg, aangedryf
bode	104:3	Boodskapper, afleweraar
boë	33:7, 37:9, 120:3	poort, ronde oordekking
boesem	35:6	Bors
bondsbestel	105:6, 106:20, 115:7, 135:7, Sb 1:6, Sb 2:1	reël van die verbond
bondstrou	10:9, 119:33	trou aan die verbond
bowe	33:1, 86:6, 138:1	bo
deelagtig	86:1, 106:2, 119:19	deel hê aan
dek	9:6, 20:1, 63:4, 105:18, 105:21, 147:5	beskerm
delger van die skuld	78:13	iemand wat jou van jou skuld verlos
der	68:2, 68:16, 80:8, 80:10, 84:1, 84:2, 84:4, 146:8, Sb 15:1, Sb 16:1, Sb 16:8, Sb 17:6	van die
derenis	Sb 5:2	deernis, simpatie
derwaarts	141:7	daarheen, in die rigting
dis	128:3	rankskik, sametrekking
doemskuld	51:3	skuld wat straf verdien
druk [snw]	12:5, 18:13, 20:9, 25:8, 27:6, 34:1, 35:6, 40:1, 40:3, 42:6, 42:7, 73:2, 74:7, 82:1, 84:4, 119:27, 136:18, 140:10, 142:2, 146:5, Sb 7:5-6, Sb 18:6, Sb 20:3, Sb 30:6	teëspoed, swaarkry
dwing'landy	42:6	onderdrukking, tirannie, heerskappy waar onderdrukking plaasvind
eedles	149:4	edeles, adellikes, vername persone
enkel	25:4, 33:3, 35:5, 37:19, 49:1, 62:6, 72:2, 93:1, 111:2, 116:6, 119:25, 119:59, 144:2	alleen
erbarm [ing] [e]	79:8, 123:1, 146:5, Sb 22:11	genade betoon
ere	3:1, 16:1, 21:4, 24:5, 29:1-2, 29:4, 30:8, 31:3, 35:4, 44:4, 54:2, 68:2, 68:16, 71:4-5, 71:12-13, 72:10, 86:4, 98:1, 99:3, 99:5, 105;1, 113:1, 118:10, 150:3, Sb 8:5, Sb 9:3, Sb 28B, Sb 30:3	eer
firmament	119:33	hemelruim
flonkervure	72:3	vure wat warm en sag skitter, vonkel
fondering	Sb 45:4	fondasies
formeer	Sb 34:1	vorm gee, maak
forse	29:2, 71:10	kragtige
gadeslaan	1:4, 13:3, 116:4, 130:2	om aandagtig na iets te kyk
galme	66:1, 98:2, 105:2, 118:7, 146:1	kragtige geluide wat ver gehoor kan word, weergalminge
gange	26:2, 27:5, 58:3, 68:11, 89:18, 90:7, 92:3, 118:1, 139:2	bewegings

gans[e] [lik] [er]	9:1, 18:6, 18:14, 22:7, 25:8, 31:8, 32:2, 32:5, 34:6, 35:6, 35:12, 38:4, 38:7, 40:4, 42:6, 45:12, 46:3, 51:3, 51:8, 86:1, 97:3, 97:4, 98:2, 98:3, 110:7, 119:1, 119:3, 119:4, 119:24, 130:1, 130:4, 139:11, Sb 13:1, Sb 35:3	heeltemal
gebaan [de]	26:7, 66:3, 78:18, 119:1	gelyk gemaak, pad, weë
gedaan	44:1, 50:7, 71:6, 77:6, 98:1, 147:7, Sb 7:4, Sb 7:7	gedoen, verby
gedagtig	Sb 1:2	dink aan
gedenk	8:4, 48:4, 61:4, 77:2, 89:17-18, 115:7, 146:5, Sb 2:2	dink daaraan, onthou
gedoë, gedoog	5:4, 16:4, 17:1, 19:4, 48:4, 68:2	verdra, toelaat
gedug [te], hooggedug	2:1, 9:2, 18:17, 29:2, 45:4, 46:4, 54:3, 59:3, 68:6, 68:11, 84:2, 99:2, 106:8, 110:7, 145:4, 148:4, Sb 45:2	wat ontsag inboesem, respekteerbaar
geformeer	104:15	vorm gegee, gemaak
gegewe, gewe	4:3-4, 20:3, 25:7, 31:2, 49:2. 69:9, 72:8. 72:11, 89:7, 90:2, 99:4, 128:2, Sb 35:3	gegee, gee
gehoon	Sb 16:10	gespottery (bw) gespot (ww)
geloofd sy God	28:6, 41:6, 68:9	God moet geloof word
gelouter	119;51	gesuiwer
geneë	25:2, 97:6	goedgesind
genestel	31:3	gekoester, verskuil
gerig	10:4, 50:3, 59:6, 76:4, 97:1, 99:1, 122:2	oordeel, straf
gesigsverrukking	Sb 9:4	vervoering as gevolg van ‘n visioen
geskraag	Sb 45:4	ondersteun
geskrewe	139:8	geskrywe
gesmaad	139:11, Sb 16:9	seermaak
gestewig	31:1, 65:5, 89:2	versterk, bestendig
gestrengheid	39:6	onverbiddelik, steng
gewaad	22;7, 65:8, Sb 9:1, Sb 42:4	klere
gewend	18:8, 66:8	gedraai
gewin	37:13	wins
godedom	97:4, 97:5	al die afgode
goedertieren (heid)	21:5, 33:11, 77:7, 85:2, 89:1, 89:10-11, 100:4, 103:4, 108:1, 136:1-20	genade, barmhartigheid
gramskap	2:6, 6:1, 18:8, 77:5, 78:8, 78:13, 85:1, 90:4, 90:5, 90:6, 103:5, 106:12, Sb 19:5	toorn
grimmigheid	38:3, 60:1, 69:10, 76:6, 78:18, 88:7	toorn
gunsgenoot	16:5, 31:17, 37:18, 97:6, 131:1	iemand wat deel in die guns
haas	Sb 6:2	byna
halleluja	105:24, 117:1, 150:3	lofuitdrukking
harnas	91:2	Beskermingsklere (in oorlog)
harpenare	43:4, 49:1	harpspelers
hef	25:1, 33:1, 41:4, 44:9, 86:2, 86:6, 89:13, 118:8, 134:2, 135:1, 143:5, 144:6	oplig, hef aan; begin (hoog) sing
heg (bnw)	37:14,	vas, stewig
heg [ww]	119:51	vashou, vassit, vaskleef
heilsverbond	44:6	genadeverbond
hemeltranse	81:3, 94:1, 136:6	hemelboog
her	75:4	hier
herout	Sb 2:3	boodskapper, bode
hert	42:1	wildsbok
heugenis	65:2	herinnering
heuningbeek	81:18	fontein van heuning
hoeder	Sb 26:7	beskermer, bewaker

hooggehewe	89:10	Verhoogde
hoon [snw]	2:3, 2:5, 3:1, 74:17	belediging, lastering, bespotting
hoon [ww]	68:3, 74:13, 79:4	belaster, bespot, beledig
horing	148:5	teken, simbool van mag
jammerstaat	28:3, 36:3, 80:3, 106:11	treurige toestand
jubelreie	30:7	jubelkore
jubelskal	108:2	luide gejuig
kerker	107:5, 107:6	gevangenis
klaar	103:4, Sb 45:4	helder, duidelik
klaarheid	30:6	helderheid, duidelikheid
klare	17:7, 42:1	helder, duidelik
kluister	105:11	Gevangenskap
koestering, koest'rend	78:1, Sb 15:3	vertroeteling, goeie versorging
krank (e] (heid)	38:8, 73:2, 103:2, sb 50:6	siekte
kruid	104:8, 147:3	eetbare, sagstammige plant
lende	76:5	heupe, onderlyf
lewenstond	139:6	lewenstyd
lot	16:2, 17:4, 17:7, 22:7, 34:5, 35:7, 43;5, 47:2, 57:4, 63:4, 73:12, 106:18, 107:6, 107:9, 119:18, 121:1, 126:2, 129:3	dit wat met jou gebeur
lowe	33:1, 86:6, 138:1	loof
lower	110:4	blare
luister (snw)	30:6, 139:5	glans, heerlikheid
lyder	38:17	lyer
lydsaamheid	37:5, Sb 20:6, Sb 41:2, Sb 43:4	geduldig,
lye	31:12, 66:4, 72:7, 94:10, 118:3	lyding
maaier	129:5, 129:6	iemand wat oes
mat	107:8	moeg
mededoë	4:3, 6:3, 25:3, 31:7, 33:9, 89:7, 102:8, 103:6, 103:7, 106:17, 146:6, Sb 24:2	medelye
meld [e]	9:10, 9:12, 16:4, 19:1, 40:3, 48:5, 68:5, 71:15, 107:1	vertel
mengeling	75:5	mengsel
mild [e], mild'lik, milddadig mildheid	37:2, 65:3, 65:6, 72:3, 81:12, 81:18, 105:21, 111:3, Sb 13:7	sag, oorvloedig, vrygewig
min	11:5, 33:3, 45:5	liefhê, bemin
mishae	38:5, 38:10	misnoeë, afkeer
More	87:3	'n land/streek in die Ooste
neig u oor (ore)	34:7, 45:9, 49:1, 61:1, 69:6	luister
omgeef	2:3, 46:1, 109:10, 139:10, Sb 27:3	omring
omhooggehewe	56:1,3, 90:3	opgelig, opgehef, boontoe gerig
omlaag	18:8, 33:4, 65:9, 115:2, 135:3, 136:5, 139:4	na onder
ongety	31:1	rowwe see, onstuimigheid
onlustig	42:3, 7	oproerig, lusteloos, onverskillig
ons vlees kleef aan die aarde=onmagtig	44:9	ons lewe 'n wêreldse bestaan, 'n sterflike bestaan wat agterbly na ons dood
ontbloot	23:2, 29:4, 33:10, 47:2, 86:1, 94:3, 139:5, Sb 7:7	om sonder iets te wees
onthewe	32:1, 103:2	onthef
ontspring	32:4	ontstaan
ontsteek	38:1, 106;17	ontbrand, aan die brand raak, (figuurlik); kwaad word
onweerskuil	81:7	poel water wat ontstuimig is

onweersrigter	29:5	Hy wat straf deur middel van onweer
onweersvlaag	104:5	reën(vlaag), ontstuimige weer
onwelvoeglik	Sb 21:4	lelik, onvanpas
oorgegewe	11:4, 22:4, 31:6, 31:11, 54:1, 71:1	oorgegee
oorlog-kans	46:5	oorlogsmoontlikheid
oorwelf	147:2	staan soos ‘n boog bo-oor
paal	7:5, 65:5	Vaste argaïese uitdrukking: “paal en perk” – te make met perke stel, indam, maatstawwe bepaal
pal	91:4, 119:55	onbeweeglik, onwrikbaar
pelgrimskrede	118:9	voetstappe of treë van ‘n reisiger wat op pad is om te gaan aanbid
perke	65:5, 66:1, 86:5, 92:3, 96:1, 102:9, 106:1	grense
pesdamp swanger	Ps 91:2	onheil (pes) kan enige oomblik uitbreek
raap	127:2	gryp
rede	17:2, 17:5, 77:1, 120:4	toespraak, woorde
reë	29:4	wildsbokke
regsgedinge	31:19, 148:4	hofsake
regvaardig	54:1, 67:2, 116:3	regverdig
rig	5:4, 46:4, 54:1, 72:1, 94:1	regeer, lei
rigter	94:11, 103:3	regter, leier
roede	6:1, 50:8, 89:13	
rotsburg	46:4, 48:1-2	rots vesting, veilige plek, fort
rougewaad	35:5	rouklere
ryksverordening	147:7	wetlike bepaling vir die koninkryk
saakbeslegter	96:8	Regter
Sebaot	48:3	van die leërskare
seraf	89:3	engel
sinne	38:8, 55:2	redelike vermoëns
skaar	17:4, 35:6, 40:2, 42:2, 46:6, 59:1, 68:12, 109:10, 129:2	skare, menigte
skanse	48:5, 76:1	Stadsmure, beskermingswalle
skimverskyning	62:6	vae gedaante wat verskyn
skrede	5:7, 17:5, 23:1, 24:3, 25;6, 38:14, 43:1, 71:10	voetstappe, treë
Skrifture	Sb 46:3	Goddelike geskrifte
skrikbewoë	Sb 46:1	Aangedryf deur respek
slagswaard	7:7	swaard wat vernietig
smaad (snw)	22:3, 25:1, 44:4, 55:5, 69:3, 69:5, 70:1, 71:1, 79:3, 89:16, 119:8, 119:12, 126:1, 140;11	spot, lastertaal, skande
smaad (ww)	10:7, 50:8, 74:8, 102:4, 109:9, 120:2, 141:3	skandelik beledig
smaadbesef	44:6	bewus van eie skande
smaadgeroep	57:2	uitroep van skaamte of smart
smaadtaal	31:11, 141;3	lastertaal
smaadwoorde	69:4	spot-, kwetsende- lasterlike woorde
smeltendskone	33:1	intense beskrywing van skoonheid
snee	64:2	snykant
Soon	Sb 5:1	Seun
spys [e]	104;17, 111:3, 146;5	vos, voedsel
staat	21:4, 38:15, 125:6	toestand, stand
stawing	106:4	bewys
stee	46:1	plek, staanplek, rusplek

stig	33:7	bou, oprig
stilverloorne	72:6	dié wat sonder
stonde	120:2, 130:2	uur, tydstip
stoppels	83:4	dele wat oorbly nadat plante afgeoes is
stormgerug	31:2	gerug van ‘n storm
strafgeding	82:1	hofsaak waarin swaar strawwe opgelê word
strafgerigte	96:8	regshandelinge waarby straf opgelê word – gewoonlik deur God
stralebaan	Sb 3:2	ligstreep
stryk	89:3	vel
teënhede	4;1, 4:4, 38:14, 119:63	teëspoede
teëweer	47:4, 62:5, 84:5	iets wat weerstand bied, iets om jou mee te beskerm
terge	68:7	terg
terstond	78:11	dadelik
toegeseg	47:2, 105:23, 116:9, Sb 1:6	toegesê, belowe
toeverlaat	73:10, 119:42, 146:3	hulp, beskerming, iemand op wie jy kan staatmaak
toornblik	39:7	in woede kyk
top	107:18	tot bo
toringtranse	45:5	hoë torings, balkonne rondom ‘n toring
trans[e]	19:1, 37:3, Sb 45:9	balkon rondom ‘n toring
trek	45:2	?????
troongenoot	45:6	iemand wat saam met die koning op die troon sit
twisgedinge	146:7	rusies wat deur die hof besleg word
uitverkore	33:6, 89:11, 105:4, 105:10	uitverkies
veldgewas	72:3, 78:16	veldplante
verderf [we]	2:5, 18:2, 21:8, 37:5, 38:12, 49:7, 63:5, 102:11, 144;4	ondergang, ongeluk, verganklikheid,verdoemenis
verdwyning	Sb 46:1	wegraak
vergange	66:4, 77:3, 118:1, 118:2, 118:14	verlede
verhewe	4:4, 5:10, 9:6, 11:3, 15:2, 16:1, 31:3, 36:2, 36:16, 47:1, 47:4, 48:1, 49;4, 49;7, 62;5, 68:16, 71:2, 72:11, 92:4, 98:2, 104:1, 110:2, 111:5, 118:8, 143:10, Sb 1:3, 9:2, 24:6, 35:3	hoog, hoogmoedig, trots
verhoë	148:5	verhoog
verkleef	119:55	vasgeheg
verkore	4:2, 87:4, 105:15, 106:11, 116:9, 118:12	verkies
verorden	119:10	bepaal, beveel
verordineer	Sb 24:5	bepaal, besluit
verordening[e]	119:50, 119:54, Sb 34:1	bepalinge, besluite
verpand	26:4, 37:2,Sb 40:2	verbonde, toegewy
verrys	Sb 27:3, 43:5	opgestaan
versaak	106:8, 107:8	ontrou word aan
verseël	Sb 24:7	gewaarborg
versmag	27:6, 61:1, 69:1, 77:2, 107:2, 119:34, 142:2, 143:4, 143:6	beswyk, wegkwyn
verspieders	27:5	spioene
verswelg	55:6, 74:10, 106:7	insluk, opeet
vervloë	90:4	wat al verby is
verwante	38:10	familie
verweer	12;5, 18:1, 18:7, 33:6, 37:9, 109:1	verdediging

veste	43:3, 91:1	vesting
volkeskaar	87:5, 96:4	menigte volke, menigte uit die volk
voortgedrewe	68:1	voortgedryf
waan	9:11, 10:3, 35:8, 37:7, 62:6	onjuiste voorstelling, ydel gedagte
waterbeke	42:1	waterstroompie
wederstrewer	44:5	koppige, opstandige
wee	2;3, 37;9, 29:4, 41:2, 97:6, 120:4, Sb 13:8, Sb 20:4	pyn(e), smart(e)
week [heid]	30:6	swak, sag
weerkrag	18:1, 89:7	krag om weerstand te bied
weggedaan	103:6	laat verdwyn, vernietig
wek	17:5, 35:5, 63;4, 68:11, 84:3, 85:2, 88:11, 119:54, 119:57, 133:1, 137:1	wakker maak
wel	78:2	bron
welbehae	4:1, 5:11, 23:3, 43:5, 61;5, 72:4, 80:5, 90:8, 103:8, 105:23, 116:1, 143:8, 149:2, Sb 4:5, Sb 26:6	vreugde, genot, genoeë, goeddunke
weleer	74:2, 77:4, 78:4-5, 80:8, 83:3, 95:5, 145:5, 146:8, 149:3	lank gelede
welgedaan	13:5, 116:4	goed gedoen
welgevalle	20:3, 22:7, 54:3, 87:1, 89:15, 111:1, 112:1, 118:4, 128:2	vreugde, genoeë
welgevallig	69:12, 104:20	vreugde, genoeë
welsalig	1:1, 2:6, 32:1, 40:2, 41:1, 65:2, 84:2-3, 84:6, 106:2, 112:1, 144:6	baie gelukkig
wend	14:7, 34:7, 39:6-7, 53:7, 78:13, 86:8, 89:23, 103:9, 139:2, Sb 34:1	draai, verander, afkeer
wende	102:7	draai, verander, afkeer
wending	107:6, 107:9	verandering
wentel	Sb 45:9	rol, draai
wering	Sb 45:4	beskerming
werketal	Ps 104:14	skepsels, alles wat gedoen is, take wat verrig is.
wesenloosheid	49:5	oënskynlik sonder verstand of gevoel, dofheid
wesensgrond	51:3	die diepte van my siel
wis [ww]	51:1, 119:6	afvee, wegneem
wyk	9:13, 18:2, 18:8, 33:10, 35:2, 40:1, 46:4, 89:1, 90:9, 119:33, 38, 41, 129:4, 139:10	padgee

Besluit: Die voorstelle in die Aanvullende Rapport [Bylae A] wordna die CJBF-deputate verwys om te oorweeg met die oog op hulle aanbeveling na Sinode 2012.

22.3 RAPPORT: DEPUTATE LEERSTELLIG (SUBGROEP: LIED) – SKRIF- EN BELYDENISGETROUE LIED (ARTT 80, 212, 222, 223)

FFFFFF. Ds HLJ Momberg lewer die Rapport.

GGGGGG. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Liturgiese Sake 2.

HHHHHH. Ds LJ Buys rapporteer namens Kommissie Liturgiese Sake 2.

IIIIII. **Besluit:** In die lig van die bespreking word die Kommissierapport verwys na 'n ad hoc-kommissie vir herformulering van 'n voorstel met inagneming van die gedagtes wat in die Sinode tydens bespreking geopper is. Die lede van die Kommissie is: oudl F Venter (s), di LJ Buys, HMP van Rhyn, dr HG Stoker, ds P Venter, dr JF Fatuse en ds LH Moretsi. Adviseurs is proff A le R du Plooy en TD Mashau.

JJJJJJ. Ds P Venter rapporteer namens die ad hoc-kommissie.

KKKKKK. **RAPPORT**

1. Sake waarvan die Sinode kan kennis neem

1.1 *Opdrag (Handelinge 2006:571)*

1.1.1 Die aard van die opdrag wat die Sinode aan die Deputate gegee het, is nie normaal nie, in die sin dat dit nie in wese 'n nuwe studie-opdrag is wat na die Deputate verwys is nie.

1.1.1.1 In 2003 het twee Beswaarskrifte gedien wat versoek dat KO, art 69 uitgebrei word om ook "ander" liedere in die kerk te kan sing (Handelinge 2003:502, 512).

1.1.1.2 Hierdie Beswaarskrifte is deur Sinode 2003 afgewys.

1.1.1.3 Die Sinode het die inhoud van die Beswaarskrifte as studie-opdrag aan Studiedeputate gegee.

1.1.1.4 Die Rapport van die Studiedeputate (Deputate Leerstellig) het in 2006 gedien (Handelinge 2006:557) en word hieronder ingevoeg (vgl. 1.3).

1.1.1.5 Sinode 2006 het die Studierapport vir aanbeveling na 'n Kommissie verwys. Hierdie ongepubliseerde Kommissierapport word ook hieronder ingevoeg (vgl. 1.3).

1.1.1.6 Vanweë tydnood tydens Sinode 2006 kon hierdie saak nie afgehandel word nie en is derhalwe na hierdie Deputate verwys.

1.1.2 Die Deputate oordeel dat die Deputaterapport en die ongepubliseerde Kommissierapport wat op Sinode 2006 gedien het, die inhoud van die twee Beswaarskrifte van 2003 genoegsaam verdiskonteer het en daarom nie *de novo* deur hierdie Deputate in behandeling geneem is nie.

1.1.3 Die aanvaarding van 1.1.2 bring mee dat hierdie Deputate sy opdrag so verstaan het om die inhoud van die Deputaterapport (2006) asook van die ongepubliseerde Kommissierapport (2006) te beoordeel en 'n aanbeveling aan Sinode 2009 te maak.

1.2 *Die saak waaroor dit gaan*

1.2.1 Hierdie saak gaan enersyds oor die Gereformeerde standpunt dat ons in die kerke alleen die liedere sing waarvan die teks in die Bybel is en andersyds oor die vraag of ons tog ook liedere in die kerke kan sing wat die leerstellige, openbaringshistoriese lyne en gedagtes van die Skrif verwoord. Indien laasgenoemde weg opgegaan word, sal dit noodwendig tot gevolg hê dat KO, art 69 gewysig moet word.

1.3 *Vergelykende aanbieding van Rapporte (Sinode 2006)*

1.3.1 Die Deputate ag dit noodsaaklik om die Deputaterapport van 2006 sowel as die ongepubliseerde Kommissierapport van 2006 vergelykenderwys te stel sodat die Sinode die saak behoorlik kan beoordeel. Die oorspronklike redigering en numerering van die Deputaterapport asook die Kommissierapport is deurgaans behou. ***Die ongepubliseerde Kommissierapport, wat telkens kommentaar lewer op elke aspek van die Deputaterapport, word deurgaans hieronder in blokke na verwys.***

Besluit: Kennis geneem van 1.1.1 tot 1.3.1.

*****DEPUTATE- EN KOMMISSIERAPPORT VAN SINODE 2006 BEGIN HIER*****

1. Opdrag

1.1 <u>Nasionale Sinode GKSA 2003 het twee sake na bogenoemde Deputate verwys, t.w.</u>

1.1.1 Die twee Beswaarskrifte van Partikuliere Sinode Randvaal oor KO, art 69 (vgl artt 21.4 en 21.5; Handelinge 2003:502-527).

KOMMISSIERAPPORT
2.4 Aanbevelings
2.4.1 SAKE OM VAN KENNIS TE NEEM (AA 15.18 P 700) Deputate Leerstellig – Skrif- en belydenisgetroue lied
2.4.1.1 Die Deputate het hulle opdrag so verstaan om alleen kennis te neem van die twee Beswaarskrifte van Part Sinode Randvaal. Dit blyk in lyn te wees met die besluite van 2003 p512 artikel 6.3, en p527 punt I. Die Sinode 2003 het nie gevolg gegee aan die Beswaarskrifte nie, maar dit verwys na die Deputate om in ag te neem met hulle studie.
2.4.1.2 Die Sinode neem kennis van die studie gedoen deur die Deputate Leerstellig.

1.1.2 Besluit 6.2.2, Handelinge 2003:645, oor Rapport Deputate Liturgiese Sake.
Bogenoemde Deputate het hulle opdrag soos volg verstaan: Om die Sinode, na verdere studie deur die Deputate, te adviseer oor die diensbaarheid van Skrif- en Belydenisgetroue liedere in die kerke (w.o. eredienste). Ons het dit nie as ons taak gesien om sowel voorgenoemde Beswaarskrifte as die voorlopige studiestuk van Deputate Liturgiese Sake (vgl. besluit 6.2.2, Handelinge 2003:645) te beoordeel nie, wel om deeglik kennis te neem van die inhoud daarvan.
Onderstaande studieresultate en prinsipiële aanwysers is verkry deur die uitvoering van ons opdrag.

KOMMISSIERAPPORT
1. OPDRAG
1.2 Uitvoering van die opdrag
1.2.1 Deurdat hierdie Studierapport eers uitgedeel is met die Aanvullende Agenda, het dit die beoordeling van die Rapport bemoeilik.
1.2.2 U Kommissie het dus punte aangestip wat ons as leemtes beskou het in die Rapport en wat na ons mening die wese van die Rapport raak.
1.2.3 Die Kommissie het hulle beredeneringe van die Rapport ingedeel onder die volgende hoofde: Eksegetiese en teologiese aspekte, historiese en kerkregtelike aspekte en ander oorwegings.

2. BEREDENERING
2.1 Die Deputate Leerstellig het opdrag gehad om die hele saak van Skrif- en Belydenisgetroue liedere in die erediens te ondersoek, en om riglyne te stel vir Skrif- en Belydenisgetroue liedere asook belydenis-identieke en belydenis-berymde liedere.
2.2 Die Deputate het hierdie opdrag uitgevoer en kom gevolglik met aanbevelings dat KO, art 69 gewysig moet word: "*In die kerke sing ons Skrif- en belydenis-identieke, Skrif- en Belydenis-berymde en Skrif- en Belydenis-getroue liedere."*
2.3 Vir duidelikheid word ook die definisie van 'n Skrifgetroue lied gegee (Handelinge 2003:664): "Hierdie lied is 'n toonsetting van 'n vrye lied wat getrou is aan die boodskap van die Skrif. 'n Mens sou dit ook 'n Skrifmatige lied kon noem (bv. Skrifberyming 26:11; 49; 50 en talle gesange)."
2.4 Die Kommissie het uitgegaan van die feit dat die Sinode nog nie sy goedkeuring verleen het vir die wysiging van KO, art 69 nie.
2.5 Die Kommissie is van oordeel dat die voorgestelde wysiging van KO, art 69 belangrike veranderinge sal meebring vir die Gereformeerde Kerke se siening van die kerklied, en was van mening dat die Sinode hiervan deeglik kennis sal neem.

2. Enkele Skrifgegewens in die lig van die vraagstuk oor Skrif- en Belydenisgetroue liedere

KOMMISSIERAPPORT
2.2.1 EKSEGETIESE EN TEOLOGIESE ASPEKTE
2.2.1.1 Daar bestaan 'n leemte in die eksegetiese gedeelte van die studie deurdat alleen selektiewe bronne aangehaal is wat 'n bepaalde standpunt ondersteun, nl. die van Skrif- en Belydenisgetroue liedere. Geen bronne is aangehaal wat die teendeel bewys nie.

2.1 *Ou Testament*

2.1.1 Die Tempeldiens

Die Ou-Testamentiese tempelkultus is onder andere deur sang en instrumentale musiek gekenmerk. Die Verbondsgod van Israel was beide die inhoud en die gerigtheid van die volk se sang. Die kultiese sang van die Ou-Testamentiese tempeldiens was kenmerkend psalmsang, met verwysing na die kanonieke psalmboek. Alhoewel die 150 Psalms oor baie eeue heen ontstaan het, is dit deurentyd in die tempelkultus as basis vir sang gebruik. Die tempelkultussang was georganiseer onder toesig van sogenaamde liturgiese ampsdraers of sangersgildes, byvoorbeeld die Asafiete en Koragiete. Sommige van die Psalms kon juis in gildeverband ontstaan het met die oog op kultiese of korporatiewe gebruik. Die kultiese sang in Israel wou vertikaal én horisontaal kommunikeer. Dit wou gebed wees, sowel as verkondiging van Jahwe en sy dade. Klaarblyklik het musiek en sang slegs 'n dienende funksie gehad: diens aan die Woordopenbaring (Strydom, 1994:9-13).

2.1.2 Die Sinagogediens

Die sinagogediens het naas die tempelkultus ontwikkel en het 'n eie aard en funksie gehad. Dit wil voorkom of hierdie diens sy ontstaan in die ballingskap gehad het, toe Israel afgesny was van die tempel. Die sinagogediens het steeds gegroei in die daaropvolgende eeue en was primêr gerig op onderrig uit die Skrifte en gebed. Die vorm wat die sinagogediens aangeneem het, was sistematiese lesings uit die tora, profete en geskrifte, vergesel van die vertaling (in die Aramese spreektaal) en die verklaring daarvan. Die Skriflesings en –verklaring is vergesel van voorgeskrewe gebede. Ander handelinge was: gemeentelike respons ("amen", "halleluja", doksologië) en 'n element van geloofsbelydenis (vgl. Deut 6:4). Die opeenvolgende Skriflesings is met psalmsang afgewissel. Die wyse van sang was meermale spraaksang, met ander woorde die spreek van bepaalde perikope in 'n verhoogde spraaktoon. Klaarblyklik was estetiese skoonheid t.o.v. sang nie van belang of prioriteit in die sinagogediens nie. Wisselsang was ook kenmerkend van alle volksang vanaf die vroegste tye af. Dit was die invloed van die humanisme en rasionalisme (16de/17de eeu) wat hierdie gebruik in onbruik laat raak het (Strydom, 1994:14-16).
Die aard van die sang in die sinagogediens was hoofsaaklik Skrifperikope, Psalms en "cantica" (Skrifgesange) wat deur 'n voorsanger langs die weg van spraaksang voorgedra is. Die stemming van die teks was bepalend vir die spraakmelodie. Soms het melodieë meer oorgeleun na die kant van spraak, en soms weer na die musikale kant (Strydom, 1994:15).

2.2 *Nuwe Testament*

2.2.1 Nuwe Liturgie?

Viljoen (1990:6) meld dat die evangelie van Jesus Christus, en die gevolglike vreugde daaroor, tot uiting gekom het in die sing van liedere (vgl. Hand 2:46-47; 1 Kor 14:15b-26). Dit blyk dan dat, om uiting aan hulle nuwe lof te gee, die eerste Christene die Psalms van die Septuaginta as hulle eerste sangboek gebruik het.

Met die verwoesting van die tempel in 70 nC het die tempelkultus tot 'n einde gekom. Mettertyd is die Christene ook uit die sinagoges verban. Alhoewel die Nuwe Testament geen verslag van die liturgiese verloop van die heel vroegste Christelike eredienste bied nie, lyk dit tog of die Christene hulle eie liturgie ontwikkel het, bestaande uit lofprysing, gebed en onderrig. Gesamentlike lofprysing het die erediens ingelui. Viljoen (1990:7) meen dat hierdie elemente uit die Talmud afgelei is wat bepaal dat daar eers lofprysinge gesing moet word voordat daar gebid word. Die oorname van hierdie prosedure lê moontlik ten grondslag van 1 Korintiërs 14:26 waar daar genoem word dat, in die gemeente van Korinte, die gesamentlike lofprysing met 'n Psalm van lofprysing ingelui word.

Volgens Strydom (1994:21) is daar in die briewe van Paulus (1 Kor 14:15, 26; Ef 5:19; Kol 3:16) en Jakobus (5:13) spesifieke opdragte ten opsigte van godsdienstige sang, alhoewel nie oral pertinent in verband met die samekomste van die gemeente nie. Strydom maak 'n aantal basiese gevolgtrekkings uit hierdie uitsprake en dit word soos volg saamgevat:

(a) Sang is 'n spontane geloofsuiting by Christene tydens hulle samekomste (1 Kor 14:15, 26).
(b) Dit is 'n uitdrukking van opgeruimdheid, lof en danksegging. Dit is dus op God gerig.
(c) Die lied het ook ten doel om onderlinge opbou te bewerkstellig (1 Kor 14:15-17, 26), om onder mekaar te spreek (Ef 5:19), en is 'n medium om wedersyds te onderrig en te vermaan (Kol 3:16 vv).
(d) Dit is die middel tot, en die vrug van Geesvervuldheid (Ef 5:18, 19).
(e) Paulus verwys daarna dat daar psalms, lofgesange en ander geestelike liedere gesing moet word (Ef 5:19; Kol 3:16). Hierdie terminologieë dui na alle waarskynlikheid op 'n volheid en 'n veelheid van liedere en spreek van die omvattende lofprysing van mense wat met God vervul is.

2.2.2 <u>Efesiërs 3:16 en Kolossense 5:19</u>

Binne die breë konteks van Efesiërs en Kolossense is dit duidelik dat die tekste Efesiërs 3:16 en Kolossense 5:19 beide in die imperatiewe gedeelte van die briewe val wat volg op die indikatief van die eerste aantal hoofstukke. Die opdrag in die imperatiewe gedeeltes van Efesiërs is om jouself met die Gees te laat vervul, net soos wat dit imperatief is om die voorskrifte van die huwelik (Ef 5:22 vv) na te kom. Die gevolg van hierdie Geesvervuldheid is hartlike sang tot eer van die Here by wyse van psalms, gesange en ander geestelike liedere, waarin die eer aan God (doksologiese karakter) en die onderrig van mekaar (didaktiese karakter)/opwekking en vermaning van mekaar (pastorale of parakletiese karakter) voorop staan.

Kolossense 3:16 maak melding daarvan dat die gemeente mekaar moet leer en onderrig met alle wysheid. Hierdie wysheid kan alleen gestalte kry deur die inwoning van die boodskap van Christus. Die wyse waarop daar onderling geleer en onderrig word, is deur die sing van psalms, gesange en ander geestelike liedere (O'Brien, 1982:207-208). Sintakties beskou is die Grieks effe problematies, maar word op goeie gronde voorgestel dat die sing van psalms, gesange en ander geestelike liedere wel verbind word aan "leer en onderrig", aangesien die voorsetselfrases wat die deelwoordfrases voorafgaan duidelike merkers blyk te wees wat die sin opdeel in twee verskillende "imperatiewe/opdragte". Hierdie siening word ondersteun deur die parallelle gedeelte in Efesiërs 5:19, waar daar interessantheidshalwe sprake is van "*Spreek tot mekaar* deur die sing van psalms …"

'n Belangrike parallel tussen Efesiërs 5:19 en Kolossense 3:16 is dat, wanneer die twee tekste saam gelees word, die duidelike band tussen Woord en Gees uitgelig word. In Efesiërs 5:19 is sprake van Geesvervuldheid en in Kolossense 3:16 van die vervulling deur die Woord. Die wye verskeidenheid liedere waarvan moontlik hier sprake kan wees, het tog hierdie gemene faktore, naamlik dat hulle die resultaat van Gees- en Woordvervuldheid moet wees.

Oor sprake van drie kategorieë liedere in beide hierdie tekste, is daar uiteenlopende menings. Die vraag bestaan of daar in die historiese ontstaans- en leefwêreld van die himniese stof van die Nuwe Testament sprake is van verskillende liedtipes en of die terminologie van Kolossense 3:16 en Efesiërs 5:19 wel op drie verskillende liedtipes dui.

Bingle (2000:76) oorweeg die moontlikheid dat hierdie tekste nie op 'n veelheid van liedtipes dui nie, maar op 'n veelheid van liedere. Hy onderskei tussen die drie terme op die volgende wyse:

(a) Op die oog af wil aanvaar word dat "*psalmois*" hier verwys na die Ou-Testamentiese psalms, maar die term word soms ook wyer gebruik om ander liedere of musiek of lofprysing aan te dui (Viljoen, 2001:438). In die Hellenistiese kultuur het psalms dikwels getuig van sang onder begeleiding van ('n) snaarinstrument(e). "*Psalloo*" beteken letterlik om (hare/vere) te pluk. Die begrip is oorgedra na die gebruik om harpsnare te pluk en daardeur klank voort te bring vir die begeleiding van sang (O'Brien, 1982:209). 1 Korintiërs 14:26 is so 'n geval waar "psalm" heel waarskynlik dui op 'n nuut-omskrewe lied van lofprysing, geïnspireer deur die Gees en gesing met die dankbaarheid wat hoort by 'n lidmaat van die gemeente van Christus, eerder as wat dit dui op die bundel van psalms in die Ou Testament.

(b) "*Humnois*" is 'n algemene term in Bybelse literatuur wat verwys na feestelike sang of lofprysing (O'Brien, 1982:209), alhoewel dit in die twee voorkomste in die Nuwe Testament spesifiek verwys na 'n uitdrukking van lofprysing teenoor God of Christus.

(c) "Ander geestelike liedere" (*ooidais*) word in die Nuwe Testament hoofsaaklik gebruik as liedere waarin die handeling van God beskryf en besing word (O'Brien, 1982:209).

Kortom kan bg. soos volg saamgevat word (vgl. Bingle, 2000:76-77):

(a) Ou-Testamentiese Psalms (of liedere wat Psalms as voorafgaande prototipes het);

(b) Vryer, minder algemene liedere wat minder direk op Ou-Testamentiese Psalms teruggaan (dus meer "nuutskeppinge" is wat vertroue te midde van nood en benoudheid weerspieël);

(c) Spontane, meer algemene reaksies (wat ook minder direk op Ou-Testamentiese Psalms teruggaan).

Viljoen (1990:7) skryf dat die kerk van die Nuwe Testament reeds in die lig van God se verdere openbaring begin het om nuwe liedere te skep en dat die verskillende terme wat in Kolossense 3:16 en Efesiërs 5:19 vir die verskillende liedere gebruik word, sprekend is van die ryke himnografiese aktiwiteit van die eerste gemeentes.

KOMMISSIERAPPORT

2.2.1.2 [Die aanhaal van selektiewe bronne] word bewys deurdat die gevolgtrekkings op grond van die eksegese van die Deputate Liturgies verskil. Die Deputate Leerstellig sien in Efesiërs 5:19 en Kolossense 3:16 Skriftuurlike motivering vir die sing van Skrif- en Belydenisgetroue liedere, terwyl Deputate Liturgies meen hierdie tekste gebied of verbied nie Skrif- en Belydenisgetroue liedere nie. Totius deel 7 (1962:136, 137) merk by die bespreking van Efesiërs 5:18 en Kol 3:16 op: "... die Nuwe Testament ook geen voorbeeld gee van 'n 'vrye kerklied' wat in die eerste kerk gesing is. Met ander woorde, die beroep op die Heilige Skrif ten gunste van die vrye kerklied gaan nie op nie.

2.2.3 Sing 'n "nuwe lied"

Vroeër is verwys na die nuwe lof wat gelowiges van die Nuwe Testament aan God wil bring as gevolg van die nuwe vreugde wat die evangelie van Christus gebring het. Wanneer Openbaring 5:9 en 14:3 praat van 'n "nuwe lied", dan ontstaan die vraag of die nuwe lied van Openbaring rigtingduidend kan wees tot die aard en die omvang van die kerklied.

In ou Griekse literatuur bestaan die *topos* dat nuwe liedere die beste liedere is; ook nie noodwendig altyd nuwe liedere nie, maar nuwe maniere van sing (Aune, 1997:360).

In die Ou Testament kom die frase "nuwe lied" heelparty plekke voor (Ps 33:3; 40:3; 96:1; 98:1; 144:9; 149:1; Jes 42:10) waar dit inleidend is tot die viering van 'n spesiale geleentheid, of as inleiding dien tot die beskrywing van nuwe situasies waar die tradisionele liedere as onvoldoende beskou word om die nuwe en grootse ingryping en openbaring van God behoorlik te verheerlik (Viljoen 1990:155). In die Ou Testament kom hierdie frase in formules voor wat soms gekenmerk word deur die eskatologiese, tesame met die gedagte dat die "nuwe lied" die reddende dade van God besing en prys (Aune, 1997:359).

Ten opsigte van die "nuwe lied" in Openbaring bestaan die mening dat dit gekategoriseer kan word onder 'n "heilige oorlog"-terminologie. In hierdie verband is antieke militêre oorwinnings deur sang gevier (vgl. 2 Kron 20:27-28). Al is die voorkoms van nuwe liedere tydens so 'n oorwinningsviering skaars, dien Ps 144:9-10 as 'n voorbeeld waar 'n nuwe lied gesing is om die oorwinning te vier (Aune, 1998:808).

Volgens Viljoen (1990:155) kom die woord "nuut" herhaaldelik in die boek Openbaring voor waar dit gebruik word vir die "nuwe naam" (Op 2:17; 3:12), die "nuwe Jerusalem" (Op 3:12; 21:2), die "nuwe hemel en die nuwe aarde" (Op 21:1) en dat God alles "nuut" sal maak (Op 21:5). Beide "*kainos*" en "*neos*" word gebruik. Eersgenoemde dui op kwaliteit en laasgenoemde op tyd. Die nuwe lied in Openbaring is dan die uiting van diegene wat vrygemaak is deur die bloed van die Lam. Die Lam se reddingsdade het 'n nuwe situasie geskep wat 'n uitbreek van lof en prys tot gevolg het. Geen ander (lees: ou) lied wat aanvanklik bedoel was vir 'n ander situasie, voldoen volkome aan die vereistes om die nuwe lof tot uiting te bring nie. Viljoen vat kernagtig saam as hy skryf: "[D]ie Ou-Testamentiese liedere [vind] hulle vervulling in die heilswerk van Jesus Christus. Nuwe Liedere word na aanleiding van die verdere openbaring in Jesus Christus gesing, maar hierdie liedere sluit by die reeds bestaande liedere aan. Die lofprysing van die volk van God van die Ou Testament 'ontmoet' die lofprysing van die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge."

Viljoen (1990:155-156) beskryf die tema van hierdie nuwe lied (Op 5:9) as ooreenkomstig met die meeste Nuwe-Testamentiese Christus-himnes. Dit handel oor die dood van Jesus, die universele heilsbetekenis daarvan, die verheerliking van Jesus, sy huldiging bo alle hemelse magte en geskape dinge en dat Hy die troongenoot van God word. Met hierdie lofuiting stem die miljoene der miljoene engele saam en breek uit in lofuiting van die hele skepping (Op 5:13).

KOMMISSIERAPPORT

2.2.1.4 Volgens die Deputate se eksegese (p703, art 2.2.3) van die woord "nuut" in "nuwe lied" kan ons vandag 'n "nuwe lied" dig na aanleiding van die groot dade van God. Nuwe lied sou dus hier staan as goedkeuring vir 'n Skrifgetroue lied. C Westermann deel 1 (1997:397) verklaar in sy Teologiese woordeboek dat die woord "nuut" soos bv gebruik in die Psalms nie die betekenis het van 'n nuwe teks of melodie nie, maar dat die groot dade van God in ons sang weerklank moet vind.

2.3 *Gevolgtrekking*

2.3.1 Reeds in die tempel- en sinagogediens het sang 'n prominente funksie vervul as aanvulling tot Woordverkondiging – met ander woorde: Waar God se almag verkondig word, is die onderrig aangevul deur lofprysing. Hierdie liedere, grootliks gegrond op die psalmbundel van die Ou Testament, het situasies besing waar God triomferend Here of Koning is van sy verbondsvolk.

2.3.2 Die Nuwe Testament beskryf die uitwerking van die blye boodskap van God se nuwe wonderdade in en deur Christus. Dit gee aanleiding tot die behoefte aan nuwe

lofuitinge. In hierdie opsig is Efesiërs 5:19 en Kolossense 3:16 beskrywend van die aard en omvang van liedere wat deur gelowiges gesing word. Hierdie liedere het ten doel om mekaar te leer en te onderrig (vermaan). Die Gees en die Woord is leidinggewend in die sing van hierdie liedere. Waar die Woord deur die werking van die Gees die inspirasie is tot liedere wat gesing word, kan dit as maatstaf dien in die samestelling van nuwe liedere wat ten doel het om (1) God te loof en te prys (doksologies) en (2) mekaar onderling te leer (didakties) en te vermaan (parakleties). Hierdie nuwe liedere is gegrond in die nuwe openbaring van God in Christus en is as sodanig die vergestalting van die nuwe lofuitinge van gelowiges.

KOMMISSIERAPPORT
2.2.1.3 Die Deputate se gevolgtrekking (p703, art 2.3.2) skep verwarring as die woord "inspirasie" gebruik word. Indien daarmee bedoel word dat ons liedere wat deur die Gees geïnspireer is vandag kan maak, onafhanklik van die Woord, verval die onderskeid tussen Kanon en nie-Kanon.

3. Enkele lyne oor die Skrif- en Belydenisgetroue, vrye lied in die Kerkgeskiedenis

KOMMISSIERAPPORT
2.2.2 Historiese en kerkregtelike aspekte – artikel 69 KO
2.2.2.1 'n Leemte in die studie is dat dit gedoen is vanuit 'n gesigspunt waarin alleen gekyk is na die herkoms, moontlikhede en kriteria vir die Skrif- en Belydenisgetroue lied. Op grond daarvan kom die Deputate met 'n aanbeveling om KO, art 69 te wysig. Daar is geen verweer voorsien vir die behoud van KO, art 69 in sy huidige vorm nie.
2.2.2.2 Die studie vra gevolglik vir 'n wesentlike wysiging van KO, art 69 sonder grondige inagneming van die kerkhistoriese agtergrond waarom KO, art 69 in die Kerkorde opgeneem is.
2.2.2.3 Die wesenlike aspek van KO, art 69 wat geraak sal word deur die voorgestelde wysiging daarvan, is dat die Gereformeerde Kerke 'n ander benadering sal volg ten opsigte van die beginsel wat vir die kerklied gegeld het.

3.1 *Stippellyne en vertrekpunte*

3.1.1 Slegs enkele perspektiewe
Die paar perspektiewe wat hier deur die Kerkgeskiedenis heen aangewys word, moet gesien word as stippellyne met die oog op die opdrag aan die Deputate. Binne die beperking van hierdie opset moet talle relevante gegewens uiteraard verbygegaan word. Slegs enkele punte word uitgelig.

3.1.2 Definiëring deur Sinode 2003
Sinode 2003 se "definiëring" (die Sinode se eie term) van hierdie soort lied as "'n vrye lied wat getrou is aan die boodskap van die Skrif", gee 'n duidelike fokus aan hierdie inset.

3.1.3 Nuwe bronne
As *vertrekpunt* vir die gang deur die kerkgeskiedenis word gegewens uit 'n geskrif geneem wat eers teen die laat 19de eeu as outentieke bron vir liturgies-historiese navorsing deur Protestante ontgin is (Fischer,1970:112-113): D*ie sewe briewe van Ignatius van Antiochië (ongeveer 110 AD)*. Die merkwaardige is dat dit een van die vroeg-Christelike geskrifte is wat, saam met ander (soos die *Didachè, ongeveer 100 AD)*, nie tot beskikking van iemand soos Calvyn was nie – al wou hy die liturgie na die gewoonte van die "*l'eglise ancien*" (die ou kerk) inrig. Die liturgiekenner, Jonker (*s.a.*: 19; vgl. Strydom, 1994:25 – klem bygevoeg), kan met goeie reg konstateer: "*Door de onderzoekingen in de laatste honderd jaar mogen wij uit de tijd van de oergemeente meer weten dan Calvijn in zijn tijd kon weten."* Hierdie feit moet ook in die ondersoek na die Skrif- en Belydenisgetroue lied deeglik verreken word.

3.2 *Die onderskeiding tussen die Skrifgetroue gebedslied en die verkondigende/lerende/belydende lied*

In die brief van *Ignatius aan die Efesiërs* kom **twee** soorte liedere (of himnes) voor wat in die vroeë kerk, direk na die Nuwe-Testamentiese tydvak, bekend was (vgl. Hamman, 1971:18, oor die aansien wat Ignatius in die kerke van daardie tyd geniet het): 'n gebedslied asook 'n verkondigende/lerende/belydende lied (vgl. *Aan die Efesiërs*: 4.2 i.v.m. gebedslied; en 4.1, 7.2, i.v.m. verkondigende/lerende/belydende lied). Aan die hand van hierdie onderskeiding word nou 'n paar perspektiewe deur die kerkgeskiedenis heen uitgestippel.

3.3 *Die Skrif- en Belydenisgetroue gebedslied*

3.3.1 Legitieme onderskeid tussen *Skrifgetroue* gebed en *Skrifberymde* gebedslied?

Openbare gebed kan onderskei word in *gebede van spraak* en *gebede van sang* (Calvyn, *Inst* 3.20.31). Die vraag is: Kan op 'n legitieme wyse gestel word dat spraakgebede wel Skrifgetrou en vry mag wees, terwyl sanggebede **slegs spesifieke Skrifgedeeltes moet** nasing, berym of omdig? Hierdie onderskeid is deur die eeue heen sterk bevraagteken – ook deur Christene wat die ***sola Scriptura***-beginsel van die Reformasie heelhartig onderskryf. Kuyper (1911:58) huldig byvoorbeeld die standpunt dat daar **geen gebod** in die Skrif is om slegs Skrifberymde gebedsange in die erediens te sing nie, hoewel hy dit tog die raadsaamste ag. Hy erken ook dat daar **geen verbod** in die Skrif is wat Skrifgetroue gebedsliedere verbied nie. Indien die gewoonte dat sanggebede net berymings of omdigtings uit die Skrif moet wees, konsekwent volgehou word, dan moet dit, volgens Kuyper (1911:53), tog **óók** van spraakgebede geld. "Dat alleen zou de strenge consequentie zijn."

Die kerkgeskiedenis moet daartoe meewerk dat 'n ware "katoliek-gereformeerde" antwoord op die vraag bo-aan hierdie paragraaf gevind kan word. Daarin kan ons die groot Gereformeerde teoloog, Herman Bavinck (1968:10-11; beklemtoning bygevoeg), in sy opvatting van die ***kerk se katolisiteit*** met vrug volg:

> "Deze katholiciteit der kerk, gelijk de Schriften ze ons tekenen en de eerste gemeente ze ons tonen, is van aangrijpende schoonheid. Wie in de enge kring van een kerkje of conventikel zich opsluit, kent haar niet en heeft haar kracht en vertroosting nooit in zijn leven ervaren. Zo iemand doet aan de liefde van de Vader, aan de genade van de Zoon, aan de gemeenschap van de Geest tekort; *hij berooft zichzelf van geestelijke schatten*, die door geen meditatie of devotie kan worden vergoed en verarmt zijn ziel. Maar wie uitziende naar buiten over de ontelbare schare heen, die uit alle volk en land en tijd door het bloed van de Zoon is gekocht … die kan niet eng zijn van hart, die blijft in zijn ingewande niet nauw."

3.3.2 Twee soorte Skrifgetroue gebedsliedere

Deur die Kerkgeskiedenis heen kan ten minste **twee soorte** Skrifgetroue gebedsliedere onderskei word: enersyds 'n *direkte* gebedshimne (tot die Drie-enige God, of spesifiek tot die Vader of tot die Seun of tot die Heilige Gees); en andersyds 'n *bemiddelde* gebedshimne tot die Vader, deur/in/met die Seun en in/deur die Heilige Gees.

3.3.2.1 Die direkte gebedshimne

3.3.2.1.1 Tot die Drie-enige God

Een van die bekendste direkte gebedsliedere tot die Drie-enige God is die laaste strofe van ***Christe qui lux est et dies*** ("Christus wat die lig is en dag"), wat waarskynlik in die 6de eeu ontstaan het. Hierdie lied is ook in Afrikaans vertaal as *"Skrifberyming" 20-2* in die Psalmboek van die GKSA. Vroeër was hierdie himne die *enigste Skrifgetroue lied uit die eerste eeue* wat deur die Gereformeerdes in Nederland binne eredienste gebruik is (Van Andel, 1988:24). Hierdie is sonder meer 'n vrye lied "in den meest volledige zin van het word" – wat deur ons Gereformeerde voorouers vrymoedig in die erediens gesing is (Kuyper, 1911:58).

[Die vraag, wanneer en waarom hierdie lied in die Psalmboek van die GKSA onder die rubriek *"Vir huislike gebruik"* geplaas is, kon nie nagegaan word nie.]

3.3.2.1.2 Tot die Vader

Verskillende liedere uit die ***Odes van Salomo*** kan hier vermeld word. Hierdie werk word getipeer as "this oldest of Christian hymnals" (Old, 1992:68). Dit dateer waarskynlik uit die jare voor 135 AD. Juis in verband met **reformatoriese debatte** oor die kerklied moet ons dit ook "distressing" (Charleston, 1989:283-284) vind dat daar so min aandag aan hierdie by uitstek "Christian Psalms" (Old, 1992:96) gegee is. As voorbeeld van 'n direkte gebedshimne kan die einde van *Ode Elf* genome word:

"Heerlikheid kom U toe, o, God, die Vreugde van die paradys vir ewig. Halleluja."

Hierdie hele *Ode* is 'n tipiese Skrifgetroue lied. Geen direkte Skrifverwysings, wat as aanhalings kan deurgaan, kom voor nie. Tog adem die woorde die Heilige Skrif en word gedra deur die Heilige Gees. 'n Boodskap uit die Skrif word duidelik verwoord (Harris, 1911:105-106).

3.3.2.1.3 Tot die Seun

Gebedshimnes aan Christus was blykbaar een van die opvallendste kenmerke van die vroeë kerk. Beroemd is die brief van die goewerneur van Bitinië aan Keiser Trajanus (ongeveer 112 AD), waarin hy, onder andere, rapporteer dat die Christene Sondagoggende vroeg bymekaarkom *carmenque Christo quasi deo dicere secum invicem* ("en 'n lied aan Christus as God sing, met beurtsang). Hasper (1955:66,97) wat 'n intensiewe studie van hierdie aanhaling en sy nawerkinge by Tertullianus en ander vroeg-Christelike skrywers gemaak het, konkludeer dat Plinius se getuienis bewys dat die vroeë kerk die vasstaande gewoonte gehad het om Christus as God toe te sing.

Skrifgetroue, vrye en direkte gebedsliedere tot Christus kan 'n sterk wapen téén dwalings wees. Om **nie** 'n gebedslied tot Christus te wil sing nie, is deur die **Sinode van Antiochië** (268) in sy uitspraak teen Paulus van Samosata veroordeel.

Veral **Ambrosius** het in die 4de eeu aangrypende gebedsliedere tot Christus geskryf. Daarmee het hy die regsinnige Christologie kragtig bevorder en die Arianisme beveg. Hier kan verwys word na sy himne, *Veni redemptor gentium*, waarin Ambrosius die hele gang van Christus se koms na die wêreld wonderskoon besing. 'n Kenner van Ambrosius, dr Chris Malan, skryf in sy proefskrif: "Ambrosius bring dus vir ons iets nuuts, iets Christelik-nuuts in sy himnes, volgens die uitspraak van die apostel Paulus: 'Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.' Inderdaad, op watter verrassende wyse bring hy dit nie vir ons nie" (Malan, 1972:317).

KOMMISSIERAPPORT

2.2.2.4 In die Deputaterapport word die hymnes van Ambrosius aanbeveel as voorbeelde van vrye liedere, Skrif- en Belydenisgetroue liedere. Histories was hierdie liedere van Ambrosius verdag. Lang (1941:47) stel: "These hymns were songs of praise, devotion and thanksgiving. They reflect the favourite theme of Stoic-Platonic philosophy, which flourished in the time of the early church – namely, the beauty of the cosmos ..."

3.3.2.1.4 Tot die Heilige Gees

Een van die beroemdste gebedsliedere tot die Heilige Gees is die ***Veni Creator Spiritus*** van Rhabanus Maurus (ongeveer 850). In 'n pragtige studie toon Cantalamessa (2003: *passim*) aan hoe Skrifgetrou hierdie lied is. Met akklamasie kan Bingle (2000:95) se konklusie oor hierdie lied onderskryf word: "Dit stel 'n goeie voorbeeld van wat die ware kerklied moet wees."

3.3.2.2 Die *bemiddelde* gebedshimne

Die tweede vorm van gebedshimne is die gebedslied tot die Vader deur/in/met die Seun in/deur die Heilige Gees. Dit is, vir die doel van hierdie inset, onnodig om al die nuanseringe wat aan hierdie vorm eie is, te behandel. Daar kan volstaan word deur daarop te wys dat hierdie reeds 'n baie vroeë vorm van gebedshimne is. In *Ignatius aan die Efesiërs* (4.2) kom 'n oproep tot hierdie soort lied: Deur Jesus Christus moet tot die Vader gesing word ("*dia Jesous Christos adetai* …"). Hier word duidelik aangesluit by 'n Skrifwoord soos *Ef 3:18*: "want *deur* Hom (Christus) het ons albei die toegang *deur* een Gees *tot* die Vader." 'n Gedeelte soos *Heb 13:15* kom ook hier in aanmerking: "Laat ons dan gedurig deur Hom (Christus) aan God 'n lofoffer bring, dit is die vrug van die lippe wat sy Naam bely."

3.3.3 Die *verkondigende/lerende/belydende* Skrifgetroue lied

Hierdie tweede hooftipe lied is dikwels in die verlede buite beskouing gelaat by die oorweging of vrye, Skrifgetroue liedere in die erediens toegelaat mag word. Dit sou ons te ver voer om hier uitvoerig op die motivering vir sulke liedere in die erediens in te gaan. **Die punt is**: wanneer eenmaal duidelik is dat verkondiging/lering/belydenis sowel **deur spraak as deur sang** in die erediens geskied, dan kan – na analogie van die gebedspraak en die gebedsang – nie legitiem volgehou word dat Skrifgetroue prediking/lering/belydenis wel net met Skrifwoorde self mag/moet geskied nie, **maar** as daardie selfde erediensthandelinge in sangvorm geskied, **moet** dit **net** *Skrifberymd* of *Skrifomgedig* wees. Die bekende Westminster-teoloog, John Frame, vat die argument goed saam: "The type of argument used to prove exclusive psalmody could equally prove that we must only use prayers and sermons written in Scripture. However even the strongest advocates of exclusive psalmody allow both *extemporaneous preaching* and *free prayer* in worship" (Frame, 1996:124; beklemtoning bygevoeg). Ook die Westminster – Nuwe Testamentikus, Ver S Poythress, toon baie oortuigend uit die Skrif en *Ignatius aan die Efesiërs* aan dat daar 'n onverbreeklike eenheid tussen sang en verkondiging in die erediens is (Poythress, 1974:224-225).

3.4 *Gevolgtrekkings*

Uit bogaande kort historiese oorsig, veral uit die vroeë kerkgeskiedenis, kan enkele gevolgtrekkings met die oog op die opdrag gemaak word:

3.4.1 Nuwe bronne

Bronne uit die vroeë liturgiese geskiedenis is gedurende die laaste een-en-'n-half tot twee eeue ontdek en ontsluit. Hierdie bronne was nie tot die beskikking van Calvyn en sy navolgers toe hulle hul op die "ou kerk" vir die inrigting van die erediens beroep het nie. Juis uit sulke bronne (bv. die *Brief van Ignatius aan die Efesiërs*) blyk dit dat, om Skrifgetroue gebeds- en verkondigende/belydende himnes te sing, in die **vroegste na-apostoliese tyd** wel vir gemeentes 'n vaste gewoonte was.

3.4.2 Selektiewe hantering van bronne deur voorstanders van eksklusief-Skrifberymde of Skrifomgedigte liedere

Calvyn het hom wel op sekere Kerkvaders beroep vir sy standpunt dat met 'n hervorming van die Kerklied by **die Psalms *begin* moet word**. In sy diepgaande ondersoek na die historiese wortels van die Gereformeerde liturgie toon Old oortuigend aan dat Calvyn hom slegs op twee Kerkvaders beroep vir hierdie standpunt van hom (Augustinus en Chrysostomos – laasgenoemde sonder aanduiding van vind plaas) Hy laat die pragtige Skrifgetroue himnes van Ambrosius en andere (vgl. hierbo) buite beskouing.

3.4.3 Geen Skrifberoep vir Calvyn se standpunt

Baie betekenisvol is dat Calvyn hom nêrens op die Skrif beroep vir sy standpunt oor die Skrif- en dogmagetroue kerklied nie. Hy beroep hom slegs op bogenoemde twee Kerkvaders. Latere Gereformeerdes (bv. die Sinode van die GKN Vrijgemaakt en verskillende ander Gereformeerdes met wie ons die allernouste bande het) het daarom lankal reeds oorgegaan tot die sing van Skrif- en dogmagetroue liedere in die erediens

3.5 *Konklusie*

Die Kerkgeskiedenis toon aan dat Skrif- en dogmagetroue liedere vanaf die vroegste kerkgemeenskappe reeds in die erediens gesing is.

KOMMISSIERAPPORT

2.2.2.5 Die Deputate moes in hulle beoordeling van die kerklied byvoorbeeld die onderskeid tussen die Westerse en Oosterse kerk in ag geneem het: Vanaf die vroegste tyd van die kerkvaders (2de eeu) is onderskei tussen die lied in die Oosterse kerk en die Westerse kerk (sien W Apel, Harvard Dictionary of Music, 1951:105). Die Oosterse kerk het die weg opgegaan om die sg. Skrifgetroue en Belydenisgetroue lied (vrye lied) naas die Psalms te sing en daarom was die Christelike hymnes so geliefd in die Oosterse kerk. Die Westerse kerk het die weg opgegaan om in die kerk die Psalms te sing en die liedere waarvan die teks in die Skrif staan.

2.2.2.6 Die Deputate verreken nie hierdie twee lyne in die kerkgeskiedenis genoegsaam nie. Vanaf die tyd van die Reformasie het hierdie twee lyne voortgegaan sodat daar selfs in die kader van die Reformasie die kerke was wat naas die Psalms, Skrifberymings (Skrifberymde liedere) en Belydenisberymde liedere ook die Skrif- en belydenisgetroue lied (vrye lied/gesange) gesing het.

2.2.2.7 Die Gereformeerde Kerke in SA, wat stam uit die Calvinistiese Reformasie, het egter nie die weg van die Oosterse kerk opgegaan nie, maar gekies vir die weg van die Westerse kerk (Augustinus) waarin die berymde teks van die Woord asook die teks van die belydenis die inhoud van die lied vorm. Kerkorde, art 69 is die vertolking van hierdie beginselstandpunt van die Calvinistiese Refomasie t.o.v. die kerklied.

2.2.2.8 Wanneer die Gereformeerde Kerke KO, art 69 wysig om ook Skrif- en Belydenisgetroue liedere te sing, word dus verander aan die beginsel van KO, art 69 en word daar oorgegaan tot ’n rigting wat die Gereformeerde Kerke in haar geskiedenis nie gevolg het nie. Dit is naamlik om meer liedere te sing as die beryming van die Skrif en gedeeltes van die Belydenis. KO, art 69 se oorspronklike bedoeling by Dordt was juis om die vrye liedere uit die kerk te weer, omrede die soort liedere dit so maklik daartoe geleen het om die kerke met dwaalleer te beïnvloed (sien Hooijer, C.1865. Oude Kerkordeningen de Nederlandsche Hervormde Gemeenten p345, 441, 457).

2.2.2.9 KO, art 69 verwoord die veilige weg t.o.v. die kerklied. Die geskiedenis het geleer dat dit die veiligste weg is om te bly by die teks van die Woord van God. Afstap van hierdie weg het menige besware tot gevolg gehad in die kerkgeskiedenis. sodat daar geleer is dat die weg wat die Calvinistiese Reformasie gevolg het. die veiligste is en beste is en die minste besware in die kerk ontlok.

4. Kerkregtelike aanwysers by KO, art 69

4.1 *Beredenering*

4.1.1 Die artikel dien vanaf sy opneming in die Kerkorde(s), die bestaan, uitbouing, handhawing en uitlewing van kerke/gelowiges se gemeenskaplike geloof in God Drie-enig – veral tydens eredienste (vgl. Spoelstra, 371; Jansen, 297). Voorgenoemde kan beskou word as die beginsel, kernsaak, waaroor dit in hierdie (orde)artikel gaan. So gesien, lê kerke se aanvaarde gemeenskaplike geloofsbelydenisse en hulle gemeenskaplike gekeurde liedere op dieselfde waarheids- en diensvlak.

4.1.2 Hiermee word nie gesê dat plaaslike kerke nie na die eis van omstandighede, binne eie konteks, plaaslike belydenisse sou kon doen en eie liedere sou kon dig (en sing) nie. Die GKSA het nog altyd gekies vir aktuele Woordbediening met gepaardgaande gebede soos van toepassing in die plaaslike kerk. Daarom sou ook ’n lied gerig op

die plaaslike eise en omstandighede volkome voldoen aan Bybelse voorbeelde en riglyne (vgl. Beswaarskrif, Handelinge 2003:507-8).

4.1.3 Die Kerkgeskiedenis toon ook aan dat die waarheid waarop die kerk rus, voortdurend aangeval word, die eenheid aldeur bedreig word, en liedere soms gebruik is om dwaling te bevorder. Daarom is die inhoud van kerkliedere nie 'n middelmatige saak waarmee ligtelik omgegaan kan word nie. Om hierdie rede was dit deurentyd van groot nut vir die orde in die kerk van Christus, dat kerke (ook) gesamentlik kerkliedere/melodieë keur en bundel. Plaaslike kerke het (meestal) ook nie die nodige gawes om (deurlopend) liedere van hoë kwaliteit daar te stel nie. Vanaf die vroegste kerke was dit moeilik om bekwame digters/teoloë te vind om hierdie diens te verrig (vgl. Van der Meiden, 1987:19-181).

KOMMISSIERAPPORT
2.2.4 Ander oorwegings
2.2.4.1 Een van die twee versoeke van die twee Beswaarskrifte van Part Sinode Randvaal is dat die keuring en goedkeuring van die kerklied by die plaaslike kerk moet berus en dat die Sinode daarna betrek word. Die studie spreek hierdie versoek aan in artikel 4.1.3, p707 van die Rapport. Hiervolgens is die Studierapport van mening dat die keuring van die liedere by die Sinode tuishoort en 'n saak is wat al die kerke raak. Volgens die Kommissie is daar op Sinode 2003 nie gevolg gegee aan die versoek om keuring van liedere aan plaaslike kerkrade oor te laat nie.

4.1.4 Calvyn het die suiwer lied en goeie musiek gesien as waarskynlik die mees genotvolle vorm van kuns wat God aan die mens gegee het – tot lof en eer van Homself (Van der Meiden, p30). In sy preek oor Efese 5:18-21 sê Calvyn: *Aangezien de mensen van variatie houden: laat ons sien op hoevele manieren God de schatten van zijn goedheid jegens ons ontvouwt. Daarom zijn er zoveel liederen* (Van der Meiden, 1987:30).

4.1.5 Die liedere in KO, art 69 vermeld is met die verloop van die tyd (ook) in die GKSA ooreenkomstig bogenoemde beginsel/uitgangspunte (pt 2.1.1) uitgebrei. Verdere toevoeginge van Skrifberymings/-omdigtings en enkele Belydenisberymings/-omdigtings is gedoen. Die vraag is teenswoordig of 'n verdere uitbreiding van die PSALMBOEK (2003) noodsaaklik is deur ook Skrif- en Belydenisgetroue liedere daarin op te neem? Hoe sou die sing/gebruik van Skrif- en Belydenisgetroue liedere die kerke in die algemeen, en eredienste in die besonder (teenswoordig en toekomstig), kan dien?

4.1.6 Die onderskeid tussen liedere wat gesing *moet* word en liedere wat *in die vryheid van Kerkrade gelaat* word, is 'n onhoudbare saak (vgl. KO, art 69). Bogenoemde onderskeid tussen wat *moet* en wat gesing *mag* word, verleen aan sekere liedere/Skrifdele primatuur bo ander (vgl. pt 2.1, bl503, en pt 2.2.2.1, p506, Beswaarskrif, Handelinge 2003). So tel die 150 Psalms, die Tien Gebooie, die Onse Vader, die lofsange van Maria, Simeon en Sagaria en die Apostolicum onder die *moet*-liedere, terwyl al die ander Skrif- en dogma/identieke/beryminge/omdigtings onder die *mag*-liedere sorteer.

Vir hierdie onderskeid bestaan daar geen Bybelse, belydenis, liturgiese of himnologiese gronde nie. Al die liedere wat die GKSA aan die hand van die goedgekeurde riglyne aanvaar, is immers geskik vir gebruik in kerke (en tydens eredienste). Daarom behoort al hierdie gekeurde liedere op dieselfde waarheids- en kwaliteitsvlak gestel te word. So min as wat sekere Skrifgedeeltes bo ander gestel mag word, behoort sekere Skrifidentieke/-beryminge en dogma-identieke/-beryminge bo ander verhef te word. Op watter gronde word aan die 150 Psalms (en die enkele ander liedere soos hierbo vermeld) voorrang verleen bo die ander liedere vermeld in KO, art 69? Relativeer die formulering van KO, art 69 nie die liedere wat aan die *vryheid van die kerkrade* gelaat word nie?

Bogenoemde onderskeid dateer baie ver terug in die kerkgeskiedenis – beslis vanaf die Reformasie en moontlik vroeër. Die woordjie *moet* rus waarskynlik op die feit dat die Psalms vanaf die tempeldiens, via die sinagogale eredienste, die vroeg Christelike kerk en Calvyn (e.a. reformatore) deurentyd gesien en gebruik is as die kerndeel van die kerk se liedere. Tog is die onderskeid nie op grond hiervan (tradisie en gebruik (vgl. NGB, art 7) volhoubaar nie, en behoort die artikel redaksioneel anders geformuleer te word. 'n Moontlike bewoording word onder aanbevelings gedoen (vgl. 3.1 van hierdie Rapport).

4.1.7 Dit is egter ook 'n baie ou gebruik (vanaf die vroeë kerk, via die Reformasie) om aan plaaslike kerke liturgiese lied-diversiteit binne dieselfde waarheid/belydenis te gee. Eenheid in vorm en gebruik is nie afdwingbaar nie (Spoelstra, 1989:371). Dwarsdeur die kerkgeskiedenis het kerke mekaar nooit verplig om in praktyk dieselfde liedere te sing nie, maar wel om dieselfde (volledige) kanon te handhaaf. Daarom behoort die beginsels, riglyne en keuses van kerkliedere deur meerdere vergaderinge duidelik gestel en uitgevoer te word, terwyl die praktiese gebruik aan die vryheid van plaaslike kerke oorgelaat word – net soos die praktiese gebruik en bediening van die Skrif aan die vryheid van die plaaslike kerk toevertrou word.

4.1.8 Die inleidende woorde *In die kerke …* is histories kerkordelik/-regtelik konsekwent verstaan as **in die eredienste** ... Daar is deurgaans onderskei tussen erediens-toelaatbare-liedere en ander kerklike liedere (bv. Sk 20-1 en 20-2 *Liedere vir huislike gebruik, Psalmboek 2003*). In beginsel behoort alle liedere wat *vir die kerke* goedgekeur is, en in die kerke gesing word, aan die vasgestelde riglyne vir ons kerklied te voldoen. Daarom behoort die onhoudbare onderskeid tussen erediensliedere en ander liedere wat in die kerke gesing word, te verval. 'n Lied is of Bybels, dogmaties en himnologies op standaard of nie. Prof AC Barnard noem voorgenoemde onderskeid tereg *'n Ongelukkige onderskeiding* en voer sewe argumente daarteen aan (p31; vgl. JHH du Toit, p31; ook 21-30).

4.1.9 Die hoeveelheid en verskeidenheid van *kerklike* liedere wat deur die eeue in ooreenstemming met bogenoemde beginsel (pt 2.1.1) liturgies in eredienste gebruik is, is onoorsigtelik (vgl. Van der Meiden, 18-36). Psalmberymings/-omdigtings en ander liedere het letterlik gekom en gegaan, net enkeles het die tyd oorleef. Hieruit blyk dat die kerkregtelike beginsel (vgl. pt 2.1.1) nie stagnasie in die liedereskat van die kerk wil bewerk nie, maar die kerksang na die eis van die tyd en konteks wil dien – tot eer van God en die koms van sy ryk.

4.2 *Gevolgtrekkings*

4.2.1 KO, art 69 stel die nut van die gesamentlike kerklied in kerkverband ter wille van die reg en orde in die kerk van Christus. Hierdie besondere diens, gelewer deur Nasionale Sinodes, sluit nie die sing van gekeurde liedere deur die plaaslike Kerkraad uit nie, net soos wat die Formuliere van Doop en Nagmaal nie selfstandige prediking en gebede tydens hierdie Sakramentbedieninge uitsluit nie.

4.2.2 Kerkregtelik/-ordelik het plaaslike kerke en meerdere vergaderinge in die GKSA deur die jare die nut en vrug van gesamentlike liedkeuring en –bundeling erken en toegepas. Groot seën is hierdeur verkry.

4.2.3 Uit die himnologiese geskiedenis is dit duidelik dat kerke steeds op soek was na sinvolle uitbreiding van die kerklied, weereens in ooreenstemming met voorgenoemde beginsel (vgl. 2.1.1). Die doel daarvan was om die volle waarheid/openbaring wat van God ontvang is, singend te verklank, af te bid, te verkondig, te bely, tot vertroosting en aanmoediging aan te bied. Sodoende is (ook) die geestelike behoeftes van tyd en konteks gedien en God Drie-enig in alles verheerlik.

4.2.4 Die onderskeid tussen liedere wat gesing *moet* (vgl. KO, art 69) en liedere wat gesing *mag* (*oorgelaat aan die vryheid van die plaaslike kerkrade*) word, behoort redaksioneel reggestel te word. Alle gekeurde liedere lê in prinsipe op dieselfde vlak van Skrifwaarheid en himnologiese kwaliteit. Voorgenoemde impliseer dat daar nie 'n eerste- en tweedeklas kerklied is nie. Ook nie 'n meer en minder waar lied nie.

4.2.5 Die onderskeid tussen gekeurde liedere vir die erediens en liedere vir algemene kerklike gebruik (in die Psalmboek), behoort te verval, aangesien **alle** gekeurde liedere aan die vereiste riglynstandaarde moet voldoen.

4.3 *Is uitbreidings aan die Psalmboek noodsaaklik?*

4.3.1 Oorweginge

Opeenvolgende Sinodes het ter uitbreiding van die PSALMBOEK reeds besluit, in ooreenstemming met die uitgangspunt van KO, art 69 (vgl. 2.1.1 hierbo), dat digters/teoloë/himnoloë aangemoedig word om sowel beter/bykomende Skrif- en Belydenis**identieke**, as Skrif- en Belydenis**berymde** liedere aan die betrokke Deputate voor te lê vir evaluering.

KOMMISSIERAPPORT

2.2.4.2 Die Sinode het reeds in 2003 Belydenis-berymde en Belydenis-identieke liedere goedgekeur. Die Kommissielede is van oordeel dat meer aandag gegee moet word aan hierdie lied en dat voorbeelde eers hiervan gegee sal word aan die Sinode om dit te beoordeel alvorens oorgegaan word tot oorweging van die Skrif- en Belydenisgetroue lied. Die motivering hiervoor is dat die opdrag om die Skrif- en Belydenisgetroue lied in studie te neem gekom het na aanleiding van die goedkeuring van die Belydenis-identieke en Belydenis-berymde lied op Sinode 2003.

Die vraag is nou of daar ook 'n behoefte en noodsaak bestaan aan Skrif- en Belydenisgetroue liedere as verdere toevoeging tot voorgenoemde twee liedsoorte? Op hierdie vraag kan bevestigend geantwoord word op grond van die volgende beredeneringe:

4.3.1.1 Die heel vroegste kerk het Skrif- en Belydenisgetroue liedere naas die Skrifidentieke en Skrifberymde liedere gesing, soos tyd en omstandighede daarom gevra het (vgl. pt 2, 3; Strydom, p68-75; Loots, p31-32). Sommige van hierdie liedere het die tyd oorleef en word vandag nog steeds deur kerke, onder meer in die Gereformeerde tradisie, gesing. Hierdie (ou goud) liedere word waardeer as geskenke van God, deur sy Gees en Woord, aan sy kerk (vgl. Stoop in Loader p29-45; vgl. ook pt 3).

4.3.1.2 In die GKSA bestaan daar teenswoordig 'n behoefte/noodsaak aan lieduitbreiding, veral ten aansien van die volgende:

(a) Paas-, Pinkster- en Kersfeesvieringe: Ons besit nie genoeg liedere vir hierdie feestye indien dit oor 'n paar weke/Sondae strek nie. Uiteraard kan nog Skrifidentieke en Skrifberymde liedere geskep word, tog sal die Skrif- en Belydenisgetroue lied hier ook van groot voordeel kan wees (veral omdat die Skrifgetroue lied die Ou (belofte) en Nuwe Testament (vervulling) kan saamvoeg, vgl. 3.1.6).

(b) Die verskeidenheid liedere in die PSALMBOEK is te min om die totale Bybelse verkondiging (Woordbediening) na behore te dek.

(c) Verder word die feesvieringe rondom bovermelde genadevolle tye in die *kerklike jaar* baie onbevredigend saamgestel wanneer kerkrade geselekteerde liedere (bv. uit *Die Liedboek van die Kerk*) voor/na die erediens (moet) laat sing, aangesien dit nie sinodale keuring het nie. Geselekteerde liedere (buite die PSALMBOEK (2003), word baie wyd tydens hierdie fees-eredienste in kerkverband gebruik. Die voordeel en vrug van gesamentlike keuring word so verydel.

(d) Die gemeente verstaan nie waarom sommige liedere tydens dieselfde feesgeleentheid in die erediensdeel en ander daarbuite (voor of na die erediens) gesing (*moet*) word nie. Uiteraard voel hulle aan dat die nie-Psalmboek-liedere met *skeptisisme/agterdog/gereserveerdheid* bejeën word. Dit strek nie tot eer van God nie. Ook boet die erediens in aan integriteit.

4.3.2 Daar is 'n aanwysbare tekort aan aanmoedigende, hoopgerigte, eskatologiese liedere (vgl. Loots, p26-29). Die *maranata*-roep behoort baie sterker in die kerk te weerklink. Al drie liedsoorte kan hiervoor aangewend word.

4.3.3 Ons besit goeie liedere vir Doop- en Nagmaalsbedieninge, maar ook hier sal 'n uitbreiding o.m. deur toepaslike Skrif- en Belydenisgetroue liedere van groot nut kan wees.

4.3.4 Die GKSA beskik oor min liedere wat geskik is vir huwelikbevestigings, wat soms tydens eredienste, maar altyd *in kerke* plaasvind (vgl. KO, art 69).

4.3.5 Die besondere voordeel van 'n Skrif- en Belydenisgetroue lied, in vergelyking met die ander twee kategorieë, is dat dit die twee Bybelse testamente (kan) saambring in een lied. Belofte en vervulling word saamgevoeg om die handelinge van God deur die eeue raak te sien, te aanbid en te loof (vgl. Barnard *in* Du Toit:21-29; Strydom, p27-29).

4.3.6 Die Skrif- en Belydenisgetroue lied, binne die kategorie van die (nuwe) *profetiese lied* (verkondiging en toepassing van die Skrif, d.w.s. aktualisering; vgl. pt 2), hou baie groot voordele in. So was dit deur die eeue aangewend. Die kerklied moet immers (ook) eietyds gerig, dinamies, sprekend, verkondigend, belydend, aanbiddend, aanmoedigend, smekend, versoenend en uitreikkend na mekaar en die wêreld wees. So dien die nuwe en eietydse lied as instrument vir die kerk om sy roeping tot getuienis in 'n verdwaalde, eietydse wêreld te vervul (vgl. Beswaarskrif, pt 3.1-3.2.5.6, Handelinge 2003:506-510).

4.3.7 Nuwe tydgerigte liedere dien ook om die groot gevaar van formalisme en stagnasie te voorkom. Terselfdertyd word die oue en goeie, binne hierdie visie, telkens opnuut waardeer en benut.

4.4 *Gevolgtrekkings*

4.4.1 Dit is 'n gegewe, soos die kerkgeskiedenis aantoon, dat die gesamentlike liedereskat van die kerk sowel ou (vanaf Genesis) as nuwe liedere bevat. Laasgenoemde ontstaan na gelang van tyd en omstandighede (bv. Openbaring).

4.4.2 Alhoewel die Skrif- en dogmagetroue lied algemeen gesing was in die vroeë Christelike kerk, het daar vanaf die Reformasie (binne die Gereformeerde tradisie) min ontwikkeling ten opsigte van hierdie liedtipe plaasgevind.

4.4.3 Die Skrif- en dogmagetroue lied besit veral die besondere voordeel dat dit die Ou-Testamentiese en Nuwe-Testamentiese openbaring (belofte en vervulling) in een lied kan verenig.

KOMMISSIERAPPORT
2.2.2.10 By 4.4.3 wat melding maak dat ons in die Skrifgetroue lied moet sing van die vervulling van die OT in die NT, wys die Kommissie daarop dat van die Skrifberyminge en Belydenisberyminge ook van God se beloftes sing.

4.4.4 Die Skrif- en dogmagetroue lied besit ook die voordeel dat dit as verkondiging kontekstuele dwalinge kan bestry en die ware geloof kan bevestig en verkondig.

4.4.5 Die kerke beleef 'n wesenlike tekort aan liedere ter viering en uitlewing van die kerklike jaar, hoop en toekomsverwagting, sakramentbediening, huweliksluitings en begrafnisse.

KOMMISSIERAPPORT
2.2.2.11 By 4.4.5 word die kerklike jaar as rede aangevoer waarom Skrif- en Belydenisgetroue liedere ingevoer behoort te word. By die Gereformeerdes het die kwessie van die kerklike jaar (anders as in ander tradisies) nooit 'n baie belangrike rol gespeel nie, omdat dit nie 'n instelling van God is nie, maar van die kerk (kyk H Bouwman, Gereformeerde Kerkrecht, deel 2, 1975:484).

4.4.6 In die lig van bogenoemde is die Skrif- en dogmagetroue lied, naas die ander liedtipes, 'n *neccesitas* vir die kerk van Christus.

KOMMISSIERAPPORT
2.2.2.12 Die uitdrukking in 4.4.6 dat dit ’n neccesitas is dat Skrif- en belydenisgetroue liedere gesing behoort te word, is na die mening van die Kommissie te sterk gestel. H Bouwman deel 2 (1975:511) haal die Sinode van Arnhem in 1930 aan waar hulle in hulle studie aangetoon het dat “goeie skrifmatige gesange” nie ’n neccesitas vir die kerk is nie.

KOMMISSIERAPPORT
2.3 Bevindings
2.3.1 Die Deputate toon nie aan dat daar Skrifgronde bestaan vir die Skrif- en Belydenisgetroue lied/vrye lied nie.
2.3.2 Die Deputate het belangrike kerkhistoriese gegewens oor die kerklied nie verreken nie.
2.3.3 Die Deputate het nie aangetoon hoe die beginsel van KO, art 69 wesenlik verander sal word as die Skrif- en Belydenisgetroue lied ingevoer word nie.
2.3.4 Die Deputate gebruik historiese gegewens oor die vrye lied ter ondersteuning van die Skrif- en Belydenisgetroue lied en dit veroorsaak verwarring.
2.3.5 Daar is geen aanduiding dat vorige besluite van Sinodes oor KO, art 69 verdiskonteer is nie.

5. Beginsels en kriteria vir Skrif- en Belydenisidentieke, Skrif- en Belydenisberymde, en Skrif- en Belydenisgetroue liedere wat in die kerke gesing word
Die beginsels en riglyne *vir Skrifberyminge*, soos goedgekeur en bevestig deur Nasionale Sinode 1994 (p538-9), word in onderstaande geredigeerde vorm aanbeveel vir al drie bovermelde liedtipes.

5.1 *Beginsels en riglyne soos aangepas:*

5.1.1 Die liedere moet die sin en inhoud van die Skrif- en Belydenis[gedeelte(s)] suiwer en korrek in ooreenstemming met die kerklike belydenis weergee.

5.1.2 Die lied moet in alle opsigte diensbaar wees aan die beginsel dat die erediens ’n drieledige ontmoeting is waarin die volk hulle God, God sy volk en die volk mekaar in die Here ontmoet. As sodanig moet dit aan die algemene karakter van ’n ware erediens soos gemeenskaplikheid, feestelikheid, opregtheid, skoonheid, eerbied, en ootmoed beantwoord.

5.1.3 By die keuring van ’n lied moet die aard daarvan verantwoord word in die lig van die verskillende kategorieë van die liturgie waardeur die gemeente tot God en mekaar in die ontmoeting praat soos jubel, loof, prys, dank, bely, aanroep, smeek, bid, aanbid, bekend maak, ensovoorts.

5.1.4 Daar moet rekening gehou word met die aangewese leemtes en behoeftes van die kerklike liturgie. Nie die kwantiteit van liedere nie, maar die kwaliteit en liturgiese funksionaliteit staan voorop.

5.1.5 Die liedere moet behoudens 5.1.1 hierbo, aan liturgiese vereistes beantwoord:

5.1.5.1 Die lied moet funksioneel ’n ontmoeting of verkeer van die gemeente met God en ’n ontmoeting met mekaar binne daardie kader as gelowige gemeenskap daarstel.

5.1.5.2 Die lied wat ’n gebedskarakter dra, leen hom vir gebruik in ’n ontmoeting met God en daarom ook vir erediensliturgie.

5.1.5.3 ’n Lied wat “antwoord” op die openbaring van God in die Woord, natuur of geskiedenis en God verheerlik, sy deugde besing en sy werke verkondig, kan in die lof en dankliturgie bruikbaar wees, mits die strekking daarvan teosentries is en aansluit by die ontmoeting van die gemeente met God.

5.1.5.4 ’n Lied moet vertikaal gerig wees en reg laat geskied aan die eerbied wat by die ontmoeting en gesprek met God pas.

5.1.5.5 Die ongelykheid van die partye (die ewige, heilige God en die swakke, sondige mens) wat in die erediens ontmoet, moet in die lied weerspieël word.

5.1.5.6 Die lied moet eenvoudige, opregte, duidelike en vir die kinders verstaanbare taal gebruik, wat in die teenwoordigheid van God (*coram Deo*) pas en opregte en haalbare omgang met en/of verlange na die God van die verbond uitdruk.

5.1.6 Gebedsliedere moet aan die volgende beginsels en kriteria beantwoord (vgl. HK, So 45):

5.1.6.1 Die lied moet gerig wees op God wat Hom in sy Woord openbaar het.

5.1.6.2 Die woorde van die lied moet God van harte aanroep.

5.1.6.3 Die woorde van die lied moet God aanspreek in verband met die dinge wat Hy voorgeskryf het en waarin Hy deur die gelowige(s) aangeroep, gedien en gedank wil wees.

5.1.6.4 Die taal en strekking van die lied moet die basiese sekerheid van die gemeente omtrent God se liefde, trou en genade, waartoe Hy Hom verbind het, bevat en die gelowige se eie kleinheid, nood en ellende voor God reg en grondig uitdruk.

5.1.6.5 Die lied moet dankbaarheid vir die verlossing in Jesus Christus en die nuwe lewe deur die Heilige Gees (vgl. HK, So 33 en 38) as grond van die ontmoeting met God verwoord.

5.1.7 Dogmatiese liedere moet op die Godsopenbaring en die belydenis daarvan as 'n Skrifwaarheid (dogma) berus.

5.1.8 Bogenoemde beginsels en kriteria raak ook die keuse van die melodie. Die melodie moet die ontmoeting met God waardig wees en aan die inhoud van die lied laat reg geskied en vir die hele gemeente, die kinders en volwassenes, maklik singbaar wees (vgl. Handelinge 1955:65, art 163,2(a), 1,2,3 en 4).

6. Aanbevelings

Die Deputate beveel aan:

6.1 Dat die redaksie van KO, art 69 herformuleer word om soos volg te lees: *In die kerke sing ons Skrif- en Belydenisidentieke, Skrif- en Belydenisberymde en Skrif- en Belydenisgetroue liedere;*

6.2 Dat die beginsels en riglyne *vir Skrifberyminge* soos goedgekeur en bevestig deur Nasionale Sinode 1994 (p538-9) in die geredigeerde vorm (vgl. pt 5) goedgekeur word vir Skrif- en Belydenisidentieke, Skrif- en Belydenisberymde, en Skrif- en Belydenisgetroue liedere wat in die kerke gesing word;

6.3 Dat hierdie besluite deurgegee word aan kerke met wie ons kerkverband onderhou.

KOMMISSIERAPPORT
2.3.2 SAKE WAT GOEDGEKEUR MOET WORD

2.3.2.1 Dat die Sinode nie die aanbevelings van die studie, nl. om die Skrif- en belydenisgetroue liedere in die eredienste in te voer, aanvaar nie en KO, art 69 gevolglik nie gewysig word nie.

2.3.2.2 Dat die Deputate Liturgie [opdrag] ontvang om voorbeelde van Belydenisberymde en Belydenisidentieke liedere aan die Sinode 2009 voor te lê.

*****DEPUTATE- EN KOMMISSIERAPPORT VAN SINODE 2006 EINDIG HIER*****

1.4 *Bevindinge*

1.4.1 Twee standpunte

1.4.1.1 Alhoewel daar ook 'n Minderheidskommissierapport tydens Sinode 2006 gedien het, is daar nie formeel mee rekening gehou in hierdie Rapport van ons wat nou voor Sinode 2009 dien nie, omdat die Minderheidskommissierapport van 2006 die Deputaterapport van 2006 se standpunt onderskryf. Gevolglik bevind die Deputate uit relevante stukke dat daar twee standpunte rakende hierdie saak is, soos verteenwoordig deur die Deputaterapport van 2006 en die Meerderheidskommissie-

rapport van 2006 (wat albei hierbo uiteengesit is), t.w. 'n standpunt wat voorstel dat KO, art 69 gewysig moet word om ruimte te skep vir Skrif- en Belydenisgetroue liedere in die erediens, en 'n standpunt wat vra vir die behoud van die bestaande beginsel soos vervat in KO, art 69.

1.4.1.2 Hierdie standpunte word duidelik verwoord deur die aanbevelings van onderskeidelik die Deputaterapport van 2006 en die Kommissierapport van 2006:

DEPUTATERAPPORT 2006	**KOMMISSIERAPPORT 2006**
Dat die redaksie van KO, art 69 herformuleer word om soos volg te lees: In die kerke sing ons Skrif- en Belydenisidentieke, Skrif- en Belydenisberymde en Skrif- en Belydenisgetroue liedere.	Dat die Sinode nie die aanbevelings van die studie, nl. om die Skrif- en Belydenisgetroue liedere in die eredienste in te voer, aanvaar nie en KO, art 69 gevolglik nie gewysig word nie.

1.4.1.3 Die Deputate bevind dat die Kommissierapport van 2006 inderdaad bepaalde leemtes in die Deputaterapport van 2006 uitgewys het (vgl. 1.2.2 van die Kommissierapport 2006) wat enkele verdere opmerkings noodsaak.

1.4.2 Beginselstelling

Die beginselstelling oor die lied in die kerk hou in dat (a) die definisie wat die belydenis gee t.o.v. die betekenis van die 2de Gebod asook (b) van die inhoud van ons gebedsdiens wat voor God welgevallig is, is wesentlik en kom daarop neer dat ons die Here volgens sy Woord moet dien en nie volgens eie goeddunke nie.

1.4.3 Historiese agtergrond

Een van die leemtes wat die wese van die saak raak, is die gebrek aan 'n weldeurdagte aanbieding van die historiese agtergrond van KO, art 69. Die Kommissierapport van 2006 het tereg die aandag gevestig op hierdie leemte (kyk Totius, Eerste Uitgawe 1977. Versamelde Werke. Vol 3, p347-389):

1.4.3.1 **Calvinisties versus Luthers:** Die beginselstelling (1.4.3) stel 'n besondere eis vir die vraag waar materiaal vandaan gehaal word vir die kerklied. Die twee toepassings van die beginsel word gesien in die tyd van die Reformasie met aan die een kant die sogenaamde Lutherse benadering wat ten gunste is van die Skrifgetroue lied, teenoor die Calvinistiese benadering wat kies vir die teksgetroue Skriflied.

1.4.3.2 **Sinode van Dordtrecht:** Die bewoording van KO, art 69 dateer terug tot by die Sinode van Dordtrecht terwyl die basiese ordereël teruggaan in die geskiedenis van die Reformasie via Middelburg, Emden, en Wesel tot by die Psalmboek van Geneve. Voetius het by Dordt deel gehad aan die formulering van die artikel terwyl hyself, asook latere kerkregtelikes (o.a. Bouwman) kommentare hieroor geskrywe het. Die belangrike punt uit hierdie werke is dat die bewoording van KO, art 69 nie die beginsel van kerksang as sulks beskryf nie, maar 'n spesifieke toepassing daarvan, veral na aanleiding van die felle kerkstryd uit daardie tye. Aangesien vele dwaalleraars (op daardie stadium met besondere verwysing na die Remonstrante) die beginsel dat die kerklied Skrifgetrou moet wees, as 'n opening gebruik het om hulle dwalinge in die kerk in te voer, is telkens gekies en by Dordt 1618-19 as ordereël opnuut vasgelê om slegs liedere te sing waarvan die teks self in die Skrif staan. Nadat hierdie enkelvoudige reël nog so in die Handelinge van die Nasionale Sinode van Dordtrecht 1578 gestaan het (verwys Biesterveld en Kuyper, 1905:118), het daar by die weergawe van die Kerkorde van 1618-19 'n nadruklike byvoeging by art 69 gekom: "Alle anderen gesanghen salmen uyt de Kercken weren, ende daerder eenighe albereets inghevoert zijn, salmen de selve, met de ghevoegelijckste middelen afstellen" (aangehaal uit Biesterveld en Kuyper, Kerkelijk Handboekje, 1905, p245).

1.4.3.3 **Argumente van JD du Toit:** 'n Weergawe van die historiese verloop van die orde betreffende die kerksang is deur JD du Toit in verskeie uitgawes van *Die Kerkblad* 1931 gegee, waarin hy hoofsaaklik 'n opsomming met kommentaar gegee het van die Rapport wat Deputate oor die kerkgesang by die Sinode van die GKN, Arnhem (1930) ingedien het (kyk sy versamelde werke deel 3, p357 ev).

Argumente ten gunste van die sing van liedere in die kerk waarvan die teks self uit die Skrif kom, wat die Deputaterapport nie weerlê nie, is onder meer:

(a) dat die veiligheid van sulke liedere lê daarin lê dat hulle deur die Heilige Gees self vir sy kerk gegee is;

(b) dat geen ander liedere op dieselfde vlak kan wees as die liedere waarvan die teks self deur die Heilige Gees geïnspireer is nie;

(c) dat sulke liedere, wanneer dit teksgetrou omdig is, die beste liedere is wat die kerk tot Gods eer en haar eie behoud kan sing;

(d) dat die Skrifliedere, waarvan die Psalms die grootste deel uitmaak, alle moontlike situasies en belewenisse wat gelowiges kan hê bedek en dat geen bykomende liedere noodsaaklik is nie;

(e) dat die Skrifliedere almal wesentlik die volle raad van God bevat, ook vir die gelowiges van die Nuwe Testament, sodat besware dat dit op een of ander wyse leemtes het wat deur ander liedere aangevul moet word, nie geldig is nie. Skrifliedere het altyd die voordeel dat hulle binne die konteks van die hele Skrif ontstaan het, verstaan moet word en so deur die kerk gebruik moet word. Hierteenoor is dit die wesentlike gevaar van alle ander vrye geestelike liedere dat dit die raad van God eensydig kan bedek, en nie binne die (grammaties-historiese) konteks van die Bybel self lê sodat dit daarbinne verstaan kan word nie.

1.4.3.4 **Nederlandse Kerkgeskiedenis:** In die verloop van die Nederlandse Kerkgeskiedenis het dit (ondanks KO, art 69) so gebeur dat binne die Gereformeerde/Hervormde Kerke telkens weer van hierdie reël afgewyk is (verwys na die tyd van die Afskeiding 1834 en van die Doleansie 1886) tesame met die gepaardgaande deformasie van die godsdiens. Met die reformasieprosesse wat daarna gevolg het, het die kerke telkens weer teruggekom na die ordereël van art 69. In die argument van Kuyper – ook al is die geskiedenis nie die norm vir die kerk nie – is dit tog noodsaaklik en wys dat ons leer uit die les van die geskiedenis.

1.4.3.5 **Historiese verloop in GKSA:** Die posisie waar die GKSA nog al die jare t.o.v. die saak gestaan het, kan met 'n verwysing na die historiese herstigting van die Gereformeerde Kerke aangedui word. Die sentrale plek wat die stryd om die kerklied by die ontstaan van die GKSA gehad het, kan nie oorgesien word nie. Gevolglik behoort ook gekyk te word na verskeie Sinodebesluite tot by die jongste waar prinsipiële voorskrifte gegee was vir die daarstelling en beoordeling van Skrifberymings en Psalmomdigtings.

Dit is belangrik om kennis te neem daarvan dat die standpunt en toepassing van KO, art 69 deur die GKSA nog altyd as Skrif-en-Belydenisgetrou aanvaar is en ofskoon dit al dikwels van verskillende oorde af bevraagteken is, dat die teendeel daarvan nog nooit bewys is nie. Die Beswaarskrifte wat as onderbou van die vorige Studiedeputate by die Sinode gedien het, is ordelik afgewys. Die Kommissierapport wat die Studiedeputate se werk beoordeel (en wat weens die tydnood nie in 2006 behandel kon word nie), het geldig aangedui watter leemtes in die Studierapport was en waarom die aanbevelings daarvan nie aanvaar kan word nie.

1.4.4 <u>Kriteria</u>

In die Deputaterapport van 2006 is 'n verdere groot gemis die afwesigheid van 'n behoorlik uitgewerkte Skriftuurlike standaard (meetstok/definisie) waaraan kerklike liedere gemeet kan word.

1.4.4.1 Die Deputate voel dat selfs die bestaande beginsels en kriteria vir Skrif- en belydenisidentieke en Skrif- en belydenisberymde liedere (hoewel dit suiwer en sober geformuleer is) steeds nie genoegsame definisie bied vir die keuring van

potensiële nuwe liedere wat in die kerke gesing word nie. Die twee helder vereistes is tans dat die omdigtings getrou aan die Bybelteks asook aan die Belydenis moet wees (Handelinge 1994:538). Tog bied hierdie kriteria steeds groot ruimte vir subjektiwiteit, aangesien daar 'n groot verskeidenheid van maniere is waarop hierdie kriteria ingeklee kan word. Aspekte wat nader omskryf behoort te word, is onder andere:

1.4.4.1.1 Verdiskontering van die eksegetiese en hermeneutiese reëls
1.4.4.1.2 Verrekening van die volledige openbaringsgeskiedenis
1.4.4.1.3 Verrekening van die beginsels van die Gereformeerde erediens
1.4.4.1.4 Vereistes vir die geskikte taal en melodie vir die kerklied
1.4.4.1.5 Verrekening van die afwykings wat uit die loop van die kerkgeskiedenis deur die kerklied tot deformasie van die godsdiens bygedra het en wat vermy moet word.

1.4.4.2 Solank as hierdie leemte voortduur, is dit gepas om die ordereëling van KO, art 69 te behou soos dit tans is.

1.4.4.3 Voordat daar nie in die praktyk 'n omvattende beginselontwerp gebore word wat geld vir alle liedere (bestaande en nuut) nie, is dit ondenkbaar om die versigtige ordereëling van KO, art 69 te verander om liedere toe te laat wat nie behoorlik gemeet en getoets kan word nie.

Besluit: Kennis geneem van 1.4.1.1 tot 1.4.4.3.

2. Sake waaroor die Sinode moet besluit

2.1 *Aanbevelings*

In die lig van die bevindinge beveel die Deputate aan:

2.1.1 dat die redaksie van KO, art 69 nie gewysig word nie;

2.1.2 dat die Sinode oorweging daaraan skenk om, in die lig van 1.4.4.2 en 1.4.4.3, Deputate aan te wys om 'n omvattender beginselontwerp te formuleer waaraan bestaande en nuwe liedere gemeet en getoets kan word.

Besluit: Kyk Rapport van ad hoc-kommissie.

LLLLLL. **RAPPORT VAN DIE AD HOC-KOMMISSIE**

Die Sinode keur die volgende aanbeveling goed:

a. KO, art 69 se formulering beklemtoon die belangrikheid van Skrifgetrouheid ten opsigte van die liedere wat in die erediens gesing word.
b. KO, art 69 kan gewysig word soos enige ander artikel ooreenkomstig KO, art 86.
c. Die Sinode is bewus van en erken die gegewe dat daar tans verskillende praktyke in die kerke is met betrekking tot wat in die erediens gesing word. Die Sinode is ook bewus van die noodsaaklikheid om eenheid te behou en te bevorder ten spyte van die verskille, en wys derhalwe Deputate aan met die volgende opdrag:

3.1 Om met inagneming van vorige Sinodebesluite (GKSA Potchefstroom en Middellande), die Deputaterapport en die Kommissierapport van 2009, 'n omvattende beginselontwerp te formuleer waaraan bestaande en nuwe liedere getoets kan word.

3.2 Om 'n moontlike wysigingsformulering vir KO, art 69 voor te stel vir oorweging deur die Sinode.

d. Hierdie Deputate moet verteenwoordigend uit alle kerke saamgestel word.
e. Die Sinode moedig kerke, waar ander praktyke gevolg word (kyk 3 hierbo), aan om Psalms, Skrifberymings en ander geestelike liedere aan die Deputate voor te lê vir beoordeling deur die volgende Sinode.

Besluit: Besluit goedgekeur. Die Deputate se naam is Deputate vir Liturgiese Sake.

22.4 RAPPORT STUDIEDEPUTATE – VRAAGSTUKKE ONDERLIGGEND AAN BESWAARGRONDE 2001-OMDIGTING (Artt 54, 318)

MMMMMM. Ds PA Coetzee lewer die Rapport.
NNNNNN. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Liturgiese Sake 2.
OOOOOO. Ds AH Steyn rapporteer namens Kommissie Liturgiese Sake 2.

PPPPPP. **RAPPORT**

1. Opdrag (Acta 2006:740)

Studiedeputate word aangewys om:

die vraagstukke wat aan die beswaargronde onderliggend is, te identifiseer, in diepte te bespreek en die Sinode daaroor te adviseer sodat die kerke duidelikheid daaroor kan hê en daar gevolglik oor die saak rus in die kerkverband kan kom, en

in die behandeling van die studie al die betrokkenes soos in die goedgekeurde voorstel genome se oorwegings aan te hoor en in hulle studie en aanbevelings te verdiskonteer.

Besluit: Kennis geneem van 1.1 en 1.2.

2. Bevindinge van Deputate oor onderliggende sake

Na indringende gesprekke met al die betrokkenes bevind die Deputate dat die volgende sewe punte as onderliggende vraagstukke geïdentifiseer kan word.

Wat moet weergegee word?

Wat moet weergegee word van die Hebreeuse grondteks in 'n omdigting of beryming? Moet ons in die omdigting/beryming teruggaan na die grondteks, of kan die omdigter uit eie keuse 'n seleksie maak van stof wat hy wil gebruik? Uit bogenoemde kom die onderliggende beswaar dat die grondteks nie ten volle gebruik is in die 2001-omdigting nie.

Motivering

Weglatings van teksmateriaal in die omdigting is 'n wesenlike probleem. Daarmee saam die nie-onderskeidende weergee van die Naam van die HERE. As ons sê dat die hele OT Messiaans is (en bely dat Christus in die hele OT aan die woord is), hoe kan ek iets weglaat?

Wat is Messiaans?

Wat is Messiaans of nie?

Kom Christus se profeetskap tot sy reg?

Motivering

Wat presies word bedoel met die Messianiteit van die Skrif, in besonder die Ou Testament, nog meer in besonder die Psalms? Die term direk/indirek Messiaans werk met 'n ander onderskeiding as die Skrif en die Belydenis. Gevolglik verhelder dit nie die vraagstuk insake die Messianiteit van die Psalms nie.

Die eer van Christus en sy Gees word op verskillende wyses beroof. Christus se hoogste Profeet- en Leraarskap (HK, So 12) kom bv. in gedrang wanneer sy uitdruklike uitsprake oor Hom in die Nuwe Testament, veral wat Hyself getuig, in die Psalms nie as finale, bindende gesag aanvaar word nie.

Hoe moet die Messiaanse weergegee word?

Hoe moet die Messiaanse weergegee word? Word hier korrek Christologies omgegaan met die Messianisiteit?

Motivering

Net soos by die vorige punt beredeneer is, kom Christus se hoogste Profeet- en Leraarskap (HK, So 12) in gedrang wanneer sy uitdruklike uitsprake oor Hom in die Nuwe Testament, in die omdigting van Psalms nie as finale, bindende gesag aanvaar word nie. Hierdie uitsprake is nie net wat Christus oor Homself sê nie, maar ook wat

die apostels getuig van Hom uit die Psalms, veral in Handelinge. Kan (of mag) ons die Psalms sing asof ons nog in die Ou-Testamentiese bedeling is?

Hantering van Christus se gesagvolle uitsprake oor Homself.

Die hantering van Christus se gesagsvolle uitsprake in die Woord bly 'n onderliggende probleem. Hoe word Christus se uitsprake verreken?

Wat sê Christus oor Homself?

Motivering

Die Nuwe-Testamentiese uitspraak is 'n bindende uitspraak.

Christologies word konsekwent anders omgegaan in die omdigting as wat in die Belydenisskrifte met Christus en sy gesag omgegaan word. Daar word nie genoegsaam omgegaan met die Belydenis oor die Christologiese karakter soos wat in die Belydenisskrifte gedoen word nie.

Die vroeë kerk het nog altyd gewerk met die gesag van Christus en hoe daar omgegaan word met die gesag van Christus. In die omdigting word anders daarmee omgegaan.

Verhouding OT en NT

Die verhouding tussen die OT en NT is 'n belangrike saak in die verstaan en beryming van die Psalms. 'n Probleem word ondervind met 'n stelling soos: Om die Nuwe Testament se gebruik van 'n teks as uitgangspunt by die lees van 'n gedeelte uit die Ou Testament te neem, is om op die weg van Marcion, die allegoriste en die liberale teologie te beweeg. Dit geld ook van Messiaanse gedeeltes soos Jesaja 53 en Psalm 110. 'n Verwante probleem is dat die Gereformeerde eksegetiese uitgangspunt nog nooit was hoe sou die eerste hoorders dit verstaan nie, maar wat sê die Here? Om by laasgenoemde uit te kom, word in die eksegetiese metode eerstens na die direkte konteks en ko-teks van die Skrifgedeelte (bv. 'n Psalm) gekyk, maar ook na die groter Skrifverband binne die bepaalde Bybelboek en Testament, asook in die hele Skrif. Om dus in die omdigtingsresultaat van die grondteks af te wyk en dit oor die boeg van die oorspronklike hoorders te gooi, terwyl dít afwyk van wat die Heilige Gees dáár in die grondteks en uitdruklik ook elders oor die bepaalde teks gesê het, stem nie met die Gereformeerde Belydenis ooreen nie.

Wyse van keuring van omdigting

Hoe moet die kerke gesamentlik 'n besluit neem oor wat vir gebruik aanbeveel word? 'n Onderliggende probleem is dat die omdigting te gou beskikbaar gestel is, sonder die nodige toetsing deur die kerke, slegs deur Deputate en Kommissies en nie die volle Sinode nie.

Motivering

'n Selfstandige Skriftuurlike beoordeling van die 2001-omdigting, buiten dié wat deur die Deputate gedoen is wat betrokke was by die werk aan die 2001-omdigting, het nog nie plaasgevind nie. Die Deputate was dus regter in eie saak. Die verskil in die hantering van die Afrikaanse Psalmberyming in 1936 gee 'n duidelike aanduiding van hoe eerder te werk gegaan moes word. Die Afrikaanse Psalmberyming is in 1936 aanvaar (aksepteer) en daar is besluit "om die approbasie daarvan tot die eersvolgende Sinode uit te stel" (Acta 1936:142).

Hantering van besware tydens Sinode 2003 en daarna

Sinode 2003 en 2006 het die besware en Beswaarskrifte wat teen die 2001-omdigting gedien het, afgekeur sonder dat die inhoud daarvan na behore beantwoord en/of weerlê is.

Daarbenewens is dit geweeg deur dieselfde persone wat betrokke was by die omdigting. Kan jy regter in jou eie saak wees? Verder skep die wyse van hantering van Beswaarskrifte in die algemeen 'n probleem, wat ook betrekking het op besware teen die omdigting.

Motivering

Die wyse van hantering van Beswaarskrifte, nl. dat die Beswaarskrif nie behandel word nie, maar die Kommissierapport oor die Beswaarskrif, veroorsaak dat belangrike kernelemente van die Beswaarskrif verlore gaan. Die vrees tydens Sinode 2006 was

dat die implikasie van ’n Beswaarskrif wat sou slaag oor die omdigting, die hele omdigting dan ook daarmee heen is. (Die gebeure met die geslaagde Beswaarskrif oor die 2003 Sinode besluit insake die vrou in die diakenamp, was vars in die geheue van die Sinodegangers.) Dit het volgens die mening van die betrokkenes ’n bepaalde bydrae gelewer om die objektiwiteit van besluite te beïnvloed.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.7.

3. Beredenering

Uit bogenoemde bevindings is die Deputate oortuig dat daar wel prima facie getuienis gelewer is dat besware twyfelagtig hanteer is en dat bogenoemde onderliggende sake wel gewig dra. Die vraag is egter of die Deputate die sake aan die orde kan stel op die tafel van die Sinode 2009.

Die Deputate is onder die indruk van die erns van die saak. Die onderliggende sake bly problematies vir die persone wie se besware nie geslaag het nie. Die besluit van Sinode 2003 dat die gebruik van die 2001-omdigting met inagneming van KO, art 69 aan die oordeel van die plaaslike kerk oorgelaat word, dwing geen lidmaat of kerk om die 2001-omdigting te sing nie. Daar kan wel beredeneer word dat ’n saak soos die Psalmberyming volgens KO, art 30 nie op dié wyse oorgelaat moet word aan die oordeel van plaaslike kerke nie. Die eenheid in diens en liturgie kom hierdeur in gedrang, wat nie so behoort te wees nie.

Die kerkordelike weg van KO, art 31 en 46 is juis daar om sake ordelik op die tafel van meerdere vergaderings te kry. Sou die Deputate ’n ander weg aanbeveel in hierdie Rapport, sal hierdie ordelike weg in gedrang kom.

Besluit: Kennis geneem van 3.1 tot 3.3.

4. Aanbevelings

Dat kerklike vergaderings weereens gewys word op die erns van regspraak in vergaderings, omdat die kern van regspraak om die regverdige God se eer gaan.

Dat lidmate wat beswaar het teen die 2001-omdigting die kerklike weg van KO, art 31 en/of art 46 moet volg, om die sake ordelik op die tafel van meerdere vergaderings te bring.

Besluit: Goedgekeur.

22.5 BESWAARSKRIF 1 – BR N VAN DER DUSSEN TEEN 'N BESLUIT VAN SINODE 2003 (Artt 19, 43, 256)

QQQQQQ. Die Beswaarskrif word as gestel beskou.

RRRRRR. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na Beswaarskrifkommissie 6.

SSSSSS. Die Sinode neem kennis van die beswaarde se versoek tot 'n videokonferensie waarop die Sinode die Moderamen se besluit kondoneer dat hierdie versoek nie toegestaan word nie.

TTTTTT. Dr AL Rheeder rapporteer namens Beswaarskrifkommissie 6.

UUUUUU. **BESWAARSKRIF**

Besluit waarteen beswaar gemaak word

Soos gevind op die web by http://www.gksa.co.za/sinode2003/liturgies/rapport.htm

Die RAPPORT VAN DIE DEPUTATE LITURGIESE SAKE dien, en word na 'n Kommissie van advies verwys.

Die Kommissie van advies verdeel en 'n Minderheids- 'n Meerderheidsrapport volg.

Ten opsigte van die Minderheidsrapport word besluit:

"E. Besluit: Die Minderheidsrapport word deur die Sinode afgestem."

Dit is hierdie besluit waarteen beswaar gemaak word.

Die Minderheidsrapport is nie in die Handelinge opgeneem nie, en is vanaf die Administratiewe Buro verkry. [Vir u gerief is dit aangeheg.]

Daar is geen gronde vir die besluit in die Handelinge opgeneem nie, en sover vasgestel kan word, geld dieselfde vir die goedgekeurde Notule.

BESWAARGROND 1

Die Sinode kan nie onbegrond afstem nie.

Begronding

Christus is die hoof van sy Kerk. Hy regeer. As 'n Sinode 'n saak afstem sonder begronding vanuit die Woord of Kerkorde, stel die Sinode die gesag van Christus tersyde (KO, art 31; HK, SO 19; NGB, artt 27 tot 32).

Die besluit is ook in stryd met Handelinge 4:19 – Menslike gesag heers en nie Skrifgesag nie.

BESWAARGROND 2

Die Sinode het die Meerderheid- en Minderheidsrapporte ongelyk behandel. Dit is in stryd met KO, art 84.

Begronding

Uit die Notule is die ongelyke hantering van die twee Rapporte opsigtelik.

In besonder moet daarop gelet word hoe daar oor die Meerderheidsrapport punt vir punt gehandel is, en dit ook so genotuleer is. Die Minderheidsrapport is nie so gehanteer nie.

Deur die twee Rapporte ongelyk te behandel, het die Sinode toegelaat dat die ampsdraers wat Meerderheidsrapport ingedien het, oor die lede wat die Minderheidsrapport ingedien het, heers.

BESWAARGROND 3

Die saak is nie op 'n kerklike wyse behandel nie.

Begronding

2.1 Kerkorde, art 30 bepaal: "Kerklike vergaderings moet alleen kerklike sake en dit op kerklike wyse behandel." Hierdie artikel is voortspruitend uit die Belydenis wat die Kerk is, wie die Hoof van die Kerk is en hoe die Hoof van sy kerk die Kerk regeer. 'n Kerklike vergadering kan slegs vanuit die Woord regeer. Daarom kan geen kerklike vergadering 'n saak bloot afstem nie.

2.2 In hierdie geval bevat die Rapport, wat sonder genotuleerde gronde afgestem is,

gronde wat aan die hand van die Woord en die Kerkorde beoordeel moes gewees het, en wat weerlê moes word vanuit die Woord en Kerkorde alvorens dit afgestem kon word.

Die volgende punte in die Minderheidsrapport word as enkele voorbeelde gestel van 'n werkswyse wat nie as "kerklike wyse" beskou kan word nie:

2.2.1 In die Minderheidsrapport word, met motivering in Bylae 1, gestel: "3.1.1.3 U Kommissie oordeel dat die werkswyse van die Deputate, soos wat dit deur hulle gerapporteer word (A16.1), t.o.v. hulle opdrag wat die NB (Nuwe Beryming) betref, nie ooreenkomstig staande Sinodebesluite in hierdie verband is nie (vgl. 3.1.1.2 hierbo)."

Hierdie is 'n bewering dat die Deputate strydig met KO, art 49 gehandel het. Die bewering word sonder gronde deur die Sinode afgestem.

2.2.2 In die Minderheidsrapport word gestel: "3.1.1.4 Die Kommissielede Liturgies het byna geen toegang tot of insae in die kommentare en kritiek gehad wat deur die Kerke (Kerkrade) aan die Deputate gestuur is nie. Eers in 'n te laat stadium om dit sinvol te beoordeel, is gemeld dat dit ter insae beskikbaar is."

Dit is 'n aanklag dat daar 'n element van die skyn van die reg kon wees en gevolglik teen die Woord soos uiteengesit in HK, So 42.

Die Sinode het versuim om op hierdie klag in te gaan en ondersoek in te stel of die klagte gegrond is of nie.

2.2.3 In die Minderheidsrapport word gestel: "3.1.1.6: Dieselfde Deputate wat meegewerk het aan die Nuwe Psalmberyming, het ook hulle eie werk beoordeel."

Dit is 'n aanklag dat persone toegelaat word om regter in eie saak te wees en gevolglik strydig met beginsels gestel in KO, art 33. Weereens is daar versuim om die materie hiervan te beoordeel.

2.2.4 In die Minderheidsrapport word gestel: "3.1 U Kommissie bevind dat daar in die Rapport (A16.1), spesifiek in "Bylae A" (p271-281) uitgangspunte gestel word wat nie ooreenkomstig Skrif, Belydenis en Kerkorde is nie", waarop 'n uiteensetting van die gronde vir die stelling volg.

Die Sinode versuim om hierdie aanklag te weerlê.

2.2.5 Die Sinode het nagelaat om Bylae 2 van die genoemde Minderheidsrapport tydens die hantering daarvan te weerlê. Hierdie Bylae handel oor inhoudelike aspekte.

Van hierdie aspekte is moontlik reeds in latere Beswaarskrifte hanteer. Sou die Sinode egter die kerklike weg gevolg het, sou dit nie nodig gewees het om latere Beswaarskrifte in te dien nie, en sou die onrus in die GKSA oor die saak moontlik baie minder gewees het.

2.2.6 Die Sinode het nagelaat om Bylae 3 van die genoemde Minderheidsrapport te hanteer. Daar kon geen aanduiding in die Notule gevind word dat die Sinode tydens die hantering van die Minderheidsrapport hierdie Bylae hanteer het nie.

Ofskoon verdere voorbeelde genoem kan word, word die bostaande as voldoende beskou om aan te toon dat die besluit waarteen beswaar gemaak word op 'n onbehoorlike wyse geneem is.

Gevolgtrekking

Die "Nuwe Beryming" het die GKSA op 'n onkerklike wyse binnegedring. Die beweringe in die Minderheidsrapport van onreëlmatighede staan onbestrede.

Versoek

Dat die besluit van Sinode 2003 as strydig met die Woord en Kerkorde bevind sal word, en dat die Minderheidsverslag volledig weer ter tafel geneem sal word en beoordeel sal word. Dit hou in dat die besluitneming oor die Meerderheidsverslag uit die aard van die saak ook heroorweeg sal moet word.

VVVVVV. **RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE**

a. Opdrag

Beswaarskrif 1 van br N van der Dussen teen besluit van Sinode 2003.

Besluit: Kennis geneem.

b. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

2.1 Die Beswaarskrif is gerig teen die besluit van Sinode 2003 (Acta 2003:640) oor die wyse waarop 'n Minderheidsrapport behandel is.

2.2 Die Minderheidsrapport het aanbeveel dat ander Deputate benoem word om uitvoering aan die staande Sinode besluit (Acta 1994:553) te gee deur elke Psalmomdigting afsonderlik aan die hand van die grondteks te beoordeel (Minderheidsrapport, 2, pt 4.1).

2.3 Die Kommissie het aan die volgende dokumente aandag gegee: Minderheidsrapport, die Meerderheidsrapport soos goedgekeur die Sinode 2003 en oorspronklike stukke is uit die argief verkry en nagegaan.

2.4 Die volgende persone het voor die kommissie kom getuig: Prof HF van Rooy, ds DJ Bakker en prof PH Fick (aangewysde adviseur).

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.4.

c. Beredenering

3.1 *Agtergrond Beredenering*

3.1.1 Op die Sinode 2003 het 'n Rapport van die Deputate Liturgiese Sake gedien.

3.1.2 'n Kommissie is benoem om hierdie Rapport te beoordeel. Die Sinode het genoemde Rapport na die Kommissie verwys vir advies.

3.1.3 Na beoordeling van die Rapport deur die Kommissie is daar 'n Minderheid- en Meerderheidsrapport aan die Sinode voorgehou.

3.1.4 Albei die Minderheid- en die Meerderheidsrapporte is in die Sinode gestel en behandel (Acta 2003:640, 22.1), en daarna is tot stemming oorgegaan.

3.1.5 Die Minderheidsrapport is afgestem en gevolglik het die Meerderheidsrapport die besluit van die Sinode geword.

Besluit: Kennis geneem van 3.1.1 tot 3.1.5.

3.2 *Beswaargrond 1*

3.2.1 Beredenering

3.2.1.1 Die beswaarde beweer dat Sinode 2003 die Minderheidsrapport sonder begronding afgestem het en daardeur die gesag van Christus tersyde gestel het. Dit lei hy uit die Notule af.

3.2.1.2 Hierdie afleiding is nie korrek nie. Die afwysing van die Minderheidsrapport vind juis sy begronding in die aanvaarding van die Meerderheidsrapport.

3.2.2 Bevinding

3.2.2.1 Die beswaarde bewys nie dat die Minderheidsrapport sonder begronding afgestem is nie, aangesien die aanvaarding van die Meerderheidsrapport wat dieselfde materie behandel het, die grond is vir die nie aanvaarding van die Minderheidsrapport.

Besluit: Kennis geneem van 3.2.1.1 tot 3.2.2.1.

3.2.3 Aanbeveling

3.2.3.1 Die beswaar word nie gehandhaaf op beswaargrond 1 nie.

Besluit: Goedgekeur.

3.3 *Beswaargrond 2*

3.3.1 Beredenering

3.3.1.1 Die beswaarde beweer dat die Meerderheid- en Minderheidsrapporte ongelyk gehanteer is en dat die lede wat die Meerderheidsrapport gesteun het oor die lede wat die Minderheidsrapport gesteun het, geheers het.

3.3.1.2 Die Notule (Acta 2003:640, E) toon duidelik aan dat albei die Meerderheid- en Minderheidsrapport voor die Sinode gedien het. Albei hierdie Rapporte is tot stemming gebring. Nadat die Sinode die Minderheidsrapport afgestem het en Meerderheidsrapport vir sy besluit geneem het, is die Meerderheidsrapport punt vir punt behandel en genotuleer, aangesien dit nou die besluit van die Sinode was. Hierdie besluit is volgens standaard notulepraktyk genotuleer, terwyl die Minderheidsrapport wel in die Bylae opgeneem is.

3.3.1.3 Die beswaarde beweer verder dat daar strydig opgetree is teenoor KO, art 84. Die feit dat albei Rapporte gelyktydig gedien het, bewys dat daar nie geheers is oor 'n ander nie. Die verdere feit dat die Sinode die Minderheidsverslag afgestem het, is ook nie 'n bewys dat daar oor enige een geheers is nie.

3.3.2 Bevinding

3.3.2.1 Die beswaarde bewys nie dat die twee Rapporte ongelyk behandel is nie en ook nie dat art 84 van die KO in gedrang gebring is nie.

Besluit: Kennis geneem.

3.3.3 Aanbeveling

3.3.3.1 Die beswaar word nie gehandhaaf op beswaargrond 2 nie.

Besluit: Goedgekeur.

3.4 *Beswaargrond 3*

3.4.1 Beredenering

3.4.1.1 Die beswaarde beweer dat die Minderheidsrapport nie op kerklike wyse behandel is nie en dat KO, art 30 ingedrang gebring is.

3.4.1.2 Albei die Rapporte is gestel, beredeneer en daar is oor gestem.

3.4.1.3 Die beswaarde maak egter 'n fout, aangesien die Meerderheid- en Minderheidsrapporte albei deel was van dieselfde saak en dus nie as twee afsonderlike sake hanteer kon word nie. Die materie waaroor albei die Rapporte gehandel het, was dieselfde, maar die aanbevelings was wel verskillend.

3.4.1.4 Die Sinode het op 'n kerklike wyse opgetree deur 'n keuse te maak vir die Meerderheidsrapport wat beoordeel is aan die hand van die Skrif, Belydenis en Kerkorde. Die KO, art 30 is nie in gedrang gebring nie.

3.4.2 Bevinding

3.4.2.1 Die beswaarde toon nie aan die Sinode in die afstemming van die Minderheidsrapport KO, art 30 oortree het nie.

Besluit: Kennis geneem.

3.4.3 Aanbeveling

3.4.3.1 Die beswaar word nie gehandhaaf op beswaargrond 3 nie.

Besluit: Goedgekeur.

d. Aanbeveling

Die Beswaarskrif word in sy geheel nie gehandhaaf nie.

Besluit: Goedgekeur.

22.6 BESWAARSKRIF 2 – BR N VAN DER DUSSEN TEEN 'N BESLUIT VAN SINODE 2003 (Artt 19, 66, 69, 254)

WWWWWW. Die Beswaarskrif word as gestel beskou.
XXXXXX. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na Beswaarskrifkommissie 6.
YYYYYY. Dr AL Rheeder rapporteer namens Beswaarskrifkommissie 6.

ZZZZZZ. **BESWAARSKRIF**
Besluit waarteen beswaar gemaak word
Soos gevind op die web by http://www.gksa.co.za/sinode2003/liturgies/rapport.htm
"*3.2 Sake waaroor die Sinode moet besluit*

Die 2001-omdigting verdien met reg naas die 1936-omdigting 'n plek in ons kerklike liturgie/lewe.
Besluit: Goedgekeur."

Vooraf inligting
In paragraaf 3.2 word die volgende gestel:
"4. Naas die betrokkenheid by die proses van omdigting het die Deputate kommentaar van die kerke aangevra. Heelwat kommentaar is ontvang. Die Kommissie het dit nagegaan en oordeel dat die Deputate aandag aan al die kommentaar gegee het en dat Bylae A 'n bondige verwerking en beredenering van die kommentaar is."
In die bundel van kommentaar was daar kommentaar betreffende die werkswyse van die Deputate wat nie aan die Sinode in Bylae A voorgehou is nie.

In besonder

Vanaf Gereformeerde Kerk Die Kandelaar
Kerkordelike besware
"1. Dit bevreem ons dat die Deputate ver voor die keerdatum vir beoordeling en kommentaar, reeds in Mei 2001 publiek stel (in die voorwoord van die proefbundel): "Let ook daarop dat die Deputate beplan om by die Sinode van 2003 aan te beveel dat hierdie beryming, nadat dit goedgekeur is, naas die bestaande "Totius-beryming" in een bundel gepubliseer word."
Die Deputate het dus reeds 'n besluit oor die nuwe beryming geneem voordat enige kommentaar uit die kerke hulle kon bereik het. Blykbaar ag hulle kennisname en beoordeling daarvan onnodig. Feitlik word hiermee die opdrag van die Sinode 2000, om die nuwe beryming aan die Kerkrade beskikbaar te stel vir beoordeling en kommentaar, tersyde gestel. Die bedoeling van dié Sinodebesluit is tog duidelik dat hierdie beoordeling en kommentaar uit die kerke deur die Deputate oorweeg wou word alvorens hulle tot 'n besluit en aanbeveling sou kom? Met hierdie handelswyse maak die Deputate wesenlik die kerke onmondig en daardeur hulle besluit en aanbeveling ongeldig."

Vanaf Gereformeerde Kerk Elandskraal
Die Kerkraad van Elandskraal wil u as Deputate graag op die volgende wys:
1. Met verwysing na die Deputate se brief van Mei 2001 wat in die bundel wat aan alle kerke gestuur is, gepubliseer is, die volgende: Ons haal aan: "Die Deputate beplan om by die Sinode van 2003 aan te beveel, dat hierdie beryming, nadat dit goedgekeur is, naas die bestaande Totius-beryming in een bundel gepubliseer word."
Dit is ons mening dat dit 'n voortydige standpunt-inname deur die Deputate is as gevolg waarvan gemeentes positief beïnvloed word ten gunste van die nuwe beryming. Die feit dat die Deputate slegs 'n weergawe van die kommentaar wat uit

die kerke ontvang word, aan die Sinode gaan voorlê, skep die indruk dat die Deputate self geen aandag aan die kommentaar gaan skenk nie.

Vanaf Br N van der Dussen
Ope Brief aan die Deputate Invoering Cloete-beryming
Dit is met teleurstelling dat ek in *Die Kerkblad* van 21 November 2001 moes lees dat u reeds besluit het wat u aan die Sinode van 2003 gaan aanbeveel.
Dit is kommerwekkend dat u reeds besluit het wat u gaan aanbeveel ten spyte van u onderneming dat daar tot Februarie 2002 tyd is om kommentaar t.o.v. die omdigting te lewer.
Dit is onrusbarend dat u reeds besluit het dat daar nie ruimte is vir die beoordeling van die omdigting Psalm vir Psalm, vers vir vers, woord vir woord nie.
Het dit enige sin om verdere tyd te bestee aan kommentaar, of is die hele oefening slegs 'n bluf sodat u kan sê dat u u werk gedoen het om u voorafbeslote standpunte deur te voer?
U openbare uitlatings in *Die Kerkblad* versterk die indruk wat reeds bestaan dat die Cloete-beryming deurgevoer moet word ongeag die besware wat bestaan.
In die lig van u openbare uitlatings is dit noodsaaklik dat u die talle beswaardes oor die omdigting in die GKSA die waarborg verskaf dat u elke beswaar in sy geheel aan die komende Sinode sal voorlê; dat u elke beswaar na sy meriete aan die Woord en die Woord alleen sal meet en alleenlik sodanige kommentaar op besware aan die Sinode sal voorlê.
Dit is onmoontlik om u uitlatings in *Die Kerkblad* anders te vertolk as synde dat enige kommentaar wat aan die Deputate gerig word 'n verkwisting van tyd en gawes sal wees.
Broedergroete
Nico van der Dussen

Dit is noodsaaklik om ter wille van die konteks, asook verdere skrywes in hierdie verband die volledige kommentaarbundel na te gaan.

Beswaargrond 1
Bogenoemde besware in die voorleggings aan die Deputate stel die werkswyse van die Deputate in dispuut. Die wese van die besware is dat die Deputate strydig met onder ander die Woord soos bely in HK, So 42 opgetree het deur vooraf te besluit wat die bevindinge gaan wees.

Beswaargrond 2
Die Deputate het selektief die kommentaar wat ontvang is aan die Sinode voorgehou deur nie na die bostaande besware teen die werkswyse in hulle Rapport te verwys nie. Die hantering van sake op 'n kerklike wyse vereis volkome openlikheid. Dit is nogmaals strydig met die belydenis soos verwoord in HK, So 42.

Beswaargrond 3
Die Sinode het versuim om deeglik na te gaan dat alle kommentaar na behore deur die Deputate hanteer is, en gevolglik deur die Sinode gehanteer is.
Die beswaarde erken dat hy, weens tydsgebrek, self ook nog nie volledig deur die bundel gewerk het en met die Rapport vergelyk het nie. Daar mag gevolglik nog meer voorbeelde wees waar die Deputate versuim het om die kommentaar na behore en volledig aan Sinode 2003 voor te hou.
U aandag word verder gevestig op die Minderheidsrapport wat stel "*3.1.1.4 Die Kommissielede Liturgies het byna geen toegang tot of insae in die kommentare en kritiek gehad wat deur die Kerke (Kerkrade) aan die Deputate gestuur is nie. Eers in 'n te laat stadium om dit sinvol te beoordeel, is gemeld dat dit ter insae beskikbaar is.*"

Daar is geen aanduiding in die Handelinge dat die Sinode wel die volledige bundel kommentare onder oë geneem het en bevestig het dat die Deputaterapport inderdaad 'n volledige opsomming daarvan is nie.

Gevolgtrekking
Die besluit is geneem sonder om alle tersaaklike inligting te oorweeg. In besonder is daar nie aandag gegee of die werkswyse van die Deputate ooreenkomstig die eis van die Woord was nie, veral waar daar besware betreffende die werkswyse by die Deputate ingedien is.
Die besluite is in stryd met KO, art 30 aangesien die werkswyse wat gevolg is, besonderlik om reeds voordat kommentaar bekom is, te besluit wat aanbeveel gaan word, nie 'n kerklike werkswyse kan wees nie.

Versoek
Dat die besluit herroep word, en dat die beoordeling van die werke van vooraf gedoen sal word met 'n proses sonder enige vooraf-beslote uitkomste.

AAAAAAA. **RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE**

a. Opdrag

Beswaarskrif 2 van br N van der Dussen teen 'n besluit van Sinode 2003.

Besluit: Kennis geneem.

b. Sake waarvan die Sinode kennis kan neem

Die volgende persone het voor die Kommissie getuig: proff HF van Rooy en PH Fick (aangewese adviseur).

Besluit: Kennis geneem.

c. Beredenering

3.1 *Agtergrond beredenering*

Die beswaarde beweer dat die Deputate wat by 2001-omdigting betrokke was, nie die kommentaar wat aan hulle gestuur is, bevredigend verreken het nie. Die beswaarde begrond hierdie bewering op die voorwoord van die proefuitgawe van die 2001-omdigting waarin daar gestel word dat "die Deputate beplan om by die Sinode van 2003 aan te beveel dat hierdie beryming, nadat dit goedgekeur is, naas die bestaande Totius-beryming in een bundel gepubliseer word".

Hierdie voorwoord is gedateer Mei 2001 terwyl die keerdatum vir kommentaar uit die kerke Februarie 2002 was. Hieruit maak beswaarde die afleiding dat die 2001-omdigting byvoorbaat reeds deur die Deputate aanvaar is op so 'n manier dat hulle geen kommentaar na Mei 2001 sal verreken nie. Die beswaarde bevraagteken dus die keuringsproses waaraan die 2001-omdigting onderhewig was.

Verder beweer die beswaarde dat sekere kerke en individue se kommentaar nie weerspieël word in die samevattende kommentaar van die Deputate nie (Acta 2003:646-658). Die beswaarde beweer verder dat die Deputate, HK, So 42 verontagsaam het.

Besluit: Kennis geneem.

3.2 *Beswaargrond 1*

3.2.1 Beredenering

3.2.1.1 Die beswaarde het die aanhaling uit die 2001-omdigting se voorwoord verkeerd verstaan. In die voorwoord stel die Deputate dit slegs dat hulle van voorneme is om wel die Totius-beryming in te sluit in 'n nuwe Psalmbundel indien die Sinode die 2001-omdigting sou goedkeur. Hierdie stelling was nie bedoel om enige kommentaar uit te sny nie, maar slegs vrese te besweer dat die 2001-omdigting moontlik die Totius-beryming mag vervang.

3.2.1.2 Die beswaarde se bewering dat kommentare nie weerspieël word in die Rapport van die Deputate nie, is nie houdbaar in die lig van die opdrag aan die Deputate nie.

Hierdie beswaar is reeds volledig op die Sinode van 2006:681, 1.3.3 afgewys.

3.2.1.3 Die beswaarde toon verder nie aan hoe HK, So 42 enige grond bied vir sy beswaar nie.

Besluit: Kennis geneem van 3.2.1.1 tot 3.2.1.3.

3.2.2 Bevinding

3.2.2.1 Die beswaar word nie gehandhaaf op beswaargrond 1 nie.

Besluit: Goedgekeur.

3.3 *Beswaargrond 2 en 3*

Die beswaargronde handel oor die wyse waarop die kommentaar op die 2001-omdigting deur die Deputate en Sinode 2003 hanteer is. Hieroor is reeds tydens Sinode 2006 in 'n Beswaarskrif van die GK Pretoria-Rooiwal (Acta 2006:669, 21.6) gedien – met die gevolg dat hierdie beswaargronde in gevolge KO, art 46 nie weer kan dien nie.

Besluit: Goedgekeur.

d. Aanbeveling

Die beswaar word in sy geheel nie gehandhaaf nie.

Besluit: Goedgekeur.

22.7 RAPPORT VAN DIE DEPUTATE: "EENSGESINDHEID OOR DIE HELE SAAK VAN DIE PSALMOMDIGTING" (Artt 55, 250, 257)

BBBBBBB. Dr DG Breed lewer die Rapport.
CCCCCCC. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Liturgiese Sake 2.
DDDDDDD. Ds DJ Bakker rapporteer namens Kommissie Liturgiese Sake 2.

EEEEEEE. **RAPPORT**

1. Sake waarvan die Sinode kennis moet neem

Opdrag (Acta 2006:739)

"Sedert die Psalmomdigting goedgekeur is, het dit duidelik geword dat daar 'n spanningsvolle situasie in die GKSA ontwikkel het. Tydens die Sinode getuig die baie Beswaarskrifte en die stemming daaroor, dat daar nog nie eensgesindheid oor die hele saak van die Psalmomdigting bestaan nie.

Dit is almal in ons kerke se begeerte dat ons tot volle begrip en duidelikheid oor die Psalmomdigting kan kom sodat ons eensgesindheid en liefde vir mekaar in Christus mag groei en toeneem.

Hiermee stel ondergetekendes voor dat 'n oop gesprek tussen die beswaardes, belangstellendes en kundiges (Ou-Testamentici, biblioloë, dogmatici, letterkundiges en musikoloë), gefasiliteer deur dr DG Breed, saam sal kom en indringend sal kyk na die verskil in standpunte. Waar al die betrokkenes saam om 'n tafel kan gaan sit en broederlik na mekaar luister, glo ons dat die Here ons sal lei tot helderheid, volle begrip en vrede, om mekaar ook hierin te vind. Mag dit as die eindresultaat van hierdie Sinode rus en vrede in ons kerke bring."

Verstaan van die opdrag

Die Deputate het die opdrag so verstaan dat hierdie opdrag nie 'n bedekte manier is wat gevolg word om, anders as wat die Kerkorde (artikels 31 en 46) voorskryf, besware teen Sinodebesluite te hanteer nie.

Die Deputate het die opdrag ook nie so verstaan dat die gesprekke gevoer moet word sodat die beswaardes maar net geleentheid kry om hulle hart uit te praat en dan hulle besware te laat vaar nie. Die "eengesindheid", "helderheid" en "begrip" waarna in die opdrag verwys word, is so verstaan dat dit daaroor gaan dat eensgesindheid bereik word deurdat helderheid en begrip verkry word oor wat die Here van ons volgens sy Woord oor hierdie saak vereis.

Omdat dit duidelik is dat hierdie Deputate se werk verband hou met die werk wat tydens 2006 se Sinode aan Deputate opgedra is om die "vraagstukke wat aan beswaargronde [teen die Psalmomdigting] onderliggend is te identifiseer", is daar op gereelde basis met hierdie Deputate kontak gehou deur die wedersydse bywoning van vergaderings en gesprekke tussen die voorsitters.

Uitvoering van die opdrag

1.3.1 <u>Byeenkomste</u>

In die uitvoering van die opdrag moes die Deputate aanvanklik heelwat tyd spandeer om gemoedere te kalmeer en om die betrokkenes te oortuig van die sinvolheid van gesprekke en om almal saam te laat stem oor die modus operandi wat gevolg moet word. Van hierdie vooraf- en tussendeur-"voetwerk" word nie in besonderhede gerapporteer nie. Daar word slegs kortliks verslag gedoen van die agt byeenkomste wat gehou is.

1.3.1.1 <u>Eerste byeenkoms</u>

Kort na die Sinode in 2006 is 'n byeenkoms gereël met predikante wat leiding geneem het in die besware wat in 2006 oor die Psalmomdigting by die Sinode gedien het. By die byeenkoms is daar saam met die broeders besin oor die uitvoering van die Sinode se opdrag. Daar is besin oor wíé die "beswaardes" en "belangstellendes" sou wees en wíé as "kundiges" genooi sou word. Daar was

eenstemmigheid dat mense uit die GKSA wat met die omdigting van die Psalms meegewerk het, as kundiges genooi moes word. Daar was ook eenstemmigheid dat daar aan mense wat leiding gegee het in die aanteken van beswaar oor die omdigting, 'n uitnodiging gerig sal word. Daar was ook eenstemmigheid dat, vanweë die sensitiwiteit van die saak, "belangstellendes" later, wanneer vordering in die "na mekaar luister" gemaak is, by die gesprek betrek sou word.

1.3.1.2 Tweede byeenkoms

Kort na die eerste byeenkoms het die Deputate die Deputate Liturgiese sake ontmoet. Die Agenda was dieselfde as met die eerste gesprek. Daar was eenstemmigheid oor wie in die gesprek as "Ou-Testamentici, biblioloë, dogmatici, letterkundiges en musikoloë" sou optree.

1.3.1.3 Derde byeenkoms

Aan die begin van 2007 (29-31 Januarie) is 'n byeenkoms gehou waartydens gesprek gevoer is tussen "beswaardes" en "kundiges." By dié gesprek was 'n aantal predikante wat in die verlede leiding geneem het om beswaar aan te teken teen die Psalmomdigting. As "kundiges" was ds Johannes Bingle, proff Dries du Plooy, Heilna du Plooy en Herrie van Rooy, PWG du Plessis, Piet Roodt, dr Rassie Smit en ds Arnold Mulder teenwoordig.

Tydens die gesprek is daar eerstens 'n oorsig gegee oor die proses van die omdigting – verskillende werkgroepe/kommissies, die proses van beoordeling en hersiening, die deelnemers, en die vereistes vir beoordeling naamlik: getrouheid aan die teks, letterkundige en musikale kwaliteit. Die leiding in hierdie gesprek is hoofsaaklik deur prof Herrie van Rooy geneem.

Daarna is gehandel oor die proses van teks na lied. Toeligting is gegee oor die proses om die teks om te dig. Die invloed van die musiek en die letterkunde in die proses is uitgelig. As voorbeeld is kortliks na Psalm 1 verwys. Beide die Totius en Cloete tekste gee met die beperkings van melodie, rympatroon, en indeling van stof in verse en strofes, die inhoud redelik goed weer al kom die detail nie heeltemal tot sy reg nie. Tydens hierdie deel van die gesprek is ook oor die gebruik van die Godsname, moontlike weglatings in die omdigting en die gebruik van "terminologieë" soos "verbond" gehandel. Vervolgens is aandag gegee aan prinsipiële besware teen die omdigting. Daar is gehandel oor die "Messiaanse psalms", "wraak-psalms" en die moontlikheid van 'n "vreemde teologie" in die omdigtings.

Prof Heilna du Plooy het vervolgens perspektief gegee hoe taal en musiek die omdigting geraak het. Die ontwikkeling van die taal, literêre teorieë en poësie is kortliks uitgelig. Die kenmerke, aard en styl van moderne Afrikaanse poësie is ook toegelig.

Ds Arnold Mulder het daarna enkele perspektiewe gegee oor die belangrike rol wat musiek in die omdigting gespeel het.

Ná die gesprek was die mense teenwoordig dit eens dat die gesprek sinvol was, maar het ook erken dat dit nie die hele probleem oplos nie. Die behoefte is uitgespreek dat verdere gesprekke moet plaasvind waarin daar in meer besonderhede gehandel sal word oor spesifieke sake, veral die "prinsipiële" sake wat tydens die afgelope gesprek toegelig is.

1.3.1.4 Vierde gesprek

'n Vierde gesprek is in 2007 gehou waarby enkele emeritiprofessore betrek is wat reeds hulle besware teen die omdigting op skrif bekendgemaak het. Tydens die gesprek het die Deputate prof Jorrie Jordaan en ds Danie Snyman gevra om behulpsaam te wees met die gesprek. Die meerderheid van sake wat op die derde byeenkoms bespreek is, is ook by hierdie gesprek bespreek. Die emeriti het aan die einde van die gesprek onderneem om hulle besware op skrif te formuleer en aan ds Danie Snyman te stuur (wat hulle ook inderdaad gedoen het).

1.3.1.5 Vyfde gesprek

Die Deputate het die beswaarde broeders wat tydens die derde gesprek teenwoordig was, versoek om die sake waaroor daar nog verdere gesprek gevoer moes word, ook (soos die emeriti) op skrif aan ds Danie Snyman te stuur. Ds Danie Snyman is versoek om saam met dr Gerard Meijer dit wat hy van al die broers ontvang, te orden sodat daaruit 'n ordelike gesprek kan kom. Dit is met groot deeglikheid deur die twee broeders gedoen en hulle het vooraf by die "beswaardes" seker gemaak dat hulle ordening van die sake, korrek is. Dit was duidelik dat sake rondom die Messiaanse karakter van die Psalms in die gesprek voorrang behoort te kry.

Daar is ooreengekom dat die Deputate saam met ds Danie Snyman met hierdie sake as Agenda met prof Herrie van Rooy (as deel van die groep "kundiges") gesprek sal voer, en daarna met die resultaat van die gesprek weer met die "beswaarde" broeders gespek sal voer. Die gesprek met prof Herrie van Rooy het plaasgevind en daar is besluit om onder andere die volgende stellings aan die beswaarde broeders voor te lê en vas te stel in watter mate daar verskille en ooreenstemming is. Hierdie stellings het direk verband gehou met die sake waaroor die broeders in hulle harte kommer het:

1.3.1.5.1 Die hele Ou Testament, insluitende alle Psalms, is Messiaans, in die sin dat die hele Ou Testament na Christus heenwys. Die hele Ou Testament loop uit op Christus en vind sy finale doel in Christus. Maniere waarop hierdie heenwysing kan gebeur, is o.a. die volgende: deur openbaringshistoriese voortgang wat op Christus uitloop; deur spesifieke temas/lyne wat in Christus hulle diepste betekenis kry; deur tipologie; deur analogie; deur profesieë wat op die persoon of ryk van die Messias wys; deur beloftes wat in Christus vervul word; deur kontras; ens.

1.3.1.5.2 Sommige gedeeltes van die Ou Testament is direk Messiaans en sommige gedeeltes indirek Messiaans. Baie dele van die Ou Testament is nie direk of indirek Messiaans nie, maar wel Messiaans soos beskryf in 1.3.1.5.1.

1.3.1.5.3 Direk-Messiaans beteken dat die betrokke hoofstuk/perikoop/vers/sin in die eerste plek en/of uitsluitlik oor die beloofde Messias gaan en ook so 'n boodskap oor die Messias vir die oorspronklike lesers/hoorders gehad het.

1.3.1.5.4 Indirek-Messiaans beteken dat die gedeelte 'n betekenis vir sy eie tyd gehad het, maar dan ook op een of ander manier na die Messias toe heenwys of in die Messias 'n besondere vervulling vind.

1.3.1.5.5 Dit is moontlik dat Gereformeerde eksegete, wat dieselfde Skrifbeskouing huldig, kan verskil oor die vraag of 'n bepaalde gedeelte direk- of indirek-Messiaans is en oor die vraag op watter manier(e) 'n indirek-Messiaanse gedeelte na Christus toe heenwys.

1.3.1.5.6 Prof van Rooy oordeel dat Psalms 2 en 110 indirek-Messiaans is en nie direk-Messiaans nie. Gedeeltes in die Skrif wat hy wel as direk-Messiaans beskou is, bv. Jesaja 8:23-9:6 en Maleagi 3:1.

1.3.1.5.7 In die stelling oor die Ou Testament ("soos hy homself aanbied") is die Heilige Gees die eintlike Subjek van hierdie sinsnede.

1.3.1.5.8 As die stelling (wat al in die verlede gemaak is) "Psalm 110 is nie 'n Messiaanse Psalm nie" beteken dat Psalm 110 glad nie na die Messias verwys nie, word dit in die lig van punt 1 verwerp. As daarmee bedoel word dat Psalm 110 nie direk-Messiaans is nie, kan oor hierdie verskil in interpretasie (of die Psalm direk- of indirek-Messiaans is) geredeneer word.

1.3.1.5.9 'n Nuwe-Testamentiese aanhaling van 'n Ou-Testamentiese gedeelte, wat aantoon dat daardie Ou-Testamentiese gedeelte na die Messias verwys, beteken nie noodwendig dat daardie gedeelte direk-Messiaans (soos in 1.3.1.5.3 hierbo gedefinieer) is nie.

1.3.1.5.10 Daar is verskillende maniere waarop die Messiaanse karakter van die Psalms in 'n beryming/omdigting weergegee kan word, bv:

(a) dit kan by elke Psalm uitdruklik die Messiaanse weergee (Luther);
(b) dit kan by Psalms wat in die NT as in-Christus-vervul aangehaal word, die aangewese vervulling eksplisiet (bv. met hoofletters) weergee;
(c) dit kan by die Psalms wat as direk-Messiaanse Psalms aanvaar word, die Messiaanse eksplisiet weergee;
(d) dit kan die Psalms in hulle Ou-Testamentiese gestalte, d.w.s. sonder enige eksplisiete verwysing na Christus, weergee.

1.3.1.5.11 Die 1936-beryming het iets van ’n kombinasie van (b) en (c) hierbo gekies. Die 2001-omdigting het met c en d gewerk, maar geoordeel dat geen Psalm direk-Messiaans is nie.

1.3.1.5.12 Dit is duidelik dat die stelling van prof Cloete (“Psalm 110 is nie ’n Messiaanse Psalm nie”) wel tot misverstand aanleiding gegee het. Die beswaardes het waarskynlik meer in die stelling gelees as wat daarmee bedoel was en op grond van die stelling ’n beskuldiging van ’n valse teologie teen die omdigting ingebring. Hierdie beskuldiging is egter konsekwent deur die medewerkers van ons kerke ontken, en is deur die Sinode van 2006 afgewys met die nie-aanvaarding van beswaarskrifte wat hierdie punt wou maak.

1.3.1.6 Sesde byeenkoms

Die resultaat van die gesprek tussen prof Herrie van Rooy (as deel van die groep “kundiges”), ds Danie Snyman en Deputate is op skrif aan die “beswaardes” gestuur. Met die oog op die bespreking van die uitkoms van die gesprek met prof Herrie van Rooy, is daar vroeg in 2008 ’n vergadering gehou. By hierdie byeenkoms was ’n aantal predikante wat met die besware teen die omdigting leiding geneem het, teenwoordig. Naas dit wat die broeders op skrif ontvang het, is die broeders volledig deur ds Danie Snyman en die Deputate ingelig oor die gesprek met prof Herrie van Rooy. Die bespreking van bogenoemde stellings het daartoe gelei dat die probleme wat die beswaardes met die omdigting het, duideliker gedefinieer kon word en in diepte bespreek kon word. Hoewel daar baie tyd opsygesit was vir hierdie gesprek, was dit duidelik dat daar verdere gesprek met die broers gevoer moet word. Daar is besluit dat dit profytlik sal wees as die broeders vir die volgende gesprek ’n konkrete beoordeling van Psalm 1 en 2 se omdigting voorberei.

1.3.1.7 Sewende gesprek

Die Deputate het in die lig van verskeie faktore besluit dat dit belangrik sou wees om as deel van die uitvoering van die Sinode se opdrag ’n byeenkoms in Namibië aangaande die Psalmomdigting te hou. Daar is eerstens so besluit omdat die Gereformeerde Kerk Aranos in 2006 ’n beswaar by die Sinode ingedien het teen die omdigting en dus deel van die “beswaardes” is. Tweedens was dit as gevolg van die afstand nie moontlik om die Gereformeerde Kerk Aranos by al die vorige vergaderings wat reeds gehou is, te betrek nie (die predikant van die Gereformeerde Kerk Aranos was wel teenwoordig by van die byeenkomste in Suid Afrika). Dit was ook uit gesprekke met predikante van Namibië soos di Johannes Bingle, Marthinus Snyman en dr Callie Opperman duidelik dat ’n byeenkoms in Namibië gewens is. In April 2008 is so ’n byeenkoms in Windhoek gehou.

Ds Danie Snyman is deur die Deputate gevra om saam met die Deputate die byeenkoms in Windhoek by te woon. Die eerste dag van die byeenkoms is net met die Gereformeerde Kerk Aranos vergader. Die ander Kerkrade van die Gereformeerde Kerke in Namibië is versoek om, as daar lidmate in die gemeente is by wie daar nog onrus is oor die omdigtings, twee van hierdie lidmate na die byeenkoms te stuur om saam met die predikant en een ouderling die tweede dag van die byeenkoms by te woon. Tydens die vergadering is die volgende bespreek:

(a) die vordering wat reeds gemaak is met ander gesprekke (in Suid-Afrika),
(b) die stellings wat saam met prof Herrie van Rooy opgestel is (vgl. 1.3.1.5)

(c) sake wat die broeders van Aranos en ander broeders op die Agenda geplaas het.

1.3.1.8 Agtste gesprek

In Augustus 2008 het die Deputate 'n verdere gesprek gehou waarby 'n aantal predikante (wat leiding geneem het in die aanteken van besware teen die omdigting) teenwoordig was. Een broeder het deur middel van telefoonkonferensiegeriewe aan die bespreking deelgeneem. Die Deputate het ook vir ds Danie Snyman versoek om die vergadering by te woon.

As deel van die voorbereiding van die gesprek is aan die broeders wat tot die gesprek uitgenooi is,

'n Artikel van prof Herrie van Rooy wat in die *HTS 60(3) 2004* 755 gepubliseer is, gestuur. Die artikel se titel is: *Die nuwe Psalmomdigting: Die Messias weggelaat?*

'n Geskrif van prof Herrie van Rooy met die titel "Inligting vir gesprek oor die Psalms" is ook aan die broeders gestuur.

Soos met die agtste gesprek ooreengekom, het die broeders 'n beoordeling van Psalm 1 en 2 voorberei. In die gesprek het die broeders verskeie sake aangetoon waarvan hulle oortuig was dat die omdigting van die twee Psalms nie ooreenstem met die Skrif en belydenis nie. Die grootste probleme was met die omdigting van Psalm 2, en spesifiek rondom die vraag of die omdigting Skrif- en belydenisgetrou is, as dit nie duidelik laat blyk dat die Psalm na Christus wys nie. Daar is by hierdie vergadering besluit dat die deputate 'n vergadering met prof Herrie van Rooy en ander kundiges moet probeer reël waar gesprek gevoer kan word oor die broeders se standpunte aangaande die omdigting van Ps 2. Oor hierdie vergadering sal, indien nodig, in die Aanvullende Agenda van die Sinode gerapporteer word.

1.4 *Vordering om mekaar "hierin te vind"*

1.4.1 Verhoudings

Die Deputate wil graag waardering uitspreek aan al die "beswaardes, belangstellendes en kundiges" wat in al die gesprekke saam daarna gesoek het na "helderheid, volle begrip en vrede, om mekaar ... te vind." Hoewel daar soms radikaal in standpunte van mekaar verskil is, is daar nooit in enige vergadering onbroederlik teenoor mekaar opgetree nie. Dit neem nie weg dat daar soms by ander geleenthede (waarby die Deputate nie betrokke was nie) dinge tussen die betrokkenes gebeur het wat die taak van die Deputate bemoeilik het nie. Met dankbaarheid kan egter gemeld word dat die broeders, nadat daar met hulle gesprek gevoer is en omdat eenheid op grond van die waarheid vir hulle erns was, weer bereid was om met gesprekke voort te gaan.

1.4.2 "Insig"

1.4.2.1 Kennis oor die werk aan die omdigting

Die feit dat daar in die afgelope drie jaar indringend gesprekke gevoer kon word, het beslis daartoe gelei dat daar meer duidelikheid en begrip gekom het aangaande die werk aan die omdigting. Proff Herrie van Rooy, Dries du Plooy, Heilna du Plooy, PWG du Plessis, di Johannes Bingle, Arnold Mulder, dr Rassie Smit en broeder Piet Roodt het baie inligting gegee aangaande:

(a) verskillende werkgroepe/kommissies wat betrokke was by die omdigting,
(b) die proses van beoordeling en hersiening wat met die omdigting gevolg is,
(c) die verskillende deelnemers aan die omdigting,
(d) die vereistes wat gestel is vir beoordeling, naamlik: getrouheid aan die teks, letterkundige en musikale kwaliteit,
(e) die invloed van die musiek en die letterkunde in die proses van omdigting,
(f) hoe taal en musiek die omdigting geraak het en
(g) die belangrike rol wat musiek in die omdigting gespeel het.

1.4.2.2 Prinsipiële sake

Hoewel die ander sake belangrik is, was dit vir die Deputate duidelik dat die besware teen die omdigting veral handel oor die vraag of die Psalms getrou aan

die Skrif en Belydenis omgedig is. Daar is daarom in latere gesprekke veral daarop klem gelê om hieroor duidelikheid te kry. Sake waarop in hierdie gesprekke klem gelê is, was:

(a) Die Messiaanse karakter van die Psalms en hoe dit in die omdigtings weergegee is.
(b) Die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament en hoe hierdie verhouding in die omdigtings in berekening gebring en weergegee is.
(c) Wat alles van die oorspronklike teks in ’n omdigting weergegee moet word en hoe dit in die omdigtings gedoen is.

Deur middel van die “kundiges” het die Deputate eerstens daaraan aandag gegee om duidelikheid te kry oor watter beginsels daar ten opsigte van bogenoemde drie sake met die omdigting gegeld het en hoe hierdie beginsels in die omdigting toegepas is.

Wanneer daar in die algemeen geredeneer is oor hierdie beginsels en die toepassing daarvan, kon heelwat ooreenstemming gevind word. So kon daar byvoorbeeld t.o.v. van die Messiaanse karakter van die Psalms saamgestem word dat die hele Ou Testament, insluitende alle Psalms, Messiaans is.

Wanneer die beginsels egter in besonderhede beredeneer is en daar oor die toepassing van hierdie beginsels in die omdigting gepraat is, het die verskille na vore begin tree. Daar is byvoorbeeld verskil oor die vraag of dit Skrifverantwoord sou wees wanneer daar onderskeid getref word tussen Skrifgedeeltes wat “direk Messiaans” is en Skrifgedeeltes wat “indirek Messiaans” is.

Die Deputate het gepoog om, wanneer die verskille na vore getree het, vas te stel of en hoe die verskillende Sinodes oor hierdie sake geoordeel het. Om die besluite van die Sinodes so as maatstaf by ’n fyner beoordeling en in detail bespreking te gebruik, was as gevolg van die volgende redes baie moeilik:

(a) Verskeie Sinodes het oor die jare hieroor besluite geneem.
(b) Sommige van hierdie besluite word geraak deur ’n Beswaarskrif wat by ’n volgende Sinode geslaag het.
(c) Besluite wat geneem is, is dikwels as deel van ’n groter besluit baie algemeen geformuleer en kan verskillend verstaan word.
(d) Belangrike uitsprake oor beginsels m.b.t. beryming/omdigting is ook nog te vinde in Beswaarskrifte wat of geslaag het of afgewys is.

Dit was daarom vir die Deputate duidelik dat daar in die soeke na “rus en vrede in ons kerke” oor die omdigting, ’n groot behoefte bestaan vir ’n duidelike besluit van die kerke oor die prinsipiële sake met betrekking tot beryming/omdigting. Dit sou sekerlik belangrik wees dat so ’n besluit al die besluite van vorige Sinodes goed formuleer en saamvat en ook dat dit ook oor detail besonderhede handel waaroor daar tans vrae bestaan.

Daar is egter sekere besluite van die Sinode oor prinsipiële sake waaroor daar geen onduidelikheid is nie en waarmee die beswaardes nie saamstem nie. Wanneer hierdie besluite deur die “kundiges” nader verduidelik en gemotiveer is en die broeders het nog steeds nie daarmee vrede gehad nie, is saamgestem dat die broeders dan maar die weg van ’n Beswaarskrif teen hierdie besluite moet volg.

1.4.2.3 <u>Kerkregtelike sake</u>

Dit was vir die Deputate duidelik dat daar by die beswaardes ongelukkigheid bestaan oor die wyse waarop die omdigtings deur die Sinode goedgekeur is en ook oor die wyse waarop Beswaarskrifte teen besluite rakende die omdigtings, gehanteer is. Dit was die vaste voorneme van die Deputate om, nadat die prinsipiële sake aandag gekry het, saam met “kundiges” aan hierdie sake wat meer op die kerkregtelike terrein lê, aandag te gee. Die bespreking van die prinsipiële sake het egter soveel tyd in beslag geneem dat daar werklik nie tyd voor was om die kerkregtelike sake aan die orde te stel nie.

Besluit: Kennis geneem van 1.1 tot 1.4.2.3.

2. Sake waaroor die Sinode moet besluit

Daar word in die lig van al die voorafgaande aanbeveel:

Dat die Sinode sy dank uitspreek teenoor sowel die "kundiges" as die "beswaardes" vir hulle poging om in samewerking met die Deputate oor die saak van die Psalmomdigting tot eensgesindheid te kom.

Besluit: Goedgekeur met groot waardering.

Dat die Sinode sy spyt uitspreek dat die doel van Sinode 2006 om te kom "tot helderheid, volle begrip en vrede, om mekaar ook hierin te vind" nie ten volle verwesentlik is nie.

Besluit: Kennis geneem

Dat die Sinode in die lig van 1.4.2.2 hier bo erken dat daar 'n behoefte bestaan aan 'n duidelike Sinodebesluit aangaande die beginsels wat moet geld by 'n beryming/omdigting en dat die Sinode Deputate aanwys om hieroor studie te doen en by 'n volgende Sinode hieroor te rapporteer.

Dat hierdie Deputate:

al die vorige Sinodebesluite aangaande beryming/omdigting goed formuleer en saamvat,

vasstel of daar m.b.t. beryming/omdigting beginsels is wat nie in die besluite ter sprake gebring is nie en indien wel, daaroor aanbevelings by die volgende Sinode doen en

vasstel of daar m.b.t. beryming/omdigting beginsels is wat ter wille van die "onrus" wat in die kerke ontstaan het (en waarskynlik ook ter wille van nuwe berymings/omdigtings wat in die toekoms voorgelê mag word), in meer besonderhede uitgespel moet word en dan daaroor aanbevelings by die volgende Sinode doen.

Besluit: Daar word nie weer opdrag aan hierdie Deputaat gegee nie.

Motivering:

a. Dit was 'n eenmalige opdrag wat uitgevoer is.
b. Die opdrag 'n versoenende karakter gehad het om "eensgesindheid" oor die hele saak van die Psalmomdigting te vind en dat die opdrag na die beste van die Deputaat se vermoë uitgevoer is. Daar word vertrou dat die fondament van versoening stewig gelê is en dat God die versoening sal bewerk (1 Kor 3:6 en Ef 4:32).

Besluit: Goedgekeur.

Dat die kosbare inligting wat na vore gekom het in die uitvoer van die opdrag van die Deputaat [prof HF van Rooy] in 'n mooi publikasie gestalte moet kry.

Besluit: Goedgekeur.

'n Besondere woord van dank en waardering vir die onbaatsugtige en deeglike werk van dr DG Breed in die uitvoering van die werk.

Besluit: Goedgekeur.

22.8 BESKRYWINGSPUNT STREEKSINODE BOSVELD OOR PRAKTYK OM SIONSLIEDERE IN EREDIENS TE SING (ARTT 52, 319)

FFFFFFF. Ds JH Grobler stel die Beskrywingspunt.
GGGGGGG. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na Kommissie Liturgiese Sake 2.
HHHHHHH. Ds LJ Buys rapporteer namens Kommissie Liturgiese Sake 2.

IIIIIII. **BESKRYWINGSPUNT**

1. Beskrywingspunt

Dat die praktyk om Sionsliedere in die gereformeerde erediens te sing, in samehang met bestaande Sinodebesluite en die kerkregtelike reëling van KO, art 69 deur die Algemene Sinode van die GKSA uitgeklaar word.

2. Motivering

Die besluit van die Nasionale Sinode van 2006 tot strukturele eenheid was 'n onvoorwaardelike besluit tot eenwording van al die kerke in Gereformeerde kerkverband in Suid-Afrika waarvan die volle konsekwensies nie op die Sinode 2006 bespreek is nie (Acta 2006:387 ev). Gevolglik is daar nie gesprek gevoer en besluit hoe die Kerke KO, art 69 gaan toepas nie.

Die eenheid in kerkverband moet ook in die liedere wat ons in die erediens sing, tot uitrukking kom (kyk uitgangspunt ten opsigte van eenheid Acta 2006:387, art 2.3.1).

Dit is algemeen bekend dat die kerke van die Nasionale Sinode Potchefstroom volgens KO, art 69 Psalms en Skrifberymings in die erediens sing, terwyl ook vereistes vir die Belydenis-berymde lied reeds op Sinode 2006 goedgekeur is. Dit is ook bekend dat Gereformeerde Kerke uit ander Sinodes (bv. die ou Klassis Capricorn) ander liedere in die erediens sing as wat gereël word deur KO, art 69.

Die Nasionale Sinode het vereistes gestel waaraan liedere moet beantwoord voordat dit in die erediens gesing kan word (bv. Acta 2006:557, art K2). Kerkeenheid binne een Sinode behels dus dat liedere wat in die erediens gesing word ook beoordeel sal word aan die hand van vasgestelde vereistes.

Hierdie aspek van kerkregering behoort op die gepaste meerdere vergadering bespreek te word omdat dit 'n saak is wat ons ten diepste raak in die geografiese eenwording van die kerke in een kerkverband na 2006.

3. Versoek

Die Algemene Sinode Januarie 2009 word versoek om leiding te gee en gesprekvoering daar te stel om hieraan aandag te gee by kerke wat Sionsliedere sing.

JJJJJJJ. **RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE**

1. Beredenering

1.1 <u>Oorsaak</u>

1.1.1 Dit is nie (soos motivering 4.1 van Beskrywingspunt aandui) die besluit oor die herindeling van Klassisse van 2006 (Acta 2006:387 ev) wat die problematiek rondom die sing van die Sions- en Lutherse liedere laat ontstaan het nie. Lank voor die herindeling van Klassisse (KO, art 48) was kerke uit verskillende kulture en tale reeds een kerkverband wat dieselfde Belydenis en Kerkorde onderskryf. Die kerke het mekaar rustig ruimte gegee vir die verskeidenheid in kerksangpraktyk, al was dit tegnies in stryd met KO, art 69.

1.1.2 Na die herindeling van Klassisse het die kerke van verskillende kulture in praktyk nader aan mekaar beweeg en het die verskillende sangpraktyke groter invloed op mekaar begin kry.

1.1.3 Die spanning/uitdaging/verskil in sangpraktyk het dus nie in 2006 ontstaan nie, maar slegs meer duidelik na vore gekom.

1.2 Die verskille in sangpraktyk is prakties van aard en spruit voort uit verskillende geskiedenis- en kulturele agtergronde en is nie prinsipieel van aard nie.
1.3 Die prinsipiële eenheid wat reeds bestaan, moet steeds meer praktiese gestalte kry
1.3.1 Die instrument wat ons het om aan hierdie eenheid 'n praktiese gestalte te gee, is KO, art 69.
1.3.2 Die onderlinge ooreenkoms in KO, art 69 (bedienende norm) om eenheid en waarheid in kerksangpraktyk te laat realiseer, dra tans eerder by tot die spanning in kerksangpraktyk. Die artikel stel die sing van alleenlik Psalms en Skrifberyminge as enigste wyse om aan die beginsels van waarheid en eenheid in kerksang binne die GKSA te voldoen.

2. Aanbevelings
2.1 Dat aan die Beskrywingspunt gevolg gegee word, en wel, in die lig van die beredenering, op die volgende wyse:
2.1.1 Dat Deputate aangewys word met die opdrag om elkeen van die verteenwoordigende kerke se unieke situasie en uitdagings oor kerksang in die liturgie te identifiseer en KO, art 69 toe te pas.
2.1.2 Hierdie te benoeme Deputate moet verteenwoordigend wees van al die verskillende kerkkulture, verkieslik kundiges rakende kerksang asook persone wat die tale van die bepaalde kerke magtig is.

Besluit: Goedgekeur. Aan die Beskrywingspunt word gevolg gegee.

22.9 BESKRYWINGSPUNT STREEKSINODE VRYSTAAT EN KWAZULU-NATAL OOR SIONSLIEDERE EN KO, ART 69 (ARTT 53, 320)

KKKKKKK. Ds PK Lourens stel die Beskrywingspunt.
LLLLLLL. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na Kommissie Liturgiese Sake 2.
MMMMMMM. Ds LJ Buys rapporteer namens Kommissie Liturgiese Sake 2.

NNNNNNN. **BESKRYWINGSPUNT**

1. Beskrywingspunt

Die Tweede Streeksinode Vrystaat en KwaZulu-Natal (November 2008) versoek die eerste Algemene Sinode (Januarie 2009) om, in die lig van die nuwe samestelling van meerdere vergaderings, die saak van KO, art 69 en die sing van Sionsliedere ordelik volgens KO, art 30 aan die orde te stel om kerke te lei ten opsigte van die regsinnigheid van liedere en die gebruik om net liedere wat as "Skrifberyminge" getipeer kan word in die eredienste toe te laat. Hierdie saak is nog nooit volgens KO, art 46 afgehandel nie.

2. Motivering

2.1 Die bundel Sionsliedere bestaan uit 'n getal van 449 liedere. Daar is met baie van die liedere 'n duidelike verband tussen die woorde in die lied en woorde in die Bybel. Dit is egter nie so dat elke lied 'n beryming van 'n bepaalde teksgedeelte is nie.

2.2 Dit wil voorkom of die liedere ook nog nie op 'n kerklike vergadering goedgekeur is vir gebruik in die erediens nie.

2.3 Die bepalings in die Kerkorde, art 69 is duidelik: "In kerke moet die 150 Psalms, die Tien Gebooie, die Onse Vader, die Twaalf Artikels van die Geloof, die Lofsange van Maria, Sagaria en Simeon gesing word. Ander Skrifberyminge wat die Sinode goedgekeur het, word in die vryheid van die kerkrade gelaat" (Kerkorde GKSA:28).

Dit is duidelik dat Artikel 69 Kerkorde hier in gedrang kom. Al die liedere kan nie die toets van 'n Skrifberyming slaag nie.

2.4 Die Sionsliedere is in verskeie van die Afrikatale gepubliseer, maar nie in Afrikaans of Engels nie. Dit veroorsaak dat ons in die beoordeling ook met 'n taalprobleem te kampe het.

2.5 In die lig van die reikwydte van KO, art 69 kan die Streeksinode nie hierdie saak afhandel nie en behoort dit deur die Algemene Sinode gehanteer te word.

2.6 Veral die kerke wat hierdie liedere gebruik sal 'n baie groter inset moet hê in die bespreking en oorweging en beoordeling van die bundel liedere.

OOOOOOO. **RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE**

3. Beredenering

3.1 Die verskille in sangpraktyk is prakties van aard en spruit voort uit verskillende geskiedenis- en kulturele agtergronde en is nie prinsipieel van aard nie.

3.2 Die prinsipiële eenheid wat reeds bestaan, moet steeds meer praktiese gestalte kry

3.2.1 Die instrument wat ons het om aan hierdie eenheid 'n praktiese gestalte te gee, is KO, art 69.

3.2.2 Die onderlinge ooreenkoms in KO, art 69 (bedienende norm) om eenheid en waarheid in kerksangpraktyk te laat realiseer, dra tans eerder by tot die spanning in kerksangpraktyk. Die artikel stel die sing van alleenlik Psalms en Skrifberyminge as enigste wyse om aan die beginsels van waarheid en eenheid in kerksang, binne die GKSA te voldoen.

4. Aanbevelings

4.1 Dat aan die Beskrywingspunt gevolg gegee word, en wel, in die lig van die beredenering, op die volgende wyse:

4.1.1 Dat Deputate aangewys word met die opdrag om elkeen van die verteenwoordigende kerke se unieke situasie en uitdagings oor kerksang in die liturgie te identifiseer en KO, art 69 toe te pas.

4.1.2 Hierdie te benoeme Deputate moet verteenwoordigend wees van al die verskillende kerkkulture, verkieslik kundiges rakende kerksang asook persone wat die tale van die bepaalde kerke magtig is.

4.1.3 Dat die gesprekke en besinning die inhoud, toepassing en moontlike verandering van KO, art 69 insluit.

Besluit: Goedgekeur. Aan die Beskrywingspunt word gevolg gegee.